

DWARSWINDE OP DIE KERKWERF

PROF DR HG VAN DER WESTHUIZEN
(REDAKTEUR)

Dwarswinde op die kerkwerf

Prof dr HG van der Westhuizen
(Redakteur)

Kital

© Kital
Posbus 460, Pretoria 0001
Eerste uitgawe, eerste druk 1984

ISBN 0 7986 1405 6

Geset, gedruk en gebind deur NHW-Pers, Pretoria-Wes

© Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelik verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of langs enige elektronies of meganiese weg weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of enige ander stelsel van inligtingsbewaring.

Inhoud

1. Ter inleiding *(Prof dr H G van der Westhuizen)* 1

2. Die verbond, Israel, die Jode en die kerk *(Ds E Engelbrecht)* 5

3. Die kerklike doop *(Prof dr H G van der Westhuizen)* 9

4. Enkele opmerkings oor die kerklike bediening van die heilige doop met besondere verwysing na die twee doopformuliere *(Prof dr P J Theo Koekemoer)* 29

5. Neerdaling ter helle, beproefde belydenis *(Ds P J van der Merwe)* 45

6. Neergedaal na die hel, diepe vertroosting *(Ds B J van Wyk)* 49

7. Opstanding van die vlees *(Prof dr D J Booysen)* 53

8. Chiliasme *(Prof dr S J Botha)* 57

9. Weergeboorte – Geloof – Bekering *(Dr J M G Storm)* 67

10. "Campus Crusade for Christ" – histories *(Prof dr S J Botha)* 72

11. "Campus Crusade for Christ" – teologies *(Prof dr D J Booysen)* 79

12. Geloof en genesing *(Ds G J J Labuschagne)* 87

1 Ter inleiding

Prof dr H G van der Westhuizen

Daar waai vandag weer sterk dwarswinde van dwaling oor die kerklike werf. Onvaste mense word rondgeslinger soos miswolke voor 'n stormwind. Deur die loop van alle eeue geld die vermaning om nie gou verward te raak en van stryk gebring te word nie (2 Tess 2:2). Die verkondiging moet steeds in ooreenstemming met die gesonde leer wees (Tit 2:1).

Aan 'n paar aktuele probleemareas word hiermee aandag gegee.

Die doop

In die Bybel sou volgens bewering net van grootdoop/belydenisdoop/geloofsdoop sprake wees. Ds Engelbrecht identifiseer voorop die raamwerk van die Bybelse verbondsvoorstelling. Daarna handel prof Van der Westhuizen oor die hele spektrum van die kerklike doop waarby prof Koekemoer aansluit met die beligting van die doopformulier.

Jesus Christus se neerdaling

Die twee gedeeltes hieroor van ds Van Wyk en ds Van der Merwe vul mekaar aan, omdat beide baie bondig is en klem op verskillende fasette lê. Hoewel hierdie belydenis, dat Jesus Christus neergedaal het na die hel (of soos sommige kerke nog bely: ter helle), nie só in die Bybel geformuleer staan nie, is dit die skerpste samevatting van die Bybelse verkondiging van Christus se lyde. Die feit van Jesus se mensheid, van sy geboorte tot sy begrafnis, soos dit in die *Twaalf Geloofsartikels* ook genoem word, som die kerk op deur te bely dat Jesus se menswording ter wille van ons verlossing, vir Hom, die Seun van God, hel op aarde was. Die beproefdheid van die eeue-oue belydenis en sy diepe vertroosting word opnuut belig.

Opstanding van die vlees

In die Bybel sou dan net sprake wees van hemelse liggame of geestelike liggame by die opstanding. Prof Booysen belig kort en duidelik die troosryke wete dat die kerk met sy belydenis wil beklemtoon dat ek in my hemelse liggaam by die opstanding nie 'n ander wese sal wees as hierdie ou ek-self nie. Die opstanding is nie vir my 'n ander-ek nie, maar 'n herbore ek. Die weergeboorte word dan vervul. Hierdie grootse verwagting van ons oudste belydenisskrif verdien voortgaande bepeinsing.

Antichiliasme

Omdat die kerk antichiliasties sou wees, word beweer dat 'n chilias nie sy lidmaatskap van die kerk kan handhaaf nie. Dit is 'n foutiewe stelling. Prof Botha dui duidelik aan dat die Ned Herv Kerk nie 'n eensydige amptelike standpunt oor hierdie randgebied van die Bybelse boodskap ingeneem het nie. Vir ons verlossing in Jesus Christus is dit nie nodig om oor sake wat nie die sentrum van die Bybel uitmaak nie, en selfs maar 'n enkele keer of wat met veel eksegetiese probleme genoem word, kerkskeuring te veroorsaak nie. Indien 'n mens om leersake jou rug op 'n kerk draai en daarmee saam ook nog 'n groep mense saam sleep, is jy òf besig om jou te distansieer van die valse kerk (*Nederlandse Geloofsbelydenis*, art 28) òf om kerkskeuring te veroorsaak, wat natuurlik teen die gees van Jesus se hoëpriesterlike gebed vir die eenheid van die dissipels is (Joh 17).

Baie gelowiges voer 'n stryd oor die vraag of Jesus se weerkoms met 'n duisendjarige vrederyk opgevolg gaan word (chiliasme) of voorafgegaan gaan word (antichiliasme). Leef ons in die huidige oorlogstye reeds in 'n vrederyk, omdat dit die tyd is van die uitbreiding van die evangelie van vrede en dat Christus in die hart van die gelowiges die satan bind (a-millennialisme), of gaan ons 'n tussentydse voor-ewige vredetyd met Jesus se weerkoms tegemoet (premillennialisme)? 'n Derde standpunt is die evalusionêre post-millennialisme, naamlik dat die evangelie 'n ontwikkeling bring wat gaan uitloop op 'n vrederyk waarná Christus dan kom.

Paul Kruger, onder andere, was 'n chilias. Een van die ou skrywers, W à Brakel, is graag deur ons voorgeslagte in die vorige eeu gelees. Hy was 'n chilias en is daarin deur die stigter van die Gere-

formeerde Kerk in Suid-Afrika, ds Dirk Postma, nagevolg. Op hierdie wyse het die ou president die chiliastiese sienswyse gehad. Nadat Pretoria deur die Engelse ingeneem is, het Kruger van Machadodorp sy krygsoffisiere probeer bemoedig met 'n telegram op 20 Junie 1900. Hierdie chiliastiese telegram het soos volg gelui: "Het beest heeft macht gekregen om die Christenen te vervolgen, en die uit het geloof vallen, zullen buitenblijven en niet den heerlijken Kerkstaat ingaan en zoodoende uitgesloten worden uit het Hemelrijk wanneer de Kerk gesloten wordt volgens Openbaring; maar die in het geloof blijven en in de naam des Heeren strijden, zullen de kroon behalen en den heerlijken Kerkstaat van duizend jaar hier nog op aarde ingaan en zoodoende de eeuwige heerlijkheid." Niemand van hierdie figure het egter hulle kerk op grond van hierdie saak bedank nie.

Omdat die Ned Herv Kerk nog nooit 'n amptelike standpunt oor die chiliasme soos die N G Kerk in 1952 (*Kerkbode*, 5 April 1967) ingeneem het nie, kan niemand dit as bedankingsgrond uit die kerk aanvoer nie.

Ook die posisie van die moderne Palestina en die antichris kom onder hierdie afdeling aan die beurt. Ons moet tog steeds onthou dat by die waarneming van die sogenaamde tekens van die antichris die Bybel nie net mag funksioneer om tekens te identifiseer met die oog daarop om dan die tekens (voorwerpe) te probeer vermy nie. Die Bybel is daar om die gelowige te midde van die tekens van die tye en die aanslae van die antichris versterkend te vertroos.

Miskien moet Openbaring 20 se duisend jaar ten slotte eerder in die lig van Psalm 90:4 en 2 Petrus 3:8 en onder andere Sagaria 14 gesien word as die dag van die Here se finale gerig en vryspraak – en alles wat daarmee saamgaan.

Nog ander sake

Omdat daar ader sake is wat saam met bogenoemde probleemareas figureer, word hulle ook in hierdie publikasie aangesny. Bidure om 5 uur in die oggend, voortdurende prediking en gesprekke waar bekering waarskynlik die sentrale plek inneem, en ongebalanseerde Bybelstudie, doen soms die kerk voor as die sendingveld waarmee die bekeerde Christen in konfrontasie móét wees! Dis tog nie nodig nie! Hoewel kerkmense die evangelieverkondiging altyd moet hoor

en gehoorsaam, is daar 'n onderskeid tussen hierdie pastorale prediking en missionêre prediking waar nie-Christene tot geloof geroep word. In die pastorale prediking moet ook steeds die oproep tot die voortdurende bekering gemaak word, en daar moet ook daarmee gereken word dat nominale of naam-Christene in die gemeente die bekeringsroep moet hoor. Maar dit maak nog nie van 'n gemeente of 'n kerk 'n heidendom en van 'n gemeente van bekeerdes 'n volmaakte kerk sonder vlek of rimpel nie. Dr Storm bied in hierdie verband leesstof aan oor aanverwante sake soos bekering, weergeboorte en hervorming.

Charismatiese beweging of die kringe wat deesdae as baptistifikasiesfere gekarakteriseer kan word, is met 'n wisselwerkende aksie gewoonlik uiters vatbaar vir die nuweling, Campus Crusade. Campus Crusade is 'n parakerklike organisasie wat op die eie werf van kerke evangeliserende stimulering probeer gee. Professore Botha en Booysen gee aandag aan die historiese, teologiese en praktiese aspekte.

Orals waar die Christen se geloofsaksie in plaas van sy geloofsinhoud, naamlik Jesus Christus wat ons verlos, die hoofaksent verkry, speel genesings op grond van die aktiewe geloof 'n religieuse rol – net soos die grootdoop deur onderdompeling. Wie roem op sy bekering, verplaas daarmee sy roem op Christus. Dit word dikwels gevind by veral die sogenaamde pinksterkerke (asof die kerk van die Heer nie geheel pinksterkerk is nie!) en ook by die separatiste-kerke onder Swartmense. Ds Labuschagne behandel die tema geloof en genesing. Wie spesifiek oor wondergenesings en sogenaamde genesingsdienste meer wil lees, kan die doktorale proefskrif van ds Labuschagne by universiteitsbiblioteke naslaan. Dit sal DV binne 'n jaar beskikbaar wees.

2 Die verbond, Israel, die Jode en die kerk

Ds E Engelbrecht

1. DIE VERBOND EN DIE BYBEL

Kyk 'n mens na die Ou Testament en die Nuwe Testament vanuit 'n verbondsoogpunt, lewer hierdie hoek waaruit 'n mens kyk, ook 'n belangrike bydrae tot die verstaan van die verhouding Ou Testament en Nuwe Testament. In die eerste plek moet dan klem gelê word op die Ou Testament as deel van die Bybel van die kerk. Die Ou Testament is nie vergange interessante agtergrond vir die Nuwe Testament nie, maar eerste deel van God se profete-Woord aan Israel, die Jode en die kerk en daarom ook die eerste deel van God se profete-Woord ook aan die heidene. Los van sy tweede deel, die Nuwe Testament, het hierdie eerste deel vir die kerk nie voortgesette betekenis nie. Daar is in die skema van belofte en vervulling nie 'n voortsetting van die Ou-Testamentiese beloftes asof daar beloftes is wat nie in die Nuwe Testament vervul word nie. In die Ou Testament is nie 'n verbondslyn wat na die voleinding toe deurloop, onafhanklik van die Nuwe Testament nie. Die sentrale plek van Christus sou hiermee aangetas word. Hy is tog die vervuller van al God se beloftes. Daar is langs die beloftelyn van die Ou Testament wat in Christus voortgesit word, nie 'n ander stel Ou-Testamentiese beloftes wat parallel met Christus loop, maar nie op Hom uitloop nie. Ons moet die Ou Testament en die Nuwe Testament altyd sien as twee dele wat in een Bybel in mekaar se verlenging lê, omdat hierdie twee dele deur Jesus Christus aan mekaar verbind word. As Hy die Ou Testament nie in sy geheel aan Hom, en daarom aan die Nuwe Testament bind nie, is Hy nie die vervuller van die Ou Testament nie, maar net die deelsvervuller. Omdat Jesus 'n volledige vervuller is, bind Hy die Nuwe Testament ook aan die Ou Testament. As 'n mens mooi daaroor dink, kan daar nie 'n vervuller bestaan wat iets half vervul nie. 'n Mens sou dan 'n ander woord

moet soek. Omdat Jesus Christus al God se beloftes in die Ou Testament vervul het, maak Hy nie valse aansprake op 'n sentrale plek tussen die Testamente nie, en maak Hy ook nie aanspraak op 'n valse volmag nie. Die beloftes in die Ou Testament wat nog op vervulling wag, kan dus ook nie los van Hom vervul word nie. Om te beweer dat daar sulke beloftes is, gee aan die Ou Testament 'n selfstandigheid wat Christus se sentrale plek tussen die Testamente nie alleen bedreig nie, maar inderdaad vernietig. Die onhoudbaarheid van so 'n opvatting word dan ook duidelik as in die sentrale plek van Christus, Israel ook 'n beslissende rol speel. 'n Sirkel kan nie twee middelpunte hê nie. 'n Teologie wat Israel en Christus as middelpunt het, beskryf 'n ellips. Hierdie nuwe konstruksie is dalk mooi en sistematies, maar Christus se sentrale plek is hiermee vernietig. Die energie van die teologie word hiermee ook noodwendig verdeel. Onnodige tyd en aandag word nou aan Israel gegee. Maar die groot beswaar is nie teen die onnodigheid van hierdie denke nie, maar die dodelikheid daarvan. Waar Christus nie die hart van die kerk se nadenke en belydenis is nie, sal die dood intree.

Die nuwe beloftes van God wat vir die toekoms gemaak word, word deur Jesus Christus gemaak. Ook hierdie beloftes sal Hy vervul. Hulle sal dus in hulle vervulling aan Hom gebind wees. Hierdie nuwe beloftes van Christus staan nie los van God se verbondsbeloftes in die Ou Testament nie, maar is ten nouste daaraan verbind. Die verhouding tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament is nie 'n deels gesplete verhouding nie. Die Ou Testament loop nie ten dele oor in die Nuwe Testament en ten dele selfstandig voort nie. Die Ou Testament lê volledig in lyn met die Nuwe Testament. Die Ou Testament loop volledig op Christus uit en daar is nie los verbondslyne wat los van Christus, en daarom los van die Nuwe Testament, parallel met Christus en die Nuwe Testament na die einde toe loop nie. Die beklemtoning van so 'n toekomsverwagting is 'n ernstige roof van Christus se sentrale plek tussen die Testamente en 'n afkraak van sy volmagsposisie.

Die afkraak van die volmagsposisie van Christus in 'n teologie waar die verhouding tussen die Ou Testament en Nuwe Testament gesplete gesien word, word veral rondom die sending aan Israel duidelik. Waar God se verbondsbeloftes ook los van Christus parallel met die Nuwe Testament verloop, is breuk en bekering vir Israel ten aansien van Christus onmoontlik.

2. DIE VERBONDE EN DIÉ VERBOND

2.1 Die verbond met Abraham

As in lyn met die gesplete verhouding van die Testamente ook die verbond met Abraham gesplete gesien word, sodat sekere elemente van die verbond los van Christus en die Nuwe-Testamentiese gebeure nog vir Israel deurloop, is bekering vir Israel onnodig. Die klem lê dan op die ewigheid van die verbond. In die Bybel lê die klem nie op die ewigheid van die verbond nie, maar op die betroubaarheid van God. Redding beteken hier dan dat ewige besluite werklikheid word. Van bekering en breuk is hier nie sprake nie, want vervulling is hier die afloop van 'n ewige Godsplan. Dit is juis omdat die beloftes van God aan Abraham oor Christus loop dat die wat glo, kinders van Abraham is (Gal 3:7). Daarom sê Paulus dat omdat Christus Jesus aan die kruis gesterf het, ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het (vgl Gal 3:13v). Johannes die Doper en Jesus het juis die Jode se vertroue op die verbond met Abraham sterk afgewys, omdat die Jode gedink het dié verbond het nog binding los van Jesus (Matt 3:7–10 en Matt 8:5–13). Dit is nie die kerk en teoloë wat Israel as die eerste erfgenaam in die naam van die Christendom gaan onterf het deur die naam van die Christendom in die testament as enigste erfgenaam in te skryf nie. Die kerk het eenvoudig na Galasiërs 3:14 geluister. Wat opvallend is, is hoedat beide mense wat 'n gesplete verbond handhaaf en mense wat die grootdoop voorwaarde vir saligheid maak, Matteus 21:33–45 nie in hulle teologie verreken nie. Veral Matteus 21:43 is duidelik: "Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer." Hierdie volk is die kerk. Matteus noem die kerk nêrens Israel of die nuwe Israel nie, selfs ook nie Godsvolk nie. Maar dat die erfgename van Israel se koninkryk dié is wat in Jesus glo, maak Matteus baie duidelik. Hierom kry die kerk ook dieselfde omskrywende naam as Israel: mense van die koninkryk (Matt 13:38 vgl Matt 8:12). Koninkryk en mense van die koninkryk is verbondswoorde, want koninkryk van God is aanduiding van God se teenwoordigheid. "Mense van die koninkryk" is die omskrywing van die gelowiges as lojaal en gehoorsaam aan Christus.

Verstaan die Bybel self die verskillende verbonde as losstaande? Is party van die verbonde in Christus vervul, maar ander nie? Is party opgehef en ander nie? Vir Deuteronomium is die verbond met Abraham en die verbondsvernuwing in die vlaktes van Moab nie totaal verskillende verbonde nie. In Deuteronomium speel die toekenning van die land en die belofte van 'n nageslag net so 'n belangrike rol as in die verbond met Abraham (Deut 4:1, 25, 26, 40; Deut 6:17–18; Deut 7:12). Die verbond met Abraham en die verbondsvernuwing in Deuteronomium lê in mekaar se verlenging as belofte en vervulling (vgl Deut 1:8; Deut 6:10; *Deut 29:13;* Deut 34:4). Daar is dus nie verbonde wat in Christus vervul word, en ander wat nie in Hom vervul word nie.

As die verbondsteologie verwaarloos word, kom daar 'n verskuiwing in die hele teologiese struktuur. Die verskuiwing word veral in die praktiese Christelike lewe duidelik. Prakties verskuif die klem dan van God se aanbod om tot die verbond toe te tree na die mens se bekering en geloof as die belangrikste elemente tot toetrede. Die kerk word dan ook nie verstaan as 'n verbondsgemeenskap nie, maar as die gemeenskap van bekeerde mense. Christus word nie ontken nie, maar die bekeerde "ek" speel die belangrikste rol. Juis rondom die verbond is dit belangrik om Paulus se woord te onthou: "Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God se barmhartigheid." God se volk word nou uit Jode en ander nasies geroep (vgl Rom 9:9–29). In Romeine 9 is daar nie sprake van die toetrede van die bekeerde "ek" nie, maar van barmhartigheid en roeping. Dit is opvallend hoe God se beloftes aan Abraham en Israel in Romeine 9 deurloop na die kerk wat uit èn Jode èn heidene geroep word. Hierdie roeping loop nou egter oor Christus. Romeine 11:25–32 maak dit duidelik dat God die Jode nie totaal verwerp het nie. God trek sy genadegawes nie terug nie. Uit Romeine 9:11 word dit duidelik dat die Jode aan hierdie genadegawes net in Christus deel sal kry.

God se beloftes aan Israel in die Ou Testament loop nie dood nie, maar loop ook nie langs Christus, langs die Nuwe Testament of langs die kerk nie.

3 Die kerklike doop

Prof dr H G van der Westhuizen

1. INLEIDING

Op 18 Januarie 1525, nadat 'n dispuut die vorige aand in die stadsaal van Zürich, Switserland, ten gunste van die kleindoop beslis is, is die eerste anabaptistiese gemeente onder leiding van 'n voormalige Roomse priester, Jörg Blaurock, gevestig. Hulle het toe uitgewyk na die dorpie Zollikon. Die eeue-oue dwalinge en hewige emosies oor die doop ontstaan in die midde van die kerk, omdat kerkmense weens inspirasie en invloed van doopdrywers hulle stoot op die *tekens* en uiterlikhede van die sakrament, in plaas van die oë gevestig te hou op die *betekenis* van hierdie kerklike handeling. Die sakramente is immers heilige, sigbare tekens en seëls wat God ingestel het om te verseker dat alleen Jesus Christus ons verlos (HK v/a 66; Geloofsleer v/a 60). Abraham het die besnydenisteken ontvang as 'n seël wat bewys dat God hom regverdig verklaar het, omdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was (Rom 4:11). Die sakrament is nooit 'n teken van ons geloof nie, maar van God se daad aan ons. Dit verseël nie iets *van* ons nie, maar iets *vir* ons.

Waarom is daar van tyd tot tyd so 'n geweldige oplewing van afdwalendes uit die kerk uit weens doopbeskouings? Deels seker omdat die rustige kerkmense nie wil luister om hulle voortgaande grondig oor die doopleer toe te rus nie. Hulle ag dit nie nodig nie, omdat hulle mos nie 'n probleem met die doop het nie. Daarmee word vergeet dat hierdie houding juis die oorsaak van 'n probleem word. Daarby moet onthou word dat doopkennis, verbondskennis en alles wat daarmee saamgaan, 'n ontsaglike verryking vir ons geestelike lewe is – nie net om dwaalleringe te weerlê nie. 'n Ander rede vir die periodieke massa-toename in afdwalendes is die optrede van mense wat reeds betrokke raak in die dwaling. Hulle weier om te luister of luister hoogstens aggressief.

Mag hierdie leesstof 'n gids wees om verder die verwysings te gaan nalees, en ook om verder oor na te dink.

2. HOE DIE DOOP BEDIEN WORD

2.1 Benaminge vir die dope

Ons Kerk se belydenisskrifte gebruik onbevange Bybelse name vir die doop, soos byvoorbeeld: waterbad, afwas (HK Sondag 26, 27), afwas, begiet, besprinkel (NGB 34). Calvyn hanteer die begrip onderdompeling ook (Institusie IV, 15, 14 en IV, 15, 19). Ook ons eeue-oue doopformulier spreek van die onderdompeling en die besprinkeling.

Waarom maak die kerk van hierdie tweeledige benamingstradisies gebruik? Omdat ons die betekenis wat uit die Bybel aan die doop geheg word, met beide benaminge kan aandui. Die een benaming of doopwyse beklemtoon sekere aspekte, en die ander een weer ander. Die besprinkeling sluit aan by die gedagte van reiniging: ons is van ons sonde deur Christus se dood gereinig. Die onderdompeling sluit aan by die gedagte van weergeboorte: ons is van ons sondes as oue mens ontslae deur Christus se dood, wat ons 'n nuwe lewe gee. Maar gereinig en weergebore beteken beide: vir God geheilig, God-gewy. Die Bybel bied hoofsaaklik drie benaminge wat 'n doopmetode help bepaal.

2.1.1 Afwassing

Paulus gebruik in sy verdediging voor die volk, as hy sy bekeringsgeskiedenis verhaal, die term afwas by die doop (Hand 22:16). Ook die Hebreërbriefskrywer sê in verband met die doop dat ons liggame gewas is met skoon water (Heb 10:22). Alle Ou-Testamentiese reinigingseremonies word baptismoi (OAV wassinge, NAV reinigingsgebruike) ofte wel dopinge genoem (Heb 9:10).

2.1.2 Bad

Die term afwas en bad kan byna as wisselterme gesien word. Daarom kan beide saamgevat word met die woord onderdompel. In die Ou Afrikaanse Vertaling (OAV) het ons in Titus 3:5 die woorde "bad van die wedergeboorte", maar die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV) sê "die wedergeboorte wat die sonde afwas". Ook in Efesiërs 5:26 vertaal die NAV die woord wat in die OAV met waterbad vertaal is, met "die water (en die woord) ... reinig".

2.1.3 Besprinkel

Hierdie woord het 'n baie sterker Ou-Testamentiese geskiedenis ten opsigte van reinigingsgebruike as die woorde bad of afwas. Maar ook in die Nuwe Testament funksioneer dit sterk.

Hebreërs 10:22. Die letterlike vertaling van die OAV: "die harte deur besprenkeling gereinig ..." is met die betekenisvertaling in die NAV vervang: "Ons harte is immers gereinig". In die oorspronklike taal word met die woord rantizo, die reiniging as 'n besprinkeling aangedui.

Hebreërs 12:24: Die NAV maak van die OAV se "bloed van die besprenkeling" sommer een woord: besprinkelingsbloed.

Verder kan die volgende nagelees word: 1 Petrus 1:2; 2:9; Levitikus 4:6; 14:7, 18; 16:14; Esegiël 36:25.

Ook die priesterwyde het deur bad en besprinkeling plaasgevind (Lev 8:6, 30).

2.1.4 Keuse tussen metodes

Uit bogenoemde verwysings waar dit gaan om dieselfde soort saak, naamlik die uiterlike teken-handelinge van die reiniging deur God self, kan nie 'n afdwingbare metode van doop verdedig word nie. Die sentrum van die doop is immers nie in sy metode geleë nie, maar daarin dat die afwassing, bad of besprinkeling die bloed van Christus, wat ons reinig, aandui, nie vervang nie.

As die keuse sou val op besprinkeling, dan dui die besprinkeling die afwassing of die bad met die bloed van Christus aan. Ons kan hiermee die wassery of reiniging van die heilige voorwerpe vergelyk (Num 19:17–22; Mark 7:4, 8; Heb 9:10–22). Die voorwerpe is nie letterlik volledig gewas nie.

As ons gereinig is deur die bloed van Jesus Christus, hoef net ons voete gewas te word (Joh 13:10). Nogtans kan ons dit 'n bad noem, omdat dit na die volkome reiniging deur die bloed van Christus verwys. So praat ons ook van die nagmaal as 'n maal, 'n ete, terwyl dit 'n enkele brokkie brood en 'n enkele slukkie wyn is. By die doop dui 'n paar druppels water die bad van ons reiniging in Christus aan.

2.2 Doopgewoontes

Dit is hier van geen nut om die metodes van doop van die vroegste eeu tot vandag, of die metodes by die veelheid van godsdienste of ritusse na te gaan nie.

Kom ons kyk maar net na die enkele gegewens wat hieroor in die Nuwe Testament te vind is.

2.2.1 Rivier

Wanneer Johannes die Doper praat van Jesus se skoene wat hy nie werd is om los te maak of aan te dra nie (Matt 3:11), dui dit op die doopprаktyk om iemand kaalvoet in 'n rivier te laat staan met die doop. Nêrens is daar aanduiding dat die ander klere ook uitgetrek moes word en dat jy nakend of met spesiale doopklere aan, gedoop moes word nie.

Die rede waarom 'n rivier 'n aangewese doopplek was, is omdat 'n rivier vloei en vloeiende water is as rein water of lewende water gesien. Staande waterpoele, veral in Palestina met sy lae reënval, is besmet, onrein; dit bring siektes en die dood. Skoon water is dus ter wille van die simboliese betekenis noodsaaklik by die reinigingswassinge (Eseg 36:25).

Die rivier was dus nie 'n voorwaarde met die oog op die praktiese moontlikheid om te moet onderdompel nie. Die Jordaanrivier waarin Johannes die Doper gedoop het, het dikwels gestaan. Andersins was hy in vloed, op smal plekke diep en gevaarlik en op die breë bedding te vlak om vanselfsprekend te enige tyd te onderdompel. Deesdae is daar 'n keerwal deur onderdompeldoopaanhangers in die Jordaan gebou!

As die Bybel praat van in die water in gaan en uit die water kom (Hand 8:38, 39), dui dit as sodanig nie op onderdompeling nie, want dit word gesê van beide die dopeling èn die doper! Nee, beide het wel in die water gaan staan en dan het die doper die dopeling oorgiet.

Die hoeveelheid water, naamlik 'n rivier vol, is nie die voorwaarde vir die sentrum van die doop, naamlik die redding nie. Inteendeel. Soms spreek die Bybel van redding as doop waar die afwesigheid van water die reddingselement was en die aanwesigheid van water die doodselement. So is die redding van Noag en sy mense in die

droë ark 'n teëbeeld van die doop, terwyl diegene wat tydens Noag nie in die ark was nie, maar in die water, gedood is (1 Pet 3:20, 21). Ook het almal wat nie in Moses gedoop is nie, nie gemeenskap met God deur die middelaar Moses gehad nie, verdrink (1 Kor 10:2). Maar almal wat in Moses gedoop is, kinders ingesluit, is gered.

Vandag lees ons inderdaad kort-kort in die koerante dat dopelinge, selfs dopers, met 'n onderdompelingsplegtigheid in 'n rivier, verdrink het. Die doop is tog nooit in die minste bedoel as 'n risiko nie!

2.2.2 *Beskikbaarstelling van water*

Heel gou het daar in die Christelike gemeente afwyking gekom in die sin dat nie net 'n rivier as geskikte doopplek geag is nie.

In Jerusalem is op een dag omtrent drieduisend gedoop (Hand 2:41). Geen rivier of onderdompelingshandeling sou in daardie stadium op daardie plek die geleentheid verleen het om soveel so gou te doop nie.

In Filippi, by die tronk, in die nag, is onmiddellik die tronkbewaarder en al sy mense gedoop (Hand 16:33).

Enige plek op aarde, in die dorste woestyne, waar slegs 'n flessie drinkwater is, of in die ruimte waar satelliete sal sirkel met moontlike permanente inwoners aan boord, sal gedoop kan word – al is geen bad of dam of rivier vol water beskikbaar nie. As Filippus en die hofdienaar nie by oop water uitgekom het nie, sou nog niks hulle die doopbediening, met moontlik beskikbare drinkwater uit 'n fles, verhinder het nie (Hand 8:36, 37).

2.3 Woorde in verband met doop

Daar is geen mana-krag aan die doophandeling of aan die woord doop nie. Hierdie woord, wat 'n vertaling is van wat Jesus in Matteus 28:19 gesê het die kerk moet doen, dui in sy gelaaide betekenis dieselfde aan ons wat ander Bybelse woorde aandui. Om in Jesus se doop gedoop te wees (Rom 6:3–6; Kol 2:11, 12), dui aan dat ons aan Hom verbonde is in sy dood, opstanding en lewe. En hiervoor word ook ander beelde gebruik, byvoorbeeld om beklee te wees met Christus (Gal 3:27).

2.3.1 *én*

In Matteus 3:11 byvoorbeeld sê Johannes die Doper dat hy "met water doop" en dat Jesus "met die Heilige Gees en met vuur" sal doop. Die Griekse woord *én* kan ook met "in" vertaal word, maar ook, soos in hierdie geval, met "met". Hierdie voorsetsel dui die instrument aan waarmee gedoop word en nie 'n element waarin nie. Dié formulering sê dus werklik niks oor die wyse waarvolgens gedoop moet word nie. Maar toe die besprinkeling as dooppraktyk ontstaan het, is op die voorhofies gedoop, omdat die Heilige Gees in die teken van vuurtonge op (die hoof van) elkeen van die pinkstergemeenskap gekom het (Hand 2:3).

2.3.2 *baptizo*

Soms word beweer dat 'n predikant nie die kind doop nie, maar sy vinger! In die Bybel is daar voorbeelde van hierdie laasgenoemde indoop. In Lukas 16:24 word berig van die ryk man wat in die doderyk smeek dat Lasarus moet kom om die punt van sy vinger in water in te doop om die ryk man se tong te verkoel. Ook in Johannes 13:26 word indoop gebruik vir die stukkie brood wat Jesus aan sy verraaier sou gee. In Openbaring 19:13 word van die ruiter op die wit perd gesê dat sy kleed in bloed ingedoop was. In al hierdie gevalle waar nie 'n simboliese handeling of die doopsakrament aangedui word nie, maar die werklike vorm of metode van die handeling bedoel word, word nie die woordvorm vir die doopsakrament gebruik nie, maar wel die stam in 'n ander vorm, naamlik bapto.

Die woord batpizo vir doop, dui dus nie meer die eksakte vorm of metode aan waarvolgens gedoop moet word nie, maar is 'n tegniese term.

2.3.3 *Die essensiële by die doophandeling*

Jesus sê dus inderdaad nêrens hoe die doop bedien moet word nie. Dis vorm. Ondergang, onderdompeling of besprinkeling – dis om 't ewe. Wat wel belangrike tekenhandeling is, is dat dit skoon water moet wees, in die Naam van die drie-enige God en offisieel deur die kerk. Indien só gedoop is, is herdoop nie net oorbodig nie, maar verbode. Die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, opgestel in 1561, sê in artikel 34: "Hierom glo ons dat as iemand die ernstige begeerte het

om die ewige lewe te verkry, hy maar eenmaal gedoop moet word met die enige doop sonder om dit ooit te herhaal, want ons kan ook nie tweemaal herbore word nie. Maar hierdie doop is nie alleen nuttig solank die water op ons is en ons die water ontvang nie, maar ook vir die ganse tyd van ons lewe. Daarom verwerp ons die dwaling van die wederdopers wat nie met 'n enkele doop tevrede is wat hulle maar eenmaal ontvang het nie en daarby ook nog die doop van die kindertjies van die gelowiges veroordeel..."

Net so onmoontlik dit is om herweergebore te word (Heb 6:4–6), net so onmoontlik is dit om herdoop te word. Calvyn se gedagtes hieroor in sy Institusie IV, 15, 16 kan soos volg opgesom word: Ook al is die doop deur die afgedwaalde Roomse Kerk bedien, is dit nog geldig, omdat dit eintlik nie die hand van die dwalende priester of predikant is wat doop nie, maar God se hand – wat nie gedwaal het nie. Die seël op 'n brief is belangriker as die briewebesteller. Die hervormers, soos Calvyn self, is dus nie weer gedoop omdat hulle voorheen in die Roomse Kerk gedoop is nie. Net so is geen Israelitiese kind in enige geval herbesny omdat 'n afvallige priester dit voorheen gedoen het nie. Dit is God se Naam wat aangeroep word by die teken-handeling en nie die naam van die dwalende kerk, priester of predikant nie.

Die Didache, 'n geskrif uit die einde van die eerste eeu, meld dat water drie maal oor die hoof gegiet word.

God kan en doen dit steeds om met 'n krom stok 'n reguit hou te slaan.

3. WANNEER DIE DOOP BEDIEN MOET WORD

Die bepaling van die tydstip van doopbediening hang nie primêr af van die geloofsreaksie of enige handeling, toestand of prestasie van enige mense nie, maar van God se optrede. Daar waar iemand deur God se genade in sy verbond ingebring word, daar en dan moet die doop God se handeling be-teken. Kom ons kyk na 'n paar voorbeelde om hierdie stelling te verstaan.

3.1 Besnydenis

Die besnydenis was die verbondsteken van die ou administrasie van die verbond van God met sy volk. Die besnydenis was nie 'n groot operasie nie, maar wel pynlik en bloedig (Eks 4:24–26). Die besny-

denis het vir die Israeliet eintlik gesê: Jy is die dood skuldig. Die bloed is daarvan 'n teken. Maar die verwonding is egter klein en nie dodelik nie. Die Here hou op sny, want Hy wil spaar, red. Dit is sy genade. Jesus is egter nie gespaar nie. Hy ontvang die volle straf van die sonde. Jesus word dus uiteindelik tot die dood toe besny. Dit is die doop waarmee Hy gedoop moes word en waarvoor Hy so benoud was totdat dit volbring is (Kuk 12:50). Water en bloed het uit Jesus se sy gevloei. Sy besnydenis, sy doop, was volbring (Joh 19:34). Die doopwater is vir ons die teken van Jesus se volbragte verlossingswerk. Dat die besnydenis van die ou verond sakramenteel heenwys na Christus se lyde en sterwe vir ons, word benadruk deur die offer wat elke keer tot reiniging van die moeder by die besnydenis gebring moes word (Lev 12:6–8; Luk 2:24). Ons belydenis sê dan ook: "... Soos die Here onder die wet beveel het om hulle kort na die geboorte deel te laat hê aan die sakrament van die lyde en sterwe van Christus deur vir hulle 'n lam te offer wat 'n sakramentele voorteken van Jesus was" (NGB 34).

Jesus se doodsgebeure is sy doop, in sy eie woorde. Paulus sê dit is Jesus se besnydenis. En dat ons aan hierdie besnydenis van Jesus deel het deur 'n besnydenis wat nie meer bloed van ons verg in 'n letterlike bloedige handeling nie, maar deur die doop (Kol 2:11, 12). Die doop kom só in die plek van die besnydenis omdat die doop van Christus, sy versnyding, in die plek van die besnydenis gekom het, ja die vervulling van die besnydenis is. Die doop is dus 'n analogie van die besnydenis.

Omdat die kerk nou op hierdie wyse die doop as verbondsteken van genade in die plek van die besnydenis sien, is die tydstip waarop die besnydenis bedien is, belangrik by die doop.

Abraham was 99 jaar toe hy besny is (Gen 17:24); Ismael was 13 jaar (Gen 17:25). Ons kan dit die groot-besnydenis (na aanleiding van die grootdoop) noem. Op die ouderdom waarop iemand in die ou verbond ingekom het, het hy die verbondsteken ontvang (Gen 17:26). Kinders van daardie verbondsmense moes met die eerste geleentheid, op agt dae ouderdom, besny word (Gen 17:12; Luk 1:59; 2:21).

Cyprianus berig dat die Sinode van Kartago (±250 n C) nie met die dope vir die agste dag wou wag nie, maar weens die kind se erfsonde dit direk na die geboorte wou doen!

3.2 Grootdoop

Net soos in die geval van die volwassenes wat die besnydenis ontvang het op die tydstip as hulle die verbond betree het, net so is alle heidene of Jode as volwassenes gedoop op die tydstip wanneer hulle die Christelike gemeenskap geloofsbelydend betree het. Die doop is dan nie 'n bevestiging of teken van hulle belydenis nie, maar 'n teken van God se genade wat hulle tot die belydenis gebring het. Die doop is nooit 'n belydenisdoop of 'n geloofsdoop nie, maar 'n genadedoop wat God se verlossingswerk aandui en nie die mens se prestasie nie.

In die situasie waarin volwassenes in die Nuwe-Testamentiese tyd gedoop is, doop die kerk nog steeds vandag volwassenes. Op die sendingakker waar mense tot bekering kom, dit wil sê die kraal van die opperherder binnegehaal word, ontvang hulle die merkteken van God se genade wat hulle wat daar ver was, geroep het (Hand 2:39; Ef 2:11–13). Sonder versuim word die doop bedien (Hand 22:16).

Sedert die begin van die vierde eeu het ouers hulle kinders se doop so lank moontlik uitgestel. Só het bekeerlinge ook gemaak omdat geglo is sonde ná die doop moeiliker vergeefbaar is! Augustinus het hierdie praktyk weer omver begin werp. In die sending is die neiging soms verkeerdelik om al vroeër te doop, sodat die heidene makliker met die tug reggeskaaf kan word as om hulle reg gepreek te kry!

3.3 Kleindoop

Die belofte van die genade van die Here is ook vir die kinders van hom of haar wat reeds die genade smaak (Hand 2:39). So was dit in die Ou Testament die geval en in die Nuwe Testament.

Waar iemand deur bekering die kerk binnekom of deur geboorte, word hy sonder versuim gedoop. As hy groot is, word hy nie eers ingespuit om kleinkoppie te trek nie. As hy klein is word hy nie eers uitgestoot om grootkop te word nie. Die doop is nie 'n bevestiging van ons kwaliteite nie, maar van God se genade aan ons.

Soos in die geval van Jesus se moeder, moes alle moeders na die sewe dae onreinheid op die eerste dag daarna, dit wil sê op die agste dag na geboorte, die seuntjie laat besny. Die beginsel hieruit is dat

ons verbondskinders die verbondsteken met die eerste ordelike geleentheid moet ontvang. Origines skryf in ongeveer 240 n C vier maal dat die kinderdoop vanaf die apostoltyd gebruiklik is.

As iemand, groot of klein, deur God in sy verbondskring ingebring is, en die verbondskring, ofte wel die kerk, versuim om die verbondsteken aan te bring, sal die verbondswraak nie uitbly nie (Gen 17:14; Lev 26:12–46). Let dus daarop dat dit nie die dopeling is of doopouers is wat iemand doop nie. Dis die kerk, aan wie die Here die opdrag gegee het, wat doop.

4. AAN WIE DIE DOOP BEDIEN MOET WORD

Mense van alle nasionaliteite, van enige geslag, van enige beroep of ouderdom moet gedoop word, indien die een belangrike kwalifikasie ontstaan, naamlik dat so 'n persoon deur Gods genade by die grenspos tussen die onbekeerde wêreld en die koninkryk van God gearriveer het. Daardie grenspos word genoem kerk en is geleë in die gebied van die verbond. Hoewel die verbonde van God met mense van mekaar onderskei kan word (bv Noagverbond, Abrahamverbond, Sinaïverbond, Moabverbond, Nuwe Verbond), kan hulle nie geskei word nie. Wesenlik het God één verbond met die mensdom. Met sy skepping het Hy Hom aan sy skepping verbind – en met die kroon van sy skepping, die mens, in besonder. Die mens is na sy beeld geskape, verbonde aan God, kind van God. Die sondeval het verbondsbreuk gebring. Dit het die volle wit lig van God se verbonde soos deur 'n prisma in die genadekleure van verskeie verbonde opgebreek. In die Nuwe Verbond (Jer 31:31) fokus Christus soos 'n brandglas die verskeie administrasies van dieselfde verbond weer tot een wit lig van volle verligting en verlossing. Al sou ons dan in die Bybel kan onderskei tussen nasionale verbond, vergifnisverbond, genadeverbond en so meer, drie basiese elemente bly tot in Openbaring 21–22 verbondsmatig funksioneer: verhouding met God, nageslag, land.

4.1 Vroue

Omdat mans oorwegend die hoofrolle in die Ou Testament speel, sou 'n mens verwag dat vroue nie in die Nuwe-Testamentiese tyd reeds op die voorgrond sou wees ten opsigte van so 'n belangrike

godsdienstige handeling soos die doop nie. Buitendien is, anders as by sommige ander volke, dogtertjies nie in Israel besny nie. Dit was voldoende as die mans besny is. Nogtans is ook vroue vanselfsprekend gedoop.

4.1.1 Handelinge 8:12

Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vroue is gedoop.

4.1.2 Handelinge 16:15

Sy (Lidia) en haar huisgesin is toe gedoop.

4.2 Alle geslagte

Nie net vroue en mans kan gedoop word nie, maar ook ontmandes wat deur die Ou Testament verbied was om in die heilige vergadering te kom. Vergelyk Deuteronomium 23:1; Lukas 14:21; Jesaja 56:3–5; Handelinge 8:26v.

4.3 Alle nasionaliteite

Jode – Handelinge 18:8; 1 Korintiërs 1:14; Samaritane – Handelinge 8:12; Asiate – Handelinge 16:15; Helleniste – 1 Korintiërs 1:16; 16:15; Grieke – Handelinge 16:33; Romeine – Handelinge 10:48; Afrikane – Handelinge 8:26.

4.4 Alle professies

Godsdiens-professioneles – Handelinge 18:8; politici – Handelinge 8; militariste – Handelinge 10:48; 16:33; handelaars – Handelinge 16:15.

4.5 Alle klasse

Offisiere – Handelinge 10:48; lediges – 1 Korintiërs 1:16; 16:15.

4.6 Alle ouderdomme

Volwassenes, gesinne, huishoudings, kinders – 1 Korintiërs 1:16 (die huisgesin van Stefanas); Handelinge 10:48; 11:14 (Kornelius en sy hele huisgesin); Handelinge 18:8 (Krispus en sy hele huisgesin); Handelinge 16:33 (tronkbewaarder van Filippi en al sy mense); Handelinge 16:15 (Lidia en haar huisgesin).

4.7 Kinderdoop

Die besnydenis van die ou verbond is aanvanklik groot bedien en daarna steeds aan proseliete ook groot. Net so is die doop aanvanklik groot bedien en tot vandag nog steeds groot aan bekeerlinge.

Maar net soos die besnydenis aan die kinders van die ou verbond bedien was, so word ook die doop aan Christenkinders bedien.

Die insluiting van kinders blyk uit die volgende.

4.7.1 Gesinsolidariteit

In die verbond van die Here word huweliksbande en gesinne veel meer as eenhede gesien as waaraan ons in die natuurlike lewe gewoond is. Paulus sê in 1 Korintiërs 7:14 "Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God."

Die prinsiep van 'n deel van die gesin, veral die gesinshoofde, wat die hele gesin by God se saak betrek, word ook in Romeine 11:16 in ander verband gestel: "As die eerste stuk deeg aan God gewy is, dan is ook die res van die deeg aan Hom gewy. En as die wortels van die boom aan God gewy is, dan is ook die takke aan Hom gewy."

4.7.2 Geen kinderdoopverbond nie

Teen die agtergrond van die kinderbesnydenis sou die kinderdoop 'n vanselfsprekendheid wees. Indien kinders nie by die doop van hulle ouers betrokke geag moes word nie, verwag 'n mens 'n uitdruklike aanduiding daarvan in die Nuwe Testament. Maar die teendeel is waar.

4.7.3 Doop in die plek van die besnydenis

Onder punt 3.1 het ons reeds aan hierdie saak aandag begin gee. Die argument word soms aangevoer dat as die kerk die doop in die plek van die besnydenis as verbondsteken sien, sonder dat die Bybel die só met 'n uitdruklike teks gebied, waarom het iemand uit die vroeë kerk dan nie op die Apostelvergadering (Hand 15) dit só gestel nie? Op hierdie vergaderng het dit tog oor die probleem van die besnydenis gegaan. Iemand kon mos net opstaan en sê die doop is in die plek van die besnydenis. Dan was die hele probleem opgelos.

Bogenoemde redenasie is te naïef. Die probleem wat op daardie vergadering onder bespreking was, is of Christene sowel van heidense as Joodse afkoms, hulle moet laat besny. Hoewel die basiese probleem ten opsigte van die heidene ontstaan het, bestaan die probleem ten opsigte van Christene van watter oorsprong ook al (Hand 15:1; Gal 2:14). Paulus en Barnabas het inderdaad hulle in 'n heftige meningsverskil verset teen die gedagte dat vir die Christene die besnydenis noodsaaklik is.

4.7.4 Christengesinne se kinders is nooit later gedoop nie

Indien die evangelie eers moet groei saam met kinders in 'n Christenhuis, tot dit volheid bereik deurdat dié kinders daarna as volwassenes hulle nuut laat doop, sou ons tog iets hiervan in die volle evangelie van die Nuwe Testament bemerk het.

Maar nie ten opsigte van een van genoemde gesinne hierbo of die gesinne van die duisende gelowiges van wie ons byvoorbeeld in Handelinge 2 lees, word vermeld dat uit hulle gesinne later volwassegeworde kinders gedoop is nie.

4.7.5 Geloofsdoop

Mense is geneig om van die geloofsdoop of die belydenisdoop te praat. Aanleiding daartoe is sekerlik geleë in die feit dat geloofsbelydenis en dope in die Nuwe Testament skynbaar aan mekaar verbind is. Markus 16:16 figureer baie sterk op hierdie punt: "Wie glo en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word." Vergelyk ook Handelinge 8:37.

Hierdie teks identifiseer die keuse wat gemaak moet word. Indien die kinders van 'n gesin nie by die geloofskeuse van hulle ouers betrokke is nie, sou die implikasie wees dat hulle in terme van Markus 16:16 veroordeel sal word. Dit is tog nie so nie.

Die volgorde in hierdie teks, naamlik geloof-doop, is vir baie aanduiding van die geloofsdoop. Maar dié volgorde is nie 'n heilsorde of van reddingsbelang nie. Die verlossing is nie 'n menslike orde nie, maar 'n genade-daad van God. My geloofsbelydenis is my uiting van hierdie besef en die doop is die teken van hierdie genade van God aan my. Die volgorde geloof-doop kan ook verander. In Matteus 28:19 is die orde wat Jesus aan sy dissipels opdra, om dissipels van al die mense te maak: doop hulle en leer hulle. Die volgorde hiervan is: doop-geloofsonderrig. In Johannes 3:5 verseker Jesus dat: "As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie." Die doopteken, water en die werking van die Heilige Gees, word in hierdie orde doop-Gees genoem en nie Gees-doop, geloof-doop, belydenis-doop nie. Ook in Kolossense word die orde: doop-geloof en nie: geloof-doop genoem nie.

Die volgorde waarin hierdie twee sake genoem word, is nie belangrik nie, maar die inhoudelike of betekenis van hierdie sake is belangrik.

Die kerk bedoel op grond van die evangelie met die doop die teken van God se onveranderlike genade en daarom is die doop onherhaalbaar. God het nie 'n teruggetrokke genade wat Hy herhaalde kere weer oor ons uitbring nie.

Die sakrament wat wel herhaalbaar is, is die nagmaal. Hiermee bely ons telkens ons swakke geloof. Dit is 'n belydenissakrament. Daarom gebruik ons onmiddellik na geloofsbelydenis nagmaal.

4.7.6 Merkteken

Die verbondsvolk is die kudde van die Here (Ps 23; Jes 40:11; Jer 23; Eseg 34; Heb 13:20; Op 7:17). Die Here is die goeie herder wat sy lewe aflê vir die skape (Joh 10:11). Aan die kerk is die opdrag gegee om die lammers te laat wei – nog vóór die opdrag: Pas my skape op (Joh 21:15). Die kindertjies (Matt 19:14), die lammertjies wat in die opperherder se kraal gebore is, is syne. Hulle moet sy merk dra.

Hulle word nie syne omdat hulle sy merk kry nie, maar kry sy merk omdat hulle syne is. Die doopformulier sê dit mooi: "dat hulle gedoop behoort te wees" – eintlik nie eers gedoop behoort te "word" nie!

5. HISTORIESE VERLOOP TOT OP HUIDIGE PRAKTYK

5.1 Vroegste ontwikkeling

Volgens die jongste stand van navorsing oor die doop, wil dit voorkom asof kindertjies dalk nie in die eerste twee eeu algemeen gedoop is nie. Miskien moet die rede hiervoor nie gesoek word in die feit dat kleindoop onderwaardeer is nie. Dit is die weg wat die wederdopers nou al vir 'n paar eeue inslaan. Omdat die kinderdoop deels volgens verkeerde metodes (besprinkeling) bedien word en deels omdat dit aan onbewuste persone bedien word, word daar oor- of weergedoop. Die verduideliking is dan natuurlik dat die tweede nou eers die werklike doop is. Die rede vir die afwesigheid van die kinderdoop lê waarskynlik in presies die teenoorgestelde, 'n oorwaardering van die doopomvang, gesien huidige praktyk.

Waarskynlik was die situasie so dat Jode wat tot die geloof in Christus gekom het, gedoop is – soos die heidene wat as proseliete tot die Joodse geloof oorgegaan het. Genoemde proseliete het egter ook die besnydenis as verbondsteken ontvang. Vir hulle was die doop 'n reinigingsbad (tebilah) en saam met 'n offer wat gebring is, die nagevolg van die ingelyfdheid in die verbond. 'n Joodse proseliet is dus besny, gedoop; en 'n offer moes gebring word.

Die Christen-Jode het aanvanklik voortgegaan om hulle babas te besny – wat inderdaad die verbondsteken was. Maar soos voorheen reeds vermeld, het die kerk heel gou besluit dat heidene wat gedoop word, by die geloofsbelydenis in Christus nie ook besny hoef te word nie (Hand 15). Alle offers het in Christus se offer verdwyn. So het die praktyk ontstaan dat heidene wat Christene word, van die drie dinge, net een behou het – die doop. En hulle kinders was by hierdie dope waarskynlik ingesluit gereken. By die proseliete-doop, waarvan in die rabbynse geskrifte van die eerste eeu uitdruklik vermelding is, is kinders wel ook almal gedoop. Ongebore kinders is egter nooit later gedoop nie, omdat hulle in hulle moeder se doop ingesluit geag is.

Wanneer die Nuwe Testament na gesinne verwys wat gedoop is, word dit genoem by name van die gesinshoof: Kornelius (Hand 10:44vv), Lidia (Hand 16:15), tronkbewaarder van Filippi (Hand 16:33), Krispus (Hand 18:8) en Stefanas (1 Kor 1:16). Die Joodse uitleg van die Ou Testament, genoem die Mishna, sê na aanleiding van die hoëpriester se reiniging van hom en sy huis dat "sy huis" "sy vrou" beteken. As ook van Lidia, 'n vrou, gesê word dat sy en haar huis gedoop is, kom daar straks 'n nuwe dimensie aan die lig. Dit is dat die gesinshoof genoem word om daarmee te kenne te gee dat almal wat uit hulle gebore word of onder hulle gesag is, dit wil sê aan hulle huishouding behoort, korporatief as gedoop beskou word.

Die nie-doop van kinders kan dus nie verklaar word deur te sê die kinders is as sondeloos beskou en hoef nie gedoop te word nie. Maar met die nie-doop is dan wel te bedoele dat as die wortel heilig is, is die takke ook heilig (1 Kor 7:14; Rom 11:16). Hierin lê miskien die rede waarom kindertjies van gelowiges vir byna twee eeue waarskynlik nêrens genoem word as individueel gedoop toe hulle klein was, of toe hulle grootgeword het nie.

Die situasie het algaande ontstaan dat daar 'n kerk was van heidene wat tot die geloof gekom het, maar nie besny is nie en hulle kinders en kleinkinders ook nie individueel gedoop is nie, en dat weinig of niemand oor lang periodes uit die heidendom oorkom en gedoop word nie. Ook onder die Jode-Christene is op dieselfde wyse die doopgeleenthede verminder. Onder hulle het ook die besnydenis verdwyn. Veral in die tweede eeu begin die kerk dan in hierdie situasie soek na 'n simbool of teken van God se verbond. Daar is definitiewe historiese gegewens wat aandui dat kinders waarskynlik so vroeg as 150 n C individueel gedoop is, en babas reeds om en by 180 n C, maar beslis voor 200 n C. Tertullianus het teen 200 n C beswaar geopper teen die doop van klein kinders. Besware teen iets word gewoonlik basies om een van twee redes gemaak: Omdat iets nuut nie aanvaarbaar is nie, of omdat iets wat oud is nie meer aanvaarbaar is nie.

Die kerk vind in sy soeke na 'n verbondsteken die oplossing in die kombinering van onder andere die Ou-Testamentiese verbondspraktyk en die Nuwe-Testamentiese bekeringsdoop. Die bekeringsdoop van Johannes die Doper is dus nie die alleen-ouer van die kerklike doop nie. Johannes se doop was voorlopig. Hy het dit self

geleer (Matt 3:11). In die Hervormde Kerk se *Lidmaatboek*, bladsy 4, staan dit mooi geformuleer: "Uit Handelinge 19:1–5 word dit duidelik dat daar van tweërlei doop sprake kan wees. Die eerste is die doop van Johannes, die doop tot bekering, die doop waarmee Jesus gedoop is. Die doop van Jesus deur Johannes beteken egter nie dat Jesus Hom moes bekeer nie. Hy het immers nie sonde gehad nie. Maar deur die doop van Johannes te ondergaan, beaam Hy die prediking van Johannes en word Hy *een* met die volk in hulle nood en skuld. Dit is dus nie die behoefte aan persoonlike reiniging wat Hom tot die doop van Johannes bring nie, maar die gemeenskap met almal wat reiniging en vernuwing nodig gehad het. Daarom antwoord Jesus as Johannes teëstribbel om Hom te doop '... jy moet dit doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen' (Matt 3:15).

"Die tweede soort doop is die doop in die Naam van die Here Jesus, soos Christus se opdrag dan ook gelui het. Dit is verder hier uit Handelinge 19:1–5 ook baie duidelik dat die doop van Johannes, dit is die bekeringsdoop, verbygegaan het, ongeldig geword het nadat Jesus sy heilswerk volbring het."

5.2 Basis van kerklike vooruitgang in die teologie

Dit is fundamentalisme of Biblisisme wanneer ons vandag die modelle wat uit Bybelse tyd kom net so wil oorplaas op ons tyd, te alle tye en te alle plekke. Die model van 'n sekere plek en 'n sekere tyd moet altyd aangepas bly om dieselfde onveranderlike vrag, inhoud of betekenis te kommunikeer. Omdat die lading die onveranderlike en ewige evangelie is, is die basis vir modellering die Woord van God en die Gees van God. Die Woord van God het in Jesus mens geword en die Bybel is die skriftuurlike gestalte daarvan. Daarom dat die Gees by Jesus en die Woord aansluit. "Hy (die Heilige Gees) sal julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek (Jesus) vir julle gesê het" (Joh 14:26). "Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei ..." (Joh 16:13). Vir die teologiese ontwikkeling om die doop in die plek van die besnydenis as verbondsteken in die kerk akkommodasie te gee, het die kerk 'n skriftuurlike basis in onder andere Handelinge 2:39 en Kolossense 2:11, 12 gevind. Só kon dan ook voortgaande uitvoering gegee word aan Jesus se opdrag om te doop (Matt 28:19).

Die reformatoriese vadere sê daarom in die doopformulier: "Aangesien die doop in die plek van die besnydenis gekom het ..." Die regverdiging vir die invoering van die kinderdoop in die vroegste eeue is dus geleë in teologies gesonde uitsortering van die skriftuurlike waarheid van die verbond.

Daar is baie voorbeelde van dergelike teologiese ontwikkelinge. Met baie daarvan het mense wat besware teen die kinderdoop het, vrede. Ons kan inderdaad vrede hê met elke ontwikkeling – mits dit op onbevange skriftuurlike beginsels berus. Ons noem 'n paar voorbeelde van Skrifgegronde kerklike evolusie.

5.2.1 Ampte

Die uitsortering van ampte het plaasgevind uit die vloeiende situasie van die Nuwe-Testamentiese tyd tot in presies die drie bekende ampte van leraar, ouderling en diaken.

5.2.2 Nagmaal

Die gemeente gaan lê nie op 'n vloerkombers, elkeen op sy linkersy en geniet in die aand die nagmaal nie. Dis ook nie net ampsdraers wat nagmaal gebruik, omdat Jesus dit met sy dissipels alleen ingestel het nie. Nêrens is daar ook 'n teks wat sê vroue mag of moet nagmaal gebruik nie.

5.2.3 Vrouedoop

Hoewel sekere volke wat ook die besnydenis-ritueel het, ook meisies besny het, is die babadogtertjies by Israel nie besny nie. As toekomstige of huidige of gewese vrou van 'n besnedene is sy by sy besnydenis ingesluit. Hoewel vrouens by die proseliete-doop gedoop is, is die verbondsdoop in hierdie verband 'n ontwikkeling op die besnydenis.

5.2.4 Drie-eenheid

Die leer van die Drie-eenheid, wat ook eers later ontwikkel en geformuleer is, is nie gegrond op 'n spesifieke teks waarin hierdie woord voorkom nie. Tog het dit 'n volledige skriftuurlike basis.

5.2.5 Sondag

Dat Sondag, en nie die sewende dag nie, die Christelike feesdag geword het, is 'n vanselfsprekende vroeë skriftuurlik gefundeerde ontwikkeling. Daar is geen teksopdrag daartoe nie, maar wel Bybelse aanleiding en aanduiding.

5.2.6 Teologiese opleiding

Nêrens sê die Bybel dat die kerk vandag 'n akademiese teologiese opleiding van soveel jaar aan sy predikante moet bied nie. Maar die ontwikkeling soos elkeen dit in sy tyd en omstandighede ken, vloei basies voort uit die Bybelse boodskap wat afgelewer moet word.

5.2.7 Katkisante-belydenis

Die Bybel sê nie dat kinders van gelowige ouers uiteindelik vir soveel jaar kerklik moet katkiseer en daarna geloofbelydenis doen en dan eers nagmaal mag gebruik nie. Ons praktyk is 'n ontwikkeling wat op Bybelse basis plaasvind.

5.2.8 Sakramente

Die benaming sakramente, die vorm daarvan, die vasstelling van die getal, die formulier daarvoor, en so meer is ook kerklike ontwikkeling op grond van Bybelse beginsels. Hier het ons juis 'n goeie voorbeeld dat die kerk diabolies inderdaad in sy ontwikkeling mislei kan word en dan het hy met afwykings te doen. Die Roomse Kerk het naderhand sewe sakramente gehad. Hervorming is juis om altyd die skriftuurlike basis in die ontwikkeling onder leiding van die Heilige Gees nooit te verlaat nie. Sola Scriptura. Tota Scriptura. Die Skrif alleen. Die hele Skrif.

5.3 Slotgedagtes

5.3.1 Genadebelydenis

Die kerk wil met die doop van volwassenes wat na die kerk kom, en met elke kind wat deur geboorte in die kerk inkom, 'n genadebelydenis doen. Wanneer 'n volwassene geloofsbelydenis doen, bely hy

sy geloof in God van wie hy besef met hom gehandel is. Wanneer iemand gedoop word, is dit 'n genadebelydenis van *die kerk;* 'n belydenis van God se genade aan die dopeling.

5.3.2 Gretige verwagting

Die genadebelydenis van die kerk moet so gou as moontlik gedoen word. Die verbondsgenadebelydenis se teken, die doop, moet as 'n voorreg met vreugde opgerig word. Die ou verbondskinders is op die agste dag, dit wil sê met die eerste geleentheid, soos voorheen verduidelik, besny – of dit op 'n sabbat val of nie (Luk 2:21; Joh 7:22–23).

5.3.3 Inhoud van die genadebelydenis

Die inhoud van die doop as genadebelydenis lê in die Naam van die drieënige God in wie se Naam Jesus gesê het die kerk moet doop (Matt 28:19). Hierdie drie-eenheidsnaam Vader, Seun, Heilige Gees korreleer met die doksologie of verheerlikingslot van die Onse Vader-gebed soos in die Ou Afrikaanse Vertaling van Matteus 6:13.

Die doop spreek vertroostend in ons nietige lewe van God se koninkryk, krag en heerlikheid, tot in ewigheid.

Vriend, lê in nood en dood, altyd, jou hand op jou hoof, waar jy gedoop is, en weet...

6. VERDERE LEESSTOF

6.1 *Nederlandse Geloofsbelydenis* art 34.
6.2 *Heidelbergse Kategismus* Sondag 26 en 27.
6.3 *Dordtse Leerreëls* 1 17.
6.4 *Doopformulier.*
6.5 *Lidmaatboek* bl. 3–14.
6.6 Prof dr F J van Zyl, *Doop- en huwelikskategese,* HAUM 1974, bl 10–39.
6.7 Ds A J van Staden, *Die leer van die Baptiste-beweging krities beskou,* HAUM 1980, bl 76–113.
6.8 Dr P G Geertsema, *Die Wederdopers weerlê,* HAUM 1978, bl 12–32.
6.9 Samelwerk, *Hervormde Teologiese Studies,* Augustus 1984, simposium oor Doop en Verbond – 'n terreinverkenning.

4 Enkele opmerkings oor die kerklike bediening van die heilige doop met besondere verwysing na die twee doopformuliere

Prof dr P J Theo Koekemoer

Ter inleiding: Reeds die Korintiërs verstaan nie die doop nie.

'n Versoek aan die leser: Sal u asseblief vooraf die volgende hoofstukke noukeurig lees: Genesis 17; 1 Korintiërs 1; Romeine 4; Galasiërs 6; Kolossense 2 en Hebreërs 8.

"Is Christus dan in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig of is julle in die naam van Paulus gedoop? Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Krispus en Gajus. Niemand kan dus sê dat julle in my naam gedoop is nie. Nee, ek het ook nog die huisgesin van Stefanas gedoop, maar verder weet ek nie of ek nog iemand gedoop het nie. *Christus het my immers nie gestuur om te doop nie maar om die evangelie te verkondig,* en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor" (1 Kor 1:13–17). Op hierdie Skrifgedeelte kom ons weldra terug.

1. NIE DIE DÓÓP NIE, MAAR DIE CHRISTUS-VAN-DIE DOOP!

Heel onlangs het ek geluister na 'n tipiese *"onderdompelingspreek"* opgeneem op band, 'n preek van 'n pastoor van die AGS. Glo my, as jy nie onderdompel is, onder die water verdwyn het nie, moet jy volgens die pastoor 'n diep ongelukkige, arme verlore sondaar wees. Dis net water en nogeens water, van voor tot agter. Tekste word ingespan om hierdie een wa te trek. En as jy nie op hierdie wa klim nie, is en bly die ewigheid vir jou gesluit! Dis al! Kant en klaar! En die pastoor swel van sekerheid; hy sê hy is in staat om teologiese professore en predikante te oortuig.

Ons is nie van plan om dieselfde fout te begaan as dié pastoor deur op ons beurt 'n *"besprinkelingspreek"* te hou teen sy "onderdompelingspreek" nie. Ons sal weldra aantoon dat die kerk in sy geskiedenis nog nooit die geldigheid van die onderdompeling as doopmetode in die praktyk van die doop ontken het nie. Dit is egter 'n "hartseersaak" om van tyd tot tyd te hoor en te lees hoedat die Christus-van-die-doop as 't ware in die waterbad verdwyn. Nie Hý nie, maar die dopeling en sy/haar ervarings word die aangrypende in die badgebeure!

Aan die einde van daardie bandopname van die pastoor staan een saak soos 'n paal bo die water van die doopbad: Hierdie mense het, soos so baie ander wat hulle rug op die kerk gedraai het, die een gemeenskaplike kenmerk om een bepaalde leerstuk uit die Bybel te neem en dit letterlik en figuurlik onder 'n vergrootglas te plaas. Ons noem slegs drie voorbeelde:

* Vir die Sewendedagadventiste (Sabbatariërs) wentel alles om die onderhouding van die Joodse sabbat, dit is ons Saterdag.
* Die Apostelgroepe sien die apostelamp as die allesoorheersende met die oog op die saligheid.
* Die pinkstergroepe (AGS en andere) en Baptiste leer en leef uit die onderdompeling van die volwassenes.

So het elkeen sy eie hoof-leerstuk. Die leerstukke van ons kerk wil alles uit die boodskap van die Bybel opbloei. Daarin staan sentraal wat in die sentrum hoort. Die sentrum is die leer aangaande God self, as Vader, Seun en Heilige Gees. Ons word immers gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees (Matt 28:19). Hý is die sentrum van al ons kerklike leerstukke. Só verstaan ons immers die Bybel. Kom ons sê dit anders: Nie een of ander *leerstuk*, hoe belangrik ook al, mag die sentrum wees van ons verkondiging nie. Nie 'n leerstuk nie, maar 'n *persoon*, Jesus Christus! Hý is die sentrale punt in die Bybelse boodskap. In verband met die doop lees ons dit onder andere in 1 Korintiërs 1. Wie en wat moet derhalwe die hart van die doop uitmaak? Waarom gaan dit eintlik?

In die volgende hoofstuk (1 Kor 2:2) sê die apostel: "Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie *as oor Jesus Christus en wel oor Hom as die gekruisigde."* Paulus gaan dus praat oor

die gekruisigde Heer; Hy is ook die opgestane Heer (1 Kor 15 in geheel). In die middelpunt van Paulus se ganse boodskap staan die lewende Christus wat vir ons gebore is, vir ons gely en gesterf het, vir ons begrawe is, vir ons opgestaan het, vir ons intree aan die regterhand van God die Vader; die Christus wat weer sal kom op die wolke van die hemel.

Omdat Jesus Christus, sý persoon én werk vertrekpunt en eindpunt van die boodskap aan al die gemeentes is, daarom vermaan Paulus sy probleemgemeente Korinte oor hulle siening van die doop; hulle wat geneig is om die *persoon* aan te hang, die persoon wat die doop bedien. Dit moet gaan oor Jesus Christus.

Dit het tot Paulus se ore gekom dat daardie gemeente sodanig verdeeld is dat een sê: "Ek is vir Paulus"; een: "Ek is vir Apollos"; een: "Ek is vir Sefas" en een: "Ek is vir Christus". Dit is dán wanneer hy vir hulle vra: "Is Christus in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig, of is julle in die naam van Paulus gedoop?" Dit is duidelik: In die gemeentelike verdeeldheid kom óók die heilige doop ter sprake: "Is julle in die naam van Paulus gedoop?"

'n Mens kry die indruk uit 1 Korintiërs 1:1–17 dat daar in Korinte mense moes gewees het vir wie álles om die doop gedraai het. Ons maak hierdie bewering omdat Paulus as 't ware hier uitroep: "Christus het my immers nie gestuur om te dóóp nie maar om die evangelie te verkondig ..." Dit sê hy direk nadat hy die name noem van mense wat hy gedoop het, naamlik Krispus en Gaius, asook 'n huisgesin. (Let wel: hy sê nie Stefanas *en sy vrou* nie; hy sê Stefanas en sy huisgesin, dit wil sê almal in daardie huis, man, vrou en kinders.) Dus: net 'n paar is gedoop!

In ons dae is daar vir die soveelste keer in die geskiedenis van die kerk 'n beroering oor die heilige sakrament van die doop. Wanneer Paulus aan die Korintiërs skryf dat Christus hom nie gestuur het om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, bedoel hy om die saak van evangelieverkondiging en die sakrament van die heilige doop in die *regte verband* tot mekaar te stel; hy bedoel sekerlik nie dat daar nie gedoop mag word nie. Hy sê immers dat hy wel mense gedoop het, maar verder weet hy nie of hy nog iemand gedoop het

nie. Die doop is vir hom nie die hoofsaak nie; die evangelie is hoofsaak. Wanneer hy met die mense praat, nou en in die toekoms, dan wil hy "oor niks anders" praat nie as oor Jesus Christus, die gekruisigde (1 Kor 2:2).

Dit lyk vir ons in orde dat die kerk hierdie verband tussen die heilige doop en die evangelie in dieselfde volgorde sal moet sien as Paulus, dat dit naamlik éérstens gaan om die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde Heer, en dán oor die doop. Dit lyk vir ons verder of Paulus tydens sy gesprekke met mense beslis nie die doop as die voorwaarde tot die saligheid gestel het nie, maar die belofte van die evangelie. Derhalwe was Jesus die hart en siel van sy preke én gesprekke. Dit klink 'n bietjie anders as wat vandag aan die gang is. Té veel mense het nie die Christus nie, maar die doop op die brein; dis hoofsaak waaroor hulle daagliks praat. Nader bepaald: Hulle sien eintlik die *metode* van doop, die *manier* van doop as die aller belangrikste (anders is jy verlore). Dáároor wil hulle praat, dáárvan loop hulle oor. Paulus praat net oor Jesus, maar húlle praat telkens oor *onderdompeling* van die *volwassenes.*

Die verband tussen die evangelie en die doop, het die kerk goed ingesien. Daarom getuig, bely en leer die kerk sedert die dae van die kerkhervorming (Ursinus en Olevianus) van die 16de eeu, dat die heilige sakramente sigbare *"waartekens"* en *"seëls"* is wat deur God ingestel is, sodat ons, deur die gebruik daarvan *die belofte van die evangelie des te beter sal verstaan.* Wat is hierdie belofte? Wat moes ons "des te beter" verstaan? Daar is net een antwoord moontlik: God, ons Vader, wil hê dat ons góéd sal verstaan dat Hy aan ons, op grond van die offer van Christus aan die kruis, die vergifnis van sondes en die ewige lewe uit genade sal skenk. (Vraag en antwoord 66 van die *Heidelbergse Kategismus).* Dís die taak van die kerk; só verstaan ook ons kerk die boodskap van die evangelie. Die kerk staan hier presies waar Paulus staan: Die sakramente staan "in diens" van die evangelie, dit *illustreer* aan ons op *sigbare* en *tasbare* wyse die evangelie wat ons met ons ore *gehoor* het. U het ook die woord "genade" gehoor. Uiteindelik is álles God se genade! Genade beteken guns, goedheid. God is goed vir ons, Hy doen aan ons die grootste guns denkbaar. Daarom verkies ons die woord "genade-doop" ver bokant die woorde "bekeringsdoop" of "belydenisdoop".

"Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen ..." Gesang 226: 1. By die doop is die uitgangspunt ons Vader se goedheid. Hý kom in die doop na óns toe. Ja, Hy kom na-ons-toe nog voordat ons na-Hom-toe kan gaan. Dáárin lê ons toe-koms!

2. DIE KERKLIKE LEER OOR DIE DOOP MET BESONDERE VERWYSING NA DIE FORMULIERE

2.1 Die kerk luister na die héle Skrif; nie slegs na los tekste nie

Nadat die kerk, as kerk van die hervorming, goed geluister het na die *boodskap* van die *hele* Skrif (nie slegs na 'n paar losstaande tekste nie), 'n boodskap wat begin in Genesis en nie in Matteus nie, het die kerk as luisterende kerk, belydend én lerend gesê wat hy gehóór het wat die Bybel sê. Daar is inderdaad 'n hele aantal "tekste" óók oor die doop van huisgesinne. Behalwe die huisgesin van Stefanas waarvan ons gelees het in 1 Korintiërs 1:16, is daar ook nog die vier gesinne van Kornelius (Hand 11:14–18), Lidia die purperverkoopster (Hand 16:15), die tronkbewaarder van Filippi (Hand 16:33) en Krispus (Hand 18:8). Die kerk luister egter nie slegs na 'n paar tekste soos hierdie vyf nie, maar eerder na *teksverbande*, ingeplant in die groot geheel van die gánse Heilige Skrif. Dán eers kry die tekste, óók bogenoemde vyf tekste, hulle vólle betekenis. In verband met die heilige doop het die kerk met sy oor op die Bybel die klop gehoor van o a die Bybelse *boodskap van die verbond*, 'n boodskap wat begin so vroeg as in Genesis, hoofstukke 12, 15 en 17, en wat deurloop tot die einde. Ons bedoel die verbond met Abraham die vader van *almal wat glo* (Rom 4:16). In die verbond met Abraham het ons te doen met 'n sentrale perspektief op die hele Bybelse boodskap. Die kerk kan daarom met vrymoedigheid bely en leer, op grond van hierdie verbond wat God opgerig het met Abraham en sy nageslag "en al hulle geslagte", dat óók die kinders in dié verbond ingesluit is, dit is immers 'n "blywende verbond" (Gen 17:7) wat uitreik tot vandag. (Hierop kom ons weer terug.)

2.2 Drie hoofpunte

Die kerklike formuliere oor die doop het 'n breër agtergrond as enkel en alleen die verbond. ('n Formulier is beide 'n belydenis én 'n lering van die kerk hoe die kerk die Bybel op 'n bepaalde saak, bv die doop, verstaan.) In die formuliere vir beide die doop van kinders en volwassenes, het die kerk *drie hooflyne* van die ganse Heilige Skrif direk raakgesien in die heel eerste sin (van albei formuliere), naamlik in die feite van die *sonde*, die *verlossing* uit die sonde en die *dankbare lewe* vir daardie verlossing. Ons weet van geen beter "definisie" van die Bybelse boodskap as hierdie drie begrippe nie: *sonde, verlossing, dankbaarheid.* Oor hierdie drie werklikhede praat die Skrif van Genesis tot Openbaring.

2.3 Die "indompeling in én die besprenkeling met die water ..." (Doopformuliere). Wat sê dit?

Hieroor moet ons breedvoerig wees, omdat hierdie lering van die kerk een van die twee stene des aanstoots geword het, waaroor baie mense gestruikel het. (Die ander "steen" is die doop van kinders, waarop ons ook later sal terugkom.)

Ter verduideliking wil ons net kortliks eers verwys na die twee "elemente" by die *nagmaal*, die klein stukkie brood en die een slukkie wyn. Waarom is *almal* tevrede dat die heilige nagmaal gevier word soos ons dit vier: 'n *maaltyd* met slegs een *klein* stukkie brood en *een* slukkie wyn? Die Bybel sê immers uitdruklik: "En terwyl hulle *eet*, het Jesus brood geneem en die seën gevra ..." Dus: 'n ete! Matteus 26:26. (Sien ook Luk 22:15–20 en 1 Kor 11:23–25.) Nogeens vra ons: Waarom is almal, ja ook Baptiste en AGS-mense, tevrede om die nagmaal (avond*maal)* te vier met daardie klein stukkie brood en daardie een slukkie wyn? Dis tog nie 'n máál nie... En waarom stel sommige dit dan as 'n voorwaarde tot die saligheid dat by die ánder sakrament, die heilige doop, onderdompeling in *baie* water, 'n *bad* vol water moet plaasvind?

Daar is net een regte antwoord aan hulle: Nie 'n vol rivier of 'n bad vol water of druppeltjies water kan as sulks, as wáter, ons sonde afwas nie. Die water besit nie só 'n krag nie. Net Jesus Christus kan; Hy kan deur sy bloedstorting tot ons versoening die sonde "afwas". Dit is

die *saak* waarop alles aankom: die versoening deur sy soendood. Sien u hierdie "tekening" voor u? Die sáák wat deur die simboliese handeling van die heilige doop *afgebeeld* word, sigbaar *"geteken"* word voor die oë van die gemeente, is die reiniging van die sonde deur sy soendood, sy bloed. Daar is *baie* "tekste" wat sê dat dit *die bloed* van Christus is wat ons reinig van ons sonde. Ons noem slégs 'n paar, ingebed in die *Bybelse boodskap van die versoening*. Romeine 5:9 "... nou dat ons geregverdig is in sy bloed ..." (Dit is sy *versoeningsdood.) 1 Korintiërs 11:25:* "Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed ..." (ou vertaling). Pragtig lees die nuwe vertaling: "Hierdie beker is die nuwe *verbond*, wat deur my bloed *beseël* is." (Beseël beteken dat dit *bevestig* is.) "Deur die bloed van sy Seun is ons verlos..."

(Lees ook: Kol 1:14, 20; Heb 9:12, 14; Heb 10:19, 29.) Die "bloed van die *besprinkeling*" verwys na die bloed van Christus: Hebreërs 12:24: So ook 1 Petrus 1:2: *"Besprinkel* met die bloed van Jesus Christus." Vergelyk verder: Hebreërs 13:12, 20; 1 Petrus 1:19; 1 Johannes 1:7; Openbaring 1:5 en 5:9).

Derhalwe: Selfs 'n kind kan verstaan dat al drie die "elemente" van ons sakramente ons *heenwys* na die liggaam en bloed van die Here. Die brood dui aan: "dit is my liggaam wat vir julle gebreek word"; die brood wys dus heen na sy liggaam. Die wyn (by die nagmaal) lei ons gedagtes na sy bloed. So ook die water van die doop, net soos die wyn.

Die kerk erken albei metodes van onderdompeling *in* die water en besprenkeling *met* die water, omdat die kerk uit die Bybel verstaan het wat die *eintlike saak* is waaroor dit gaan by die doop. Dié eintlike saak is nie die *elemente* van die brood en die wyn en die water nie, maar *die liggaam en die bloed van Jesus Christus*. Daarom sien die kerk saam met die reformatore die doop as 'n "teken". 'n Teken waarvan? Buitekant ons dorpe kry ons die tekens wat aandui dat hierdie pad koers neem na daardie of daardie plek toe. Die padteken is die "wegwyser" wat sê: dáár is die bestemming! Die doop is die teken wat sê hierdie "pad" wys heen na die *reddingsdaad van God deur sy Seun se bloedstorting*. Die water dui op die afwassing van die onreinheid vanweë die sonde: Wanneer die dopeling onder baie water ingedompel word òf met druppels water besprinkel word (besprinkeling wat ons maandeliks in ons kerke sien), dan wys hierdie

simboliese handeling van (indompeling EN) besprinkeling heen na die afwassing van ons sonde deur die bloed van ons getroue Saligmaker, ons Here Jesus Christus. Hy het sy bloed gestort aan die kruis op Golgota; Hy het dáár sy lewe vir ons gegee. Merkwaardig dat Jesus sy *dood* by geleentheid sy *doop* noem. Wanneer Jesus aan Jakobus en Johannes vra of hulle die lydensbeker kan drink wat Hy drink, of met die doop gedoop word waarmee Hy gedoop word, bedoel Jesus kennelik om heen te wys na sy eie kruisdood (Mark 10:38). Aan die Romeine (Rom 6:3), stel Paulus daarom die vraag: "Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?" Die eintlike "doop" het dus op Golgota plaasgevind. Van hierdie "doop" op Golgota is die waterdoop (besprinkeling én onderdompeling) 'n aftekening, 'n tekening, 'n heenwysing. Só, presies só sien die kerk die doop in die woorde van ons *Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 34.* "Hy (Christus) gee ons daarmee te kenne dat, soos water die vuilheid van die liggaam wegwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water gesien word op die liggaam van die dopeling as dit daarop gesprenkel word, die *bloed van Christus* deur die Heilige Gees dieselfde inwendig bewerkstellig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons as kinders van die toorn weergebore word tot kinders van God. *Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God...*"

Die *samevattende gevolgtrekking* uit wat tot dusver gesê is, word vertolk deur die reformatoriese kerklike leerboek uit *Heidelberg (Vraag en antwoord 70):* Op die vraag wat dit beteken om met die bloed en Gees van Christus, gewas te wees (verwysende na die doop), antwoord die kerk: "Dit beteken om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus wat Hy in sy offer aan die kruis vir ons gestort het." Hierdie belydenis, hierdie lering van die kerk, is ook opgeneem in 'n nuwe gesang, 'n lied wat die kerk biddend sing:

> "Waterdruppels *wys op bloed*
> wat gevloei het uit u wonde.
> U't vir kinders ook geboet –
> vir die erfsmet van die sonde.
> Neem ons kleines, maak hul, Here,
> koningskinders, U ter ere" (Ges 322: 2).

Dis egter hierdie laaste gedeelte van die gesangvers wat die tweede steen des aanstoots geword het vir sommige mense: Dat die kerk só kan dwaal om ook die kindertjies van gelowige ouers te doop! Daar word gesoek na tekste. Hulle sou nie graag wou hoor wat in 1 Korintiërs 1:16 staan, dat Paulus die *huisgesin* van Stefanas gedoop het nie. Dáár staan ook niks verder wat hulle graag daarby sou wou sien nie. Die apostel konstateer rustig dat hy hierdie *gesin* gedoop het.

Ons het egter gesê: Die kerk gryp hier terug na die *boodskap van die verbond.*

2.4 Doop en verbond

God self verklaar: "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag" (Gen 17:7). Die man met wie God hierdie *blywende* verbond maak, is Abraham. Nou word daar gesê óns het bloedweinig met Abraham te doen! Dis nie waar nie. Die Nuwe Testament praat 45 keer oor Abraham en elke keer in 'n gunstige verband! (Sien enige konkordansie as u dit wil nalees). Is Abraham nie die vader van *al* die gelowiges nie? (Rom 4:16). Die kinders is baie beslis ingesluit in dié verbond. Teken ("bewys") van hierdie verbond met Abraham is die *besnydenis.* Nêrens in die Nuwe Testament word die besnydenis geminag nie. Dit word juis as teken van die verbond met Abraham, met die doop in verband gebring. Die doop word nou die teken van die nuwe verbond. Kolossense 2:11, 12 en Galasiërs 5:2 en volgende. In die nuwe verbond, in Christus, word die kinders van die gelowiges gereinig deur die bloed van Jesus. Ook húlle word opgeneem in die gemeente. "Want wat God belowe het, is vir julle *en vir julle kinders* . . ." sê Petrus in Handelinge 2:39. (Vergelyk ook Hand 11:14; 16:31; Ef 6:1; Kol 3:20; Luk 23:28.)

2.4.1 Abraham saam met ons in die "genadeverbond"

(a) As Abraham dan die vader is van "almal wat glo", soos Paulus sê (Rom 4:16), dan is daar minstens 'n *geloofsverband* tussen ons en Abraham. Elkeen wat daardie één hoofstuk in die Nuwe Testament met aandag deurgelees het, daardie hoofstuk waar die "geloofshelde" van die Ou Testament die een na die ander vir

ons "geskilder" word, sal weet dat die "skildery" van Abraham uitstaan bokant al die ander (Hebreërs 11). Hierdie tekening van Abraham sluit ook aan by Matteus 8:11, Lukas 16:19–31 en Handelinge 7:2v; ook by Johannes 8:37–40.

(b) Hierdie verbond met Abraham het God opgerig enkel en alleen op grond van loutere goedheid, sy genade. Daarom kan die verbond genoem word die "*genade*verbond". ("Genade" beteken goedheid.)

(c) As teken en seël (merkteken en bewys) van die genadeverbond met Abraham, stel God die *besnydenis* in. Wie is besny? Die begrip "huis" word 'n paar keer gebruik by die instelling van die besnydenis:

(i) Elke *seuntjie* wat agt dae oud geword het (Gen 17:12). "Die wat in jou huis gebore is ..." (ou vertaling).

(ii) Elke *slaaf* wat as kind "in jou huis" gebore word (Gen 17:13).

(iii) "Al die *mans in Abraham se huis*, ... is saam met hom besny." Dit is sy slawe-mans (Gen 17:26).

Laat ons dit nou in gedagte hou: Wanneer die Jode sedert Abraham, in Jesus se tyd én tot vandag op hierdie dag en datum, hoor van "jou en jou huis", het dit óók die kindertjies, ja ál die kindertjies, ingesluit. Wanneer Josua by 'n *verbondsvernuwing* sê: "Ek en my huis, ons sal die Here dien" (Josua 24:15), sluit dit sy hele gesin in.

(d) Hierdie *verbondsteken van die besnydenis* was 'n eenmalige sakrament van die verbond met Abraham, of dit nou 'n Joodse kind of 'n kind van 'n slaaf was. Dit is nooit weer herhaal nie.

(e) Toe die *tye vervul was* met die koms van Christus, is die belofte van God aan Abraham ook vervul. "Dit is my verbond met jou: jy sal die vader wees van 'n *menigte nasies* ..." (Gen 17:4). Die ou bedeling is vervul, maar die verbond, wat 'n genadeverbond is, is *blywend* (Gen 17:7).

(f) *Wie en waar is egter die "menigte nasies"?* Paulus antwoord: "En onder hulle is ook ons, wat Hy nie net uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies geroep het. So sê Hy dan ook in die boek Hosea: Hulle wat nie my volk is nie, sal Ek roep om my volk te wees ..." (Rom 9:24, 25).

(g) Ons hoor die *opdrag van die Christus* aan die apostels (wat Jode was): "Gaan dan na *al die nasies* toe en maak die mense my dissipels: *doop* hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en *leer* hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het ..." (Matt 28:19 en 20a). Hier verskyn nou die doop as opdrag van die Heer van die "ware Israel" (Gal 6:12) van God. Hier by die doop staan ons middel in die *"nuwe verbond"* waarvan Jeremia 31 vers 31 praat. Van hierdie nuwe verbond is die doop die teken.

2.4.2 Die doop kom wél "in die plek van die besnydenis" (Formuliere)

Wat het egter van die besnydenis geword, noudat die doop ingestel is? Of het die doop dalk nie in die plek van die besnydenis gekom nie? Nee, sê Paulus uitdruklik: "Daardie mense wat so daarop aandring dat julle julle óók moet laat besny, wil maar net uiterlik 'n goeie indruk maak ... Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is. En almal wat volgens hierdie beginsel leef, *die ware Israel,* mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys" (Gal 6:12–16). Ook die gemeente in Kolosse (Kol 2:11, 12) moet hoor hoe en wanneer dit gebeur het dat die besnydenis verval het. Daar in Kolosse word die gemeente bitter lastig geval deur die Judaïste wat steeds die besnydenis eis. Paulus verduidelik presies hoe en wanneer dit gebeur het. *Dit het by die doop gebeur,* deurdat hulle toe saam met Hom begrawe is. Hy verduidelik aan hulle dat hulle wat gedoop is eintlik 'n *beter besnydenis* ontvang het, beter as die bloedige besnydenis wat tot dusver gegeld het deur hulle verbondheid aan Christus deur middel van die doop: "Deur julle verbondenheid met Hom is júlle ook besny, nie met die *besnydenis wat deur mense verrig word nie,* maar met die *besnydenis deur Christus,* en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. *Dit het by die doop gebeur* deurdat julle toe saam met Hom begrawe is ..." (Kol 2:11, 12). Laat ons daarom nou die moed hê om te erken dat die veelgesmade doopformulier van die kerk op Bybelse fondamente staan wanneer daar bely en geleer word dat die doop "in die plek van die besnydenis" gekom het. Laat ons egter ook nog meer moed aan die dag lê om 'n tree verder te gaan: Die besnydenis as teken van die verbond met Abraham is bedien *sodra die kind agt dae oud was.* Telkens staan daar geskrywe: "jy en jou huis". Dit was *ondenkbaar*

dat die kinders van ou Israel uitgesluit is uit die verbond. Waarom sou die klein kinders van die nuwe Israel van God, *die ware Israel"* (Gal 6:16) uitgesluit word? Waarom sou ons die moontlikheid dat daar kindertjies was in die *huisgesin* van Stefanas (1 Kor 1:16) ten ene male *wil* verwerp? Alleen die mense wat nie *wil* insien dat daar 'n beter besnydenis, naamlik die doop, in die plek van die bloedige besnydenis gekom het nie, alleen húlle sal kindertjies in die huisgesin van Stefanas wil wegwens. So word óók die kindertjies ingelyf in die *nuwe verbond* (Jer 31:31; Heb 8:8), nog steeds deel van die *genadeverbond* (soos ook die besnydenis 'n inlywing in dieselfde verbond was), om daarmee opgeneem te word as dooplidmate van die kerk van die Heer. Die nuwe verbond *in Christus* sluit direk aan, word eintlik verleng uit die ou Abraham-verbond om steeds as genadeverbond uit te beweeg tot die "menigte van nasies", die "ware Israel" van die Nuwe Testament. Die doop van die genoemde vyf huisgesinne pas derhalwe volkome in, in die eenheidsband wat figureer in die genadeverbond: "jy en jou huis".

2.4.3 *Wat leet die kerkgeskiedenis ons (kortliks); het die Christelike kerk van die eerste eeue wel kinders gedoop?*

Die antwoord is: Ja! Ons gee slegs enkele voorbeelde;

(i) *Irenaeus* van Lyon skryf ongeveer 180 n C sy geskrif "Adversus Haeresis" ("Teen die ketters") II, 22, 4 soos volg: "Want Christus het gekom om almal te red deur Homself, almal, d w s hulle wat deur Hom weergebore is tot God, *suigelinge, kinders,* jong en ou mense." Die Latynse uitdrukking deur hom gebruik: "nascati in Deum", "die wat in God gebore is" is 'n term wat by die *doop* gebruik is.

(ii) Nog duideliker skryf *Hippolitus* uit *die eerste helfte van die derde eeu* na Christus: "Eers moet die *kinders* gedoop word. Die wat in staat is om vir hulleself te antwoord, moet praat, maar vir hulle wat nie daartoe in staat is nie, moet die ouers of naasbestaandes die antwoord gee."

(iii) *Origenes* (185—254 n C) vermeld 'n paar keer dat die kinderdoop 'n *kerklike gebruik* is en sê: "Die kerk het van die apostels die oorlewering ontvang om *óók aan die kinders* die doop te bedien."

(iv) So vroeg as op die *Sinode van Kartago* (256 n C) het die biskoppe die kinderdoop as 'n gevestigde gebruik geken toe hulle besluit het dat dit so gou as moontlik na die geboorte moet plaasvind.

(v) Dit is egter by die geliefde kerkvader *Augustinus* (354–430 n C) dat die kinderdoop breedvoerig en grondig gestel word. Hy was in 'n groot stryd gewikkel teen die valse leraar, *Pelagius*, oor die erns van die sonde wat deur Pelagius verwerp is; Pelagius het daarom ook die doop van suigelinge verwerp. Vir Pelagius is sonde nie deel van die wese van die natuurlike mens nie; dis slegs iets uitwendigs, want die mens is van nature goed. Augustinus skryf: "As iemand in hierdie saak (van die doop) na die goddelike gesag daarvan vra, hoewel die hele kerk die doop beoefen, wat nie deur 'n sinode ingestel is nie en tog altyd onderhou is, glo ons dat dit nie anders nie as deur die apostels regstreeks tot ons oorgelewer is. Ons kan na die waarheid uit die besnydenis van die vlees deur die ou volk (Israel) opmaak wat die *sakrament van die doop van kinders beteken.* (Sy geskrif: "Oor die doop"; teen die Donatiste, 4, 21.) (Donatiste doop geen kinders nie; volwassenes wat klein gedoop is, word deur hulle weer-gedoop.)

(vi) Die *Sinode van Kartago* (418 n C) leer uitdruklik dat dit 'n dwaling is om nie kindertjies te doop nie.

LET WEL: Ons gevolgtrekking: Ongeveer twee eeue na die Nuwe Testament afgesluit is (Openbaring), vind ons wél die *kinderdoop as kerklike instelling.*

2.5 Die doop van volwassenes. (Die sogenaamde "belydenisdoop" of "bekeringsdoop".) Die verband tussen geloof en doop

Hier kan ons volstaan met enkele kort opmerkings:

2.5.1 Nog nooit in die geskiedenis van die Christelike kerk is die doop van volwassenes *ontken* nie. Die blote feit dat ons kerke 'n formulier het spesiaal met die oog op die doop van volwassenes, spreek van die beoefening van hierdie praktyk.

2.5.2 Nog nooit in die geskiedenis van die kerk is *die verband tussen geloof en die doop* van volwassenes ontken nie. Die doopformulier

stel dit baie duidelik. Nadat daarin gesê word dat die kinders van die gelowiges kragtens die verbond gedoop word, lees ons: "Dit is egter nie ge-oorloof om volwassenes te doop sonder dat hulle eers hulle berou oor hulle sondes *en hulle geloof in Christus* bely nie." Berou oor jou sonde impliseer dat jy jou bekeer tot die Here jou God. Om egter van 'n "bekeringsdoop" te praat, lyk al te veel of 'n bepaalde vorm van bekering (gewoonlik 'n vorm waarin die mens die beginpunt van die bekering is) as voorwaarde vir die doop gestel word. Dit is immers Gód wat deur sy *Woord en Gees* die mens tot bekering lei; die bekering begin by God. Dat die *geloof* as vereiste gestel word by die doop van volwassenes, die geloof wat gewek word deur Woord en Gees, daarmee het die kerk geen moeilikheid nie. Die kerk stel dit duidelik in genoemde formulier, op grond van die Bybel, dat Christus "boonop hierdie belofte daaraan toegevoeg het, naamlik dat hy wat glo en hom laat doop, *gered sal word.* Net so het ook die apostels *volgens hierdie reël* net dié volwassenes gedoop wat belydenis gedoen het van hulle berou en geloof" (Hand 2:38 en 41; Hand 8:36, 37. Hand 10:47, 48 e a).

Die vrae waarop die dopeling moet antwoord, impliseer geloof:

(i) *Glo u* in die enige ware God...?
(ii) *Glo u* dat u in sonde ontvang en gebore is...?
(iii) *Glo u* dat die Here Jesus Christus ... aan u deur God as Saligmaker geskenk is?

Wanneer die kerk egter die volgorde van "geloof ... doop" aanvaar en leer, soos bv Markus 16:16 leer ("Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word, wie nie glo nie, sal veroordeel word"), dan moet ons u tog ook opmerksaam maak om nie méér uit 'n teks af te lees as wat daarin staan nie, as sou dié volgorde *verabsoluteer* word. Vir eers: volgorde as sulks gaan nie altyd op nie: Byvoorbeeld Romeine 10:9 kan nie in *volgorde* geld nie: "As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo ..." In volgorde van tyd, lyk dit hier of 'n mens éérs met jou mond bely en daarná glo jy. Dis tog onmoontlik! 'n Mens glo éérs met jou hart en dán bely jy met jou mond! Dit is wél duidelik uit Markus 16:16, dat die geloof voorop staan; dit is primêr. Die doop kom eers daarna.

3. DIE DOOPBELOFTE VAN DIE OUERS

"Beloof u en is dit u voorneme, om hierdie kind, van wie u vader en/of moeder is, as hy tot sy verstand gekom het, in hierdie leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig?"

Wat baat dit as 'n mens sou sê dat hy die geloof het, maar hy het nie die werke nie? Dit is die grondtoon van die breif van die apostel Jakobus. Geloofsléér vra geloofsléwe. Die Bybelse leer wat ons met die hart aangeneem en met die mond bely het, vra om konkreet te word in die daaglikse lewe. Ouers wat die erediens uitstap op pad na die wêreld daarbuite, stap direk binne in hulle huisgesinne; die volgende dag staan hulle saam met andere in hulle werkskringe. Hulle wat gedoop is, en nou weer hulle kindertjies laat doop het, moet die betekenis van die doop ook léwe. Ds J A Wormser het gesê: "Leer ons volk sy doop verstaan en die volk is gered." Hierdie "verstaan" moet in die ouerhuis begin. Nadat Moses sy volk opgeroep het om die Here God hulle lewe lank te dien en lief te hê (Deut 6:1–6), sê hy verder: "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op die pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande en dit moet 'n merk op jou voorkop wees" (Deut 6:7, 8).

4. 'N WAARSKUWING EN 'N OPROEP UIT DIE WOORD

4.1 Ons het aan die begin gesê dit gaan vir ons om *Jesus Christus* en Hom as gekruisigde. Aan die Efesiërs het Paulus laat weet dat hulle eerder *"na Christus toe"* moet groei. "... Ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as valse leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie. Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte *groei na Christus toe."* (Ef 4:14, 15).

4.2 Paulus het aan sy jong vriend en mede-arbeider Timoteus geskryf. Hy begin sy eerste brief deur te waarsku teen valse leerstellings (1 Tim 1:3–11). Hy sluit daardie brief af met nog eens 'n waarskuwing: "Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die "kennis"

soos dit verkeerdelik genoem word. Daar is mense wat daardie "kennis" aanhang en so van die geloof afgedwaal het" (1 Tim 6:20, 21 NAV).

4.3 Paulus herinner in sy tweede brief, Timoteus aan die geloof van sy ouers en hulle ouers: "Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is" (2 Tim 1:5 NAV).

Aan die Christelike kerk van vandag wil ons graag hartgrondig sê: "Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon" (2 Tim 1:14). En aan ons predikante in besonder: "Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas" (Tit 2:1).

5 Neerdaling ter helle, beproefde belydenis

Ds P J van der Merwe

Dit is nou al vir baie eeue dat die Christelike kerk in sy geloofsbelydenis bly dat hy glo dat Jesus Christus "neergedaal het na die hel".

Hierdie belydenisskrif van die kerk wat ons ook die *Twaalf Artikels* noem, staan ook bekend as die *Apostoliese Geloofsbelydenis*. Dit is so genoem na aanleiding van 'n legende waarin vertel word dat hierdie belydenis deur die twaalf apostels saamgestel is, net voor hulle vertrek vanuit Jerusalem na die sendingvelde. Daarvolgens sou elke apostel een artikel bygedra het. So het dit dan die naam *Apostoliese Geloofsbelydenis* gekry.

Hierdie belydenisskrif, die *Twaalf Artikels*, is so oud dat dit vandag moeilik is om die oorsprong daarvan vas te stel.

Ons weet egter dat hierdie belydenisskrif uit die Christelike gemeente van Rome afkomstig is.

Vra ons na hoe oud hierdie *Twaalf Artikels* is, dan is dit ook moeilik om daarop 'n definitiewe antwoord te gee. Sommige navorsers het daarin geslaag om spore van hierdie belydenisskrif op te tel, tot so vroeg as die jare 150 n C. Maar die geskiedenisbronne toon aan dat hierdie belydenisskrif alreeds in die vroeë Middeleeue, d w s vanaf die jare 500 n C in die kerk gedien het as 'n geloofsbelydenis vir volwassenes wat oorgekom het na die Christelike kerk. Na die opsê van hierdie geloofsbelydenis, is hulle en hulle kinders in die Christelik kerk ingedoop. En alreeds in die jare kort na 500 n C het dit 'n vaste element geword van die erediens of die godsdiensoefening. Vir bykans 15 eeue word hierdie *Twaalf Artikels* dus in sy huidige vorm in die godsdiensoefeninge van die kerk gebruik. En vir 15 eeue het dit die toets aan die Woord van God geslaag. Vir 15 eeue lank het ketters en dwaalleraars tevergeefs probeer om hierdie belydenisskrif van die kerk as onbybels en onwaar af te breek. Trouens, dit is só 'n kosbare erfbesit in die lewe van die kerk, dat hierdie belydenis deur die kerkhervormers van die 16e eeu in die katkisasieboeke van die kerk opgeneem is.

In die vierde artikel van hierdie *Twaalf Artikels* volg die belydenis dat ons glo dat Jesus Christus neergedaal het na die hel.

Omdat hierdie spesifieke belydenis in die laaste dae deur mense betwyfel en as onskriftuurlik afgemaak word, wil ons graag vir 'n paar oomblikke aandag gee aan die belydenis dat Jesus neergedaal het na die hel.

Watter Skrifgedeelte presies aanleiding gegee het tot die formulering van hierdie bepaalde belydenis, kan nie vandag met sekerheid gesê word nie. Sommige mense wil dit terugvoer na 1 Petrus 3:19–21, waarvolgens Christus in die doderyk die evangelie sou gaan verkondig het.

Maar tog is dit nie belangrik dat hierdie belydenis die direkte weergawe van 'n enkele Skrifgedeelte hoef te wees nie. Wat wel belangrik is, is die feit dat hierdie belydenis die slotsom is van 'n hele aantal gebeurlikhede binne die raamwerk van God se heilswerk in Jesus Christus. Met ander woorde, dit is 'n logiese afleiding vanuit die totale betekenis van Christus se heilswerk. Daarom verwys die kerk se leerboek, die *Heidelbergse Kategismus* (HK) nie na enkele tekste nie. Maar die HK verstaan hierdie artikel as 'n formulering, as 'n manier van sê, as 'n aanduiding van die onuitspreeklike benoudheid, pyn, verskrikking en helse kwelling waarin Jesus in sy hele lyding, maar veral aan die kruis versink het.

Die kerkhervormer Johannes Calvyn verwys in sy uitleg van hierdie artikel na die kruiswoord in Markus 15:34 toe Jesus om drie-uur die middag uitgeroep het "Eloï, Eloï lemá sabagtani?" Dit beteken "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Want dit is juis wat die hel is, dit is juis wat dit beteken om na die hel neer te daal, naamlik om in 'n toestand van God-en-mens-verlatenheid te kom. Ons moet dit nie so verstaan dat Jesus van die kruishout afgeklim het om letterlik, fisies, die hel daaronder te gaan opsoek nie. Inteendeel, die hel het daar aan die kruis in felle heftigheid teen Hom opgekruip. Sy neerdaling na die hel het alreeds by sy geboorte begin toe daar nie in die herberg tussen mense vir Hom plek was nie, maar Hy in die vreetbak van diere in 'n stal sy ontvangs in hierdie wêreld gekry het. Jesaja bring iets van hierdie hel van Jesus na vore as hy sê: "Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie. Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding

wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag en ons het hom nie gereken nie" (Jes 53:3).

Hieruit is dit duidelik dat Jesus reeds deur sy hele lewe van mense verlaat is en dat op die ou end, soos wat sy kruis nadergekom het, Hy dan uiteindelik van almal verlate sou wees ... Die wat nie weggehardloop het nie, het Hom verraai of verloën. Markus sê: "Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop. 'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan met 'n doek om sy lyf. Die mense gryp hom toe, maar hy het die doek gelos en kaal weggehardloop" (Markus 14:50–52).

So het Christus se hel of sy eensaamheid gaandeweg toegeneem. Totdat sy eensaamheid die toppunt bereik as God Hom ook verlaat ... as Hy dan in eensame verlatenheid uitroep: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"

Dit is wat die kerk verstaan met Christus se neerdaling na die hel; want dit is wat hel is, naamlik om van God en mens verlate te wees. Daarom noem die Bybel die hel ook: "die buitenste duisternis"; want God is lig. Waar God nie meer is nie, daar is dit volslae duisternis.

Ook ons klassieke nagmaalformulier sluit by hierdie betekenis van ons belydenis aan as hy sê: "dat Hy Hom aan die kruishout, na liggaam en siel, tot in die allerdiepste smaad en angs van die hel verneder het, toe Hy hardop geroep het: 'My God, my God, waarom het U My verlaat?' Sodat ons tot God geneem en nooit meer deur Hom verlaat sou word nie."

Maar wat egter vir ons baie belangrik is, is die feit dat hierdie belydenis van Jesus se neerdaling na die hel deur die *Kategismus* vir ons *'n vertroosting* genoem word. Iemand wat sê dat Jesus Christus nie neergedaal het na die hel nie, kan onmoontlik enige troos uit die evangelie kry. Want dit is juis wat Jesus se plaasvervangende lyding en sterwe vir ons beteken. As Hy die helse dood gesterf het, dan was Hy in die hel in ons plek. Want as Christus nie hel toe is nie, dan het Hy nie die volle straf op die sonde betaal nie ... dan het die res van sy heilswerk ook geen sin en waarde vir ons nie. Dan is dit tevergeefs dat u Kersfees vier, dan is dit tevergeefs dat u Goeie Vrydag en Paassondag onderhou het.

Die neerdaal na die hel en die oorwinning oor die hel is juis die hele fokuspunt van God se heilswerk in Jesus Christus. As ons die neerdaling na die hel verwerp, dan lê die ondraaglikste van die sonde vir ons nog voor ... 'n straf waaronder ons vir ewig sou versink. Maar God sy dank, u wat met hart en siel vashou aan hierdie eeue-oue belydenis, vir u is die volle losprys betaal en u kan onverwyld ingaan in die vreugde van die Heer.

6 Neergedaal na die hel, diepe vertroosting

Ds B J van Wyk

Die *Heidelbergse Kategismus* vra in vraag 44: Waarom volg daar: "wat neergedaal het na die hel"? Voordat op die vraag 'n antwoord verskaf word, is dit nodig dat daarop gewys word dat daar ook volg: "opgevaar het na die hemel"? Die *Twaalf Geloofsartikels* is ter sprake, as die belydenis van die geloof van die Nederduitsch Hervormde Kerk, asook ander kerke wat dieselfde geloof bely. Oor dié belydenis van die geloof van die kerk spreek die Hervormde Kerk hom in sy *Kerkwet* soos volg uit in artikel xi:

"1. In dankbare gehoorsaamheid aan die Woord van God wat deur die werking van die Heilige Gees bron en enigste inhoud van die prediking en reël van die geloof is, bely die hele Kerk in gemeenskap met die vadere, in die besef van sy verantwoordelikheid vir die hede en in die verwagting van die toekoms van die Here Jesus Christus, sy geloof in die drie-enige God."
"2. Die belydenis van die vadere word vervat in die Apostoliese Geloofsbelydenis,..."

Uit hierdie aanhaling moet dit duidelik wees dat die belydenis, in hierdie geval die *Twaalf Artikels*, nie die Woord van God wil vervang nie of dat die belydenis in die plek van die Woord van die Here as gesaghebbend aanvaar moet word nie. Die kerk spreek dit duidelik uit dat die bron van die geloof nog steeds die Woord van God is en sal bly. Die belydenis word deur die kerk aanvaar, omdat die belydenis die inhoud van die Woord van die Here korrek weergee.

Die vraag wat nou beantwoord moet word is: Is dit korrek om te bely dat die Here neergedaal het na die hel? Daar is by mense die antieke geloof dat die Here se lydensweg met die *Twaalf Artikels* kronologies beskryf word, en dat Hy na sy begrafnis op 'n tog deur die onderwêreld gegaan het om die demone hulle buit te ontneem

en die vromes onder die ou bedeling te voer tot die volle hemelse saligheid. Dit is dan ook gedeeltes van die Skrif soos 1 Petrus 3:19 en 4:6 wat veral die aanleiding moes wees van die geloof van Jesus se letterlike neerdaling na die hel. Ek haal die twee gedeeltes aan:

"En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig" (1 Pet 3:19).

"Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan die wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mens onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe" (1 Pet 4:6).

Die twee tekste uit die eerste brief van Petrus is seker die aanleiding en die agtergrond vir die letterlike verstaan van die hellevaart van Christus. Laat ek dan dadelik sê dat as daar mense is wat onder die indruk verkeer dat dit die inhoud is van die stuk van die geloofsbelydenis, vir ons kerk in elk geval, dan moet ek hulle ontnugter. Die kerk het dit nog nooit gesê nie en die kerk wil dit ook nie sê nie. As daar mense is wat sê dat die kerk dit sê, terwyl hy dit nie sê nie, dan is dit niks anders as moedswillige kwaadwilligheid. Dit is nie die bedoeling van die paar woorde op papier om hier op 'n volledige uiteensetting van die raamwerk van die twee Bybeltekste in te gaan nie. Ons kan volstaan deur te sê dat hierdie twee gedeeltes nie die gedagte van 'n letterlike hellevaart van Christus bevestig nie.

Miskien is deel van die probleem dat ons vanuit die sigbare wêreld oor die handelinge van God probeer nadink. Hier is tyd en ruimte vir ons belangrik. Daarom aanvaar ons dat Christus eers gesterf het, toe begrawe is en toe *neer*gedaal het na die hel. So aanvaar ons verder dat Hy na drie dae uit die dood opgestaan het en toe *op*gevaar het na die hemel. Eers af – dit wil sê in die aarde in, en toe op – dit wil sê bokant die wolke verby na die hemel. Dan kom ons by die ontdekking uit dat ons ook nie weet waar is die hemel nie, en dan is ons in die verleentheid. Ja, ons sal in die verleentheid wees as ons só daaroor dink. Die sogenaamde verleentheid verval as ons die Bybel aan die woord stel. Die Bybel sê nie waar die hemel is nie, maar sê dat daar 'n hemel is, die klem val op laasgenoemde. Net so sê die Bybel ook nie waar die hel is nie, maar dat daar 'n hel is. Dit is die plek waar daar geen kontak met God is of met die mense wat nog leef, waar die Here nie meer geloof kan word nie en waar die tyd van keuses en beslissings onherroeplik verby is. As mense

hierdie belydenis wil skrap, is dit 'n simptoom van 'n valse menslike optimisme wat baie graag met die hemel wil rekening hou en in die rekening met, en met die oog op, vergeet dat dit deur die *genade* van Christus gebeur. Dit is dan ook gerieflik om die genade minder skerp te stel, want anders is daar nie plek vir die vroom bekeerde mens nie, wat aan 'n gemeente behoort waar daar slegs wedergeborenes is, 'n gemeente sonder vlek of rimpel!

Hierdie artikel moet ten alle koste gehandhaaf word as 'n herinnering aan elke mens dat daar 'n plek van verdoemenis is, maar wat die gelowige sondaar nie hoef te vrees nie omdat Christus die Here, die Verlosser, se lyding so volkome was en so effektief dat ek, sondaar, die hel nie meer hoef te vrees nie. Daarmee is nie gesê dat daar nog 'n hellevaart nodig was na die bittere dood van die kruis nie, want dit wat die hel vir die goddelose mens is, het Hy reeds aan die kruis ervaar. "My God, my God, waarom het U My verlaat?" Markus 15:34. As daar nog 'n hellevaart nodig was, dan sou dit hierdie smartlike lyding van die Verlosser minder belangrik maak en sou dit beteken dat die kruisdood nie genoegsaam was vir die sonde van die wêreld nie. Die gesprek van Jesus met die moordenaar aan die kruis bevestig ook dat daar nie sprake is van 'n letterlike hellevaart na die dood van Jesus aan die kruis nie, "Vandag sal jy saam met My in die paradys wees" (Luk 23:43).

As ons kyk na die antwoord wat die kerk gee op die vraag: "Waarom volg daar: wat neergedaal het na die hel?", is die antwoord die volgende: "Sodat ek in my swaarste aanvegtinge daarvan seker kan wees en myself daarmee volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die helse benoudheid en pyn verlos het. Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike benoudheid, pyn, verskrikking en helse kwelling waarin Hy in sy hele lyding, maar veral aan die kruis, versink het" (HK 16 v/a 44).

Na my mening wil die kerk hiermee net sê dat die Here Jesus Christus die sondaar wat aan Hom glo, volkome van die magte van die sonde verlos het, en dat dit deur sy lyding veral aan die kruis plaasgevind het. Die kerk staan nie in die verleentheid met die artikel in die belydenis van die kerk nie. Dit staan daar as herinnering dat ons sondaars by uitnemendheid is wat vanweë ons dade die hel en die ewige verdoemenis verdien, maar dat vanweë die ingrype deur die lyding van Christus, ons nou kan leef met die vooruitsig op die volkome redding deur die verdienste van ons Verlosser. Daarom

steek ons nie vas by die hel nie, maar moet ons noodwendig ook by die belydenis van die hemel as die plek van volkome verlossing uitkom. Die belydenis van die hemel kry egter nog groter betekenis as ons die belydenis van die hel ernstig opneem. Genade het werklik betekenis as ons erns maak met die sonde. So hoort hemel én hel, sonde én genade tuis langs mekaar in die belydenis van die kerk.

7 Opstanding van die vlees

Prof dr D J Booysen

Die opstanding van die vlees word dikwels vanuit sekere sektariese groepe bevraagteken. Daar word dan ook sonder meer gestel dat dit nie aanvaarbaar kan wees nie. Dit is ook so dat in die geskiedenis van die kerk die saak dikwels aandag geniet het. Die Gnostici het dit verwerp. Origenes verdedig wel die opstanding, maar hy beklemtoon die geestelike aard van die opstanding. Augustinus stem aanvanklik saam met Origenes, maar hy kom later tot ander insigte. Die reformatore het saamgestem dat die opstanding so sal plaasvind dat daar 'n identiteit met die aardse liggaam sal wees.

Maar kom ons begin voor met die hele aangeleentheid, en dan kan ons net luister wat daar in die Skrif gesê word oor die saak.

In die tyd van Jesus se omwandelinge op aarde, was daar verskil van mening oor die opstanding. Die Sadduseërs het beweer daar is geen opstanding nie, terwyl die Fariseërs aanvaar het dat daar 'n opstanding sou plaasvind (Matt 22:23; Hand 23:8). Vir hulle teologiese kennis was hulle natuurlik aangewese op die Ou Testament. In die Ou Testament word dit reeds duidelik gemaak dat die dood oorwin sal word. Die bekendste uitspraak in die verband is seker Jesaja 25:8: "Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee." Verder kan in die verband ook nog gekyk word na uitsprake soos dié in Jesaja 26:19, terwyl dit aanvaar word dat die opstanding geïmpliseer word in Johannes 19:25–27 en Psalm 49:15; 73:24, 25.

Na die opstanding van Jesus Christus uit die dood, was dit nie meer 'n probleem vir die Christen nie: Jesus leef! Dit is opvallend dat daar by die dissipels nie twyfel was nie: Wanneer Hy aan hulle verskyn het, het hulle dadelik reageer. So verklaar die dissipels aan Tomas, wat afwesig was by die eerste verskyning van Jesus Christus: "Ons het die Here gesien" (Joh 20:25). Tydens die wonderlike visvangs verklaar die dissipel: "Dit is die Here!" Die Emmausgangers haas hulle terug na Jerusalem en verklaar aan die elf en aan ander

mense wat daar bymekaar was: "Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn" (Luk 24:34). By elke geleentheid waar die Here verskyn het, word daar op een of ander wyse verklaar dat dit die Here is (Matt 28:9; Joh 20:16, 19, 26) of gebeur daar iets wat sy identiteit bevestig (Luk 24:30–31; Joh 20:20). Daar is nie twyfel aan die opstanding nie, hulle het Jesus herken. Om hierdie identiteit nou nog verder bo verdenking te plaas kan. Ons verwys na Jesus wat self na sy merktekens van die gebeure op Golgota verwys het: "Kyk na my hande en my voete: Dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie. Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete" (Luk 24:39, 40). Oor die liggaamlike opstanding van die Here kan daar geen twyfel bestaan nie!

Nou kan ons vra: Wat beteken dit vir ons? Alles! Jesus se opstanding beteken dat sy versoeningswerk voltooi is, sy offer is gebring en aanvaar – sodat ons met God versoen kan wees. Hierin lê ons versekering dat ons ook sal opstaan. Wyle prof E S Mulder het een keer in 'n preek die hele aangeleentheid baie duidelik gestel. Hy het gesê: "Jesus Christus het die dood doodgemaak!"

'n Mens kan bykans nie oor die opstanding praat nie sonder om jou te wil haas na 1 Korintiërs 15. Nou lees ons daar in verse 20–22: "Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit die wat gesterf het. Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom. Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word." Nou kan daar sekerlik baie gesê word oor wat hier staan. Laat ons egter op twee belangrike punte die aandag vestig. Die eerste saak wat hier beklemtoon word, is die feit dat die mens ook sal opstaan uit die dood. Dit is die trant waarin die hele hoofstuk geskryf is. Dit staan vas. Die tweede aspek wat ter sprake kom en ten nouste aansluit by die eerste, is dat Christus hier genoem word, die eersteling uit die dode. Dieselfde gedagte vind ons terug in Kolossense 1:18, waar Hy die Eerste genoem word, en in Openbaring 1:5, waar na Christus verwys word as die eerste wat uit die dood opgestaan het. Eersteling en eerste dui daarop dat daar ander is wat gaan volg, 'n tweede, 'n derde – ja die gelowiges van God sal opstaan uit die dood!

Nou het ons in die voorgaande die aandag daarop gevestig dat Jesus opgestaan het. Hierdie opstanding was ook 'n liggaamlike opstanding. Daaroor kan daar nie twyfel bestaan nie. Die identifisering van die Here, die merktekens aan sy liggaam bevestig dit is Hy wat gekruisig is, maar dit is dieselfde Jesus Christus wat opgestaan het uit die dood. En so sal ons ook opstaan!

Ons sal nie anders opstaan nie! Daarmee bedoel ek dat dit nie gaan om die opstanding in een of ander vorm totaal vreemd aan ons liggame nie. 'n Mens is mens in sy totaliteit en dit is onmoontlik om 'n skeiding te wil aanbring tussen liggaam en siel! 'n Mens is liggaam en siel en by die opstanding gaan dit ook om hierdie liggaam! Dit is baie duidelik uit 'n ander uitspraak van Paulus. Hy skryf: "Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon" (Rom 8:11). Die gelowiges van God sal volg soos die Een wat eerste opgestaan het!

Die Skrif leer derhalwe duidelik dat daar 'n opstanding sal plaasvind. God gaan nie aan 'n nuwe skepping lewe gee nie, Hy gee dit aan die mens wat hier op aarde geleef het, daarom vind die opstanding plaas van hierdie liggaam wat begrawe is – soos dit die geval was met Jesus Christus.

Dit beteken nie dat daar nie verandering ook plaasvind nie, dit gebeur wel. Die verandering vind egter so plaas dat die identiteit met die liggaam gehou word. Dit blyk ook baie duidelik uit die opstandingsgeskiedenis van Jesus Christus. As die dissipels bymekaar kom, dan is daar nog vrees in hulle harte. Die gevolg is dat hulle alles gesluit het. Tog kom Jesus en staan tussen hulle (Joh 20:19). Wanneer Maria by die graf kom en vind dat die graf leeg is, sien sy Jesus aan vir die tuinopsigter. Eers as Hy met haar praat, dan herken sy Hom en roep sy uit "Rabboeni!" (Joh 20:15). Paulus maak die verandering duidelik deur die beeld te gebruik van saad wat gesaai word. Jy saai saad, en jy verwag nie dat dit saad is wat sal opkom nie, maar jy verwag dat daar 'n plant sal opkom (1 Kor 15:36vv). Die plant sal egter op sy tyd sy saad gee, wat weer identies gaan wees met die saad wat gesaai is. Paulus skryf van die verandering wat plaasvind, omdat die verganklike nie aan die onverganklike deel kan kry nie, daarom sal ons almal verander word (1 Kor 15:50vv). Dit

word baie duidelik uit Paulus se brief aan die Filippense: "Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlike liggaam te wees" (3:21). Ook Johannes skryf dat wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees (1 Joh 3:2). Die verandering vind plaas, tog met behoud van identiteit! Dit is egter deel van die geheimenisse van God, waaroor ons nie meer as dit kan sê nie. Ons weet net dat dit beteken dat die sterflike liggaam 'n onsterflike liggaam word, 'n verheerlikte liggaam om geskik te wees vir die verheerlikte bestaan wat op die mens wag.

Na aanleiding van die verskillende uitsprake het die kerk gekom en aan die saak uitdrukking gegee aan die begrip van die kerk oor die saak. Dit is gedoen in die *Heidelbergse Kategismus* Sondag 22, Vraag en antwoord 57.

Sondag 22 57. Vraag: Watter troos gee die opstanding van die vlees aan ons?

Antw: Dit dat na hierdie lewe nie alleen my siel dadelik tot Christus, sy Hoof, opgeneem sal word nie, maar ook hierdie selfde vlees van my, deur die krag van Christus opgewek, weer met my siel verenig sal word en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word.

Uit die voorgaande, waar maar 'n aantal uitsprake in die Skrif ter sprake gekom het, kan daar dan net die gevolgtrekking gemaak word dat die kerk in sy belydenisskrif die hele vraagstuk duidelik onder woorde gebring het. Vir die gelowige is daar dus die versekering dat die dood nie die laaste woord oor die mense se lewe is nie. Daar wag 'n ewigheid, want Jesus Christus het gegaan om vir die gelowiges plek te berei. Dit is ons troos, soos die *Kategismus* tereg sê.

8 Chiliasme

Prof dr S J Botha

In hierdie twintigste eeu is daar 'n ongekende belangstelling oor "die laaste dinge". Ongelukkig kan egter nie gesê word dat daar eenstemmigheid onder Christene oor die dinge bestaan nie. Daar is groot verskille en onsekerheid oor die weerkoms van Jesus Christus en die sake wat daarmee in verband staan. Waarskynlik sal erken moet word dat oor hierdie deel van die Christelike geloof 'n Babelse verwarring bestaan. Tot hierdie verwarring lewer die chiliasme of millennialisme 'n baie groot bydrae. Hoewel hierdie leerstellinge nie nuut is nie, wil dit voorkom of dit in hierdie tyd, juis vanweë die belangstelling in "die laaste dinge", baie sterker op die voorgrond kom as in die verlede. By die voorstanders van hierdie leer, is daar 'n baie sterk aandrang dat hulle opvattings aanvaar moet word. Daarom het 'n konstante stroom geskrifte uit hierdie kringe tevoorskyn gekom met die klaarblyklike bedoeling om die gedagtes verder te dra en te propageer. Kerk en teologie sal hiervan kennis moet neem, selfs al is dit ook waar dat die sake waarom dit hier gaan 'n randgebied van die Bybelse boodskap inneem.

Chiliasme of millennialisme, onderskeidelik die Griekse en Latynse woord vir duisend, is 'n leer oor 'n duisendjarige aardse vrederyk wat verband hou met die weerkoms van Jesus Christus. Die wortels van die chiliasme lê in Joodse bodem, waar die verwagting van 'n aarde messias met 'n aardse koninkryk baie sterk geleef het. Deur van die vroegste Jode-Christene is hierdie gedagtes in die Christendom ingedra, waar dit nog oor al die eeue aanhangers en verdedigers gehad het. Die leer vertoon nie 'n eenheid nie, maar 'n wye spektrum van geskakeerde en uiteenlopende menings. Die verskillende nuanses en beklemtonings kan ondergebring word onder twee hoofgroepe, naamlik premillennialisme en postmillennialisme. Elkeen van hierdie twee groepe vertoon in sigself weer 'n wye reeks betekenisskakeringe. Beide groepe is dit wel daaroor eens dat die duisendjarige vrederyk nog in die toekoms lê: die een is egter die

mening toegedaan dat die werklik-liggaamlike weerkoms van die Here Jesus Christus voor die millennium sal plaasvind (premillennialisme), terwyl die ander die weerkoms van Jesus Christus na die duisendjarige ryk plaas. Beide groepe het 'n bepaalde futuristiese verklaring van Openbaring 10:1–6. Trouens, die totale leer van die chiliasme is veral en byna uitsluitlik gebou op die bepaalde uitleg van die besondere Skrifgedeelte. Weliswaar word hierby dan bepaalde gedeeltes uit die Ou Testament, soos Jesaja 9:1–6 en Jesaja 11 betrek, om tot die leer van 'n duisendjarige vrederyk te kom. In Openbaring 20 is daar sprake van die draak, die ou slang wat die duiwel en die Satan is – wat vir 'n duisend jaar gebind sou word, terwyl in die gedeeltes uit Jesaja sprake is van die Messiasryk, wat 'n vrederyk sou wees. Deur 'n verbinding van die twee gedeeltes word die afleiding dan gemaak van 'n duisendjarige vrederyk op aarde.

Die premillennialisme

Die premillennialisme kan moontlik breedweg ook weer onderverdeel word in 'n vroeëre en huidige premillennialisme, wat elkeen afsonderlik ook nog weer 'n groot spektrum van betekenisskakerings omsluit. Die vroeëre premillennialisme se leer het kortliks op die volgende neergekom: Die huidige wêreld sou vir sesduisend jaar bestaan en die sesduisend jaar korrespondeer met die ses skeppingsdae. Teen die einde van die tydperk kon die gelowiges egter 'n baie skerp toename in vervolgings teen hulle en gepaardgaande lyding vir hulle verwag. Uiteindelik sou in die persoon van die antichris, wat nou sou verskyn, alle boosheid vleeslike gestalte aanneem. Hy sou sy vernielingswerk voltooi en dan in die tempel van God sy setel inneem. Juis op die tydstip sou Christus dan kom en sy koms sal gepaard gaan met 'n liggaamlike opstanding van die heiliges en die oprigting van die koninkryk van God op aarde. Vir die volgende duisend jaar, wat korrespondeer met die sewende skeppingsdag, dit wil sê die rusdag, sou daar dan vrede wees.

Mettertyd is hierdie gedagtes verder ontwikkel en verfyn en teen die negentiende eeu het nog enkele gedagtes bygekom: Die weerkoms van Jesus Christus sou voorafgegaan word deur sekere gebeure en tekens soos die evangelisering van alle nasies, die bekering van Israel, die groot afvalligheid en die groot verdrukking en dan die openbaring van die antichris. By die koms van Christus sal die

antichris en sy bondgenote verslaan word; Israel, God se vroeëre volk sal berou toon, verlos word en in die heilige land herstel word. Ook die heidene sou hulle tot God keer en ingesluit word in die koninkryk. Na die duisend jaar sou die ander dooies opgewek word en dan sou die laaste oordeel plaasvind en die skepping van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde.

Die huidige premillennialisme wil die Bybel in twee boeke verdeel, te wete die boek van die koninkryk en die boek van die kerk. God se handelinge met die mens bring hulle onder in 'n hele reeks verbonde en bedelings. Daar sal twee weerkomste van die Here wees, twee of drie of selfs vier opstandings uit die dood en dus ook drie of meer laaste oordele. Veral merkwaardig is dat volgens hierdie leer daar twee volke van God sal wees wat ook vir ewig afsonderlik sal bly voortbestaan, naamlik Israel op aarde en die kerk in die hemel. Verder word by die eerste weerkoms onderskei in twee gebeurtenisse wat sewe jaar uitmekaar lê. Eers sal Christus kom en in die lug sal die heiliges wat opgestaan het uit die dood en die lewendes wat verander is, Hom ontmoet om saam met Hom in die lug te verdwyn en dan die bruilof van die lam te vier. Die verandering van die nog lewende heiliges word genoem die "wegraping" of ook die "geheime wegraping". Na sewe jaar sal die "openbaring" dan plaasvind as Christus saam met sy heiliges op aarde sigbaar sal word en die duisendjarige ryk 'n aanvang sal neem. Dit sal 'n aardse koninkryk van die Jode wees, waar die Here Christus en sy heiliges sal regeer, terwyl die Jode die natuurlike burgers en die heidene die aangenome burgers sal wees. Aan die einde van die duisend jaar sal Satan dan vir 'n kort tydjie losgelaat word en die magte van Gog en Magog sal teen die heilige stad Jerusalem opstaan. Hulle sal egter deur vuur vernietig word en Satan in die bodemlose put gewerp word en daarna sal daar 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wees.

Ten opsigte van hierdie beskrywing van die premillennialisme kan nog meer variasies bygevoeg word. Ook onder die sterkste voorstanders van die premillennialisme is daar groot verskille. Daar is selfs al 'n tendens om die vrederyk nie meer op 'n duisend jaar nie, maar op 'n onbepaalde tydsduur, vas te stel en om verder nie 'n liggaamlike teenwoordigheid nie, maar wel 'n geestelike teenwoordigheid van Jesus Christus te verwag.

Teen hierdie premillennialisme kan 'n hele aantal ernstige besware na vore gebring word. Daar kan werklik geen positiewe Skrifgronde aangevoer word vir 'n dubbele of selfs meervoudige opstanding uit die dood, of verskillende laaste oordele nie. Daar bestaan hoegenaamd geen gronde om die opstanding uit die dood en die laaste oordeel en die einde van alle dinge 'n duisend jaar uit mekaar te plaas nie. Die teendeel is eerder waar. Die letterlike interpretasie van Openbaring 20 en talle uitsprake van die profete, bring onmoontlike absurditeite na vore.

Hoewel die premillennialisme baie sterk by veral die adventistiese sektes, soos onder andere die Jehova-getuies, figureer, kan ook verwys word na die kerkvader Irenaeus en ander groot teoloë in meer resente tye soos Bengel, Van Oosterzee en andere.

Die postmillennialisme

Die postmillennialisme, ook as "geestelike" chiliasme beskryf, leer dat voor die liggaamlike wederkoms van Christus, die duisendjarige vrederyk sal aanbreek. In dié tyd sal Christus in geestelike sin heers; sy Gees sal die aardse verhoudinge bepaal en dat die martelare saam met Hom sal heers, hou in dat hulle "gees" deurwerk in die gemeenskap. Dit gaan dus om 'n soort "geestelike" weerkoms van Christus en 'n "geestelike" opstanding uit die dood. Aan die einde van hierdie "geestlike" duisendjarige vrederyk sal die liggaamlike weerkoms en opstanding uit die dood dan plaasvind.

Ook die postmillennialisme het 'n ontwikkeling deurgegaan en kan 'n vroeëre en 'n latere vorm onderskei word. Wat eersgenoemde betref, kan na figure soos Coccejus, Witsius, Hoornbeek, Koelman, àBrakel en andere as aanhangers verwys word. Hulle het veral sterk standpunt ingeneem teenoor die premillennialistiese leer dat Jesus Christus liggaamlik vir die duisend jaar sal regeer saam met die liggaamlike opgestane heiliges. Vir hulle was die millennium niks anders as 'n geestelike goue eeu vir die kerk, wat deur die evangelie bewerk is nie. In die goue eeu sal ook die Jode deel in die seëninge van die evangelie. Na die goue eeu sal daar 'n kort tyd van afvalligheid en 'n ongekende konflik tussen die magte van goed en kwaad volg en direk daarna volg gelyktydig die liggamlike weerkoms van Jesus Christus, die opstanding van die dooies en die laaste oordeel.

Die latere vorm van die postmillennialisme wil in wese die Skrif loslaat. Die goue eeu sal nie deur die evangelie in die werking van die Heilige Gees tot stand gebring word nie, maar wel deur ewolusie en die mens se eie aanvaarding van 'n konstruktiewe beleid en maatreëls om die wêreld te verbeter. Die millennium sal dus nie deur 'n ingrype van God aanbreek nie, maar deur die ontwikkeling van die wetenskap en die daad van die mens.

Ook teen hierdie millennialisme kan ernstige besware vanuit die Skrif ingebring word. Die beeld wat die Skrif oor die wêreldeinde gee, is nie die van 'n goue eeu vir die kerk net voor die weerkoms van Christus nie. Inteendeel, daar is eerder sprake van groot afvalligheid, verwarring en verdrukking. (Vergelyk byvoorbeeld Matt 24:6–14, 21 en 22; Luk 18:8; Luk 21:25–28 ens). Ook die idee dat die huidige wêreld, sonder 'n diepingrypende onwenteling byna ongemerk in die toekomstige bestaan sou oorgaan, is nie Bybels nie. In talle Skriftuurplase is sprake van 'n katastrofe, en 'n besliste ingrype van God wat die mag van Satan op aarde tot 'n einde sal bring en die koninkryk van die hemele sal inlui (Matt 24:29–31; 35–44; Heb 12:26, 27) en die nuwe hemel en die nuwe aarde kan alleen daar wees na 'n geweldig ingrypende verandering. Openbaring 21:1. Die ewolusionistiese postmillennialisme kan sonder meer as onbybels aangetoon word.

Amillennialisme

In die jongste tyd het hierde benaming na vore gekom om te verwys na die leer wat stel dat die Bybel geensins die verwagting skep van 'n millennium of 'n duisendjarige aardse vrederyk nie. Terwyl hierdie benaming jonk mag wees, is die leer net so oud as die Christendom self. Diegene wat hierdie standpunt inneem, is vas oortuig daarvan dat die Bybel leer dat die reeds bestaande heerskappy van God onmiddellik gevolg sal word deur die volkome en ewige vorm van die koninkryk van God. Die koninkryk van Jesus Christus is 'n ewige en nie 'n tydelike koninkryk van selgs 'n duisend jaar nie (Jes 9:7; Dan 7:14; Luk 1:33; Heb 1:8, 12:28; 2 Pet 1:11; Op 11:15) en om in daardie koninkryk in te gaan, beteken om in te gaan in die ewige staat van verlossing (Matt 7:21, 22 en 18: 8, 9 en Mark 10:25, 26).

In die Christendom is hierdie opvatting by verre die wydste en algemeenste. Trouens eksplisiet en implisiet is dit die opvatting wat in die historiese belydenisse van die kerk na vore kom. Nòg in die drie ekumeniese simbole (die *Apostolicum, Nicenum* en *Athansianum)* nòg in die spesifiek gereformeerde belydenisskrifte (die *Nederlandse Geloofsbelydenis,* die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls)* word aan die chiliastiese leerstellings enige amptelike bestaansreg gegee nie. In geeneen van hierdie belydenisse bestaan daar hoegenaamd enige ruimte vir enige vorm van chiliasme nie.

Ook die groot kerkhervormers het hierdie leer afgewys en veral Johannes Calvyn was baie skerp in sy uitsprake. Onomwonde het hy gestel dat die koninkryk van Christus nie van 'n berperkte of tydelike aard kan wees nie. Die chiliasme daarenteen beperk inderdaad die koninkryk van Christus. Dit beteken dat smaad op Christus en sy koninkryk gelaai word. Calvyn stel dan dat dit niks anders as 'n versinsel is wat in der waarheid te kinderagtig is om te weerlê nie. Dit is sekerlik 'n baie duidelike en ondubbelsinnige verwerping van die chiliasme.

Ten spyte van die feit dat die belydenisse geen ruimte vir chiliastiese idees ooplaat nie, en iemand soos Calvyn so skerp standpunt ingeneem het teen die chiliasme, het die kerk nog nooit enige aksie teen die voorstanders van hierdie leer ingestel om hulle te verketter en uit die kerk uit te dryf nie. Inderdaad het die kerk, en dit sluit die Nederduitsch Hervormde Kerk in, nog altyd oor hierdie randgebied van die Bybelse boodskap groot geduld aan die dag gelê en dit nie nodig geag om teen chiliaste op te tree nie.

Dit wil egter voorkom of diegene wat voorstanders van die chiliasme is, self die saak dikwels op die spits dryf. Dit is opmerklik dat diegene wat die saak wel sover voer, byna ook altyd ander leerstukke van die kerk verwerp, soos onder andere die kinderdoop, die neerdaal na die hel en die opstanding van die vlees. Hulle huiwer dan selfs nie vir kerkskeuring nie en soek 'n tuiste by adventistiese en ander sektegroepe. Kenmerkend is ook 'n hovaardigheid en onverdraagsaamheid teenoor diegene wat nie met hulle saamstem nie.

Daar is egter ook nog steeds heelwat voorstanders van die chiliasme wat binne die ruimte van die kerk wil bly, sonder om dié leer te verabsoluteer. Soms wil dit voorkom of die publikasies en geskrifte wat vanuit hierdie kringe versprei word, op een of ander

stadium van die kerk en dus ook van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n duideliker standpunt gaan verg, aangesien dit dreig om groot verwarring te skep.

Daar moet 'n dringende en ernstige vraag aan elke chilias gestel word en dit is of die diepste motief agter die leer nie die mens se nuuskierigheid is om die weerkoms van Jesus Christus te bereken nie. Dan moet die antwoord van Jesus uit Handelinge 1:7 tot ander insigte dwing: "Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie."

Openbaring 20:1–6

Wanneer ook die chiliasme gehandel word, is dit feitlik vanselfsprekend dat hierdie besondere Skrifgedeelte ook aan die orde gestel sal word. Daar is geen chilias wat nie Openbaring 20:1–6 as vertrekpunt neem nie. Daarom is dit vanselfsprekend en noodsaaklik dat hieroor enkele opmerkings gemaak sal word.

Oor hierdie enkele paar verse is al talle en talle boeke geskryf. Uiteraard kan hier slegs na enkele sake verwys word. Om hierdie gedeelte die basis van die chiliasme te maak, nadat Ou-Testamentiese opvattinge daarin gegiet is, is om verskeie redes hoogs twyfelagtig. Wat onthou moet word, is dat dit hier gaan om 'n boek vol simbole wat vir meer as een interpretasie vatbaar kan wees. Die letterlike interpretasie, soos deur millennialiste vereis, vind geen werklike steun in die Nuwe Testament in die besonder of in die Skrif as geheel nie. Diegene wat 'n letterlike interpretasie opeis, is self nie konsekwent nie. So word die groot ketting in vers een en die vasbind in vers twee in figuurlike sin verstaan, en word die siele in vers vier sonder meer tot die opgestane heiliges verklaar. Dit moet goed onthou word dat hier hoegenaamd geen verwysing gemaak word na Palestina, Jerusalem, die tempel of na die Jode wat dan die natuurlike burgers van die aardse duisendjarige vrederyk sou vorm nie.

Positief gesproke is daar wel 'n uitleg van Openbaring 20:1–6 moontlik, wat beslis meer in lyn lê met die bedoeling van die boek as sodanig en van die totale Nuwe-Testamentiese boodskap en terselfdertyd die argumente van die chiliasme oor die duisendjarige ryk kragteloos maak. Eerstens moet egter baie goed besef word dat

Openbaring nie 'n boek vol toekomsvoorspellings is nie, maar niks anders as 'n stuk evangelieverkondiging nie. Die kernboodskap van die boek is dat Christus die oorwinnaar is. En dit is die boodskap wat tot troos verkondig word aan gemeentes wat as gevolg van vervolging in die uiterste nood verkeer. Ook die genoemde gedeelte het dieselfde troosboodskap op die oog en bepaaldelik ook die "duisend jaar" en "kort rukkie" van vers drie. Daar is 'n baie sterk saak daarvoor uit te maak dat dit hier nie gaan om *tyds*-aanduidinge nie, maar wel om *mag*-simbole.

Die duisend jaar is dus 'n simbool van die absolute verplettering van Satan en sy magte of anders gestel, die absolute oorwinning van Christus oor Satan. Aan die ander kant is die "kort rukkie" weer simbool van die beperkte gevaar wat Satan tans nog wel vir die gemeente inhou. Hierdie gedagtes is volkome in lyn met die res van die prediking van die boek self en ook van die Nuwe Testament. Die boodskap klink immers helder dat Christus deur die kruisdood en opstanding die beslissende slag wat die eindoorwinning verseker teen Satan gelewer het. Wat wel oorbly, is dat nou nog slegs agternagevegte, wat die finale uitslag nie meer kan verander nie, plaasvind. Satan het dus nog slegs beperkte mag, selfs al is dit ook so geweldig soos die van 'n brullende leeu (1 Pet 5:8). Vir gemeentes in nood, wat deur Satan aangeveg word in vervolginge, is dit tot groot troos om 'n boodskap te verneem dat Satan absoluut deur Christus oorwin is (die simbool: duisend jaar) en dat wat met die gemeente gebeur, slegs die geweld van sy laaste stuiptrekkings is (die simbool: 'n kort rukkie). Die poorte van die doderyk sal die gemeentes nie oorweldig nie (Matt 16:18), want Christus die Oorwinnaar, sal sy gemeentes bewaar.

So 'n uitleg van slegs die twee begrippe uit Openbaring 20:3 naamlik "duisend jaar" en "'n kort rukkie" lyk in die lig van die Openbaringboek self en die Nuwe Testament as geheel, baie meer aanvaarbaar as die futuristiese en twyfelagtige verklaring van die chiliasme.

Die antichris

In chiliastiese kringe is daar gedurig 'n drukke spekulasie oor die antichris en sy verskyning. Die dier van Openbaring (veral hoofstuk 13 en 20) die getal ses honderd ses en sestig (666) (Op 13:18), die

merk op die regterhand en die voorkop (Op 13:17 en 20:4) en die terugkeer van Israel na Palestina, neem in hierdie spekulasie, wat dalk eerder fantasieë genoem kan word, 'n belangrike plek in. Daarom word hier ook enkele opmerkings oor die antichris gemaak.

Die term kom slegs in die briewe van Johannes voor en wel 1 Johannes 2:18, 22; 4:3 en 2 Johannes 7. Die "anti" kan beteken in die plek van of teenoor. Dus in plek van Christus of teenoor Christus as sy teenstander. Uit 1 Johannes 4:3 blyk dat die antichris nie 'n spesifieke persoon is nie, maar baie persone kan wees wat 'n sekere geestesingesteldheid openbaar waardeur hulle Christus verloën. Hy is dus in baie persone as 'n geestesgesteldheid teenwoording.

Uit die briewe van Johannes is dit duidelik dat hy die antichris sien as 'n *teenwoordige* realiteit en as 'n *meervoudige* realiteit. Johannes kondig aan dat baie antichriste reeds optree in die gemeente en daaruit kan die gemeente weet dat dit die laaste uur is. Dis hulle wat nie die Vader en die Seun wil erken nie, wat nie wil erken dat Jesus die Christus is nie. Wie die evangelie nie wil aanvaar nie, is die antichris of antichriste. Dit is dus nie 'n mag wat nog sal kom nie, maar wat reeds aanwysbaar in die wêreld is. Ook is dit 'n meervoudige mag, want daar is sprake van antichriste. In 1 Johannes 2:18 word gepraat van baie antichriste; in 4:1 van baie valse profete en 2 Johannes 7 van baie misleiers.

Dit is egter wel waar dat Paulus in enigsins ander terme oor die teenstander handel. Hy gebruik nie die term antichris(te) nie, maar wel die wettelose mens, wat hom verset teen al wat God genoem word en as heilig vereer word.

Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is (2 Tess 2:3, 4). Uit hierdie verse saam met verse 6 en 7 kan die afleiding gemaak word dat Paulus meen dat die mens van sonde of die wettelose of die ongeregtige, nog nie gekom het nie, maar wel enige oomblik kan verskyn.

Dit wil dus voorkom of beide gespanne gerig is op die antichris wat volgens Paulus enige oomblik kan verskyn en volgens Johannes reeds verskyn het. Daar is diegene wat meen dat gekonkludeer sal moet word dat die antichris reeds daar is en ook nog sal kom. Daar is egter ook 'n ander verklaring moontlik, en dit is dat die sogenaamde teëhouer waarna Paulus verwys, inderdaad uit die weggeruim is sodat die wettelose mens kon verskyn, waarna Johannes dan as die

teenwoordige antichris verwys. Hierdie verklaring berus daarop dat Paulus sy brief aan die Tesalonisense waarskynlik veertig jaar voor Johannes se brief geskryf het. Waar Paulus nog voor 60 n C die Romeinse owerheid en keiser kon sien as 'n teëhouer, omdat dit wel nog in die tyd deur 'n sekere verdraagsaamheid as 'n beskermende faktor vir die evangelieprediking gesien kon word, het die keiser vanaf Nero tot Diocletianus 60–90 n C, skerp teen die Christendom gedraai, met ernstige en bloedige vervolgings. Dit kon ook die siening van die owerheid as 'n dienskneg van God (Rom 13) na 'n verpersoonliking van die antichris in Openbaring 13 verander het. Op die wyse kan dus wel moontlik verklaar word dat vir Paulus die antichris naby was, maar vir Johannes reeds teenwoordig.

Uit Johannes is dit wel duidelik dat die antichris 'n kollektiewe persoon is wat in baie verskillende gestaltes en persone kan optree. Hoewel dit uit 2 Tessalonisense 2 voorkom of Paulus net een persoon in gedagte het, moet goed onthou word dat Paulus hier met apokaliptiese beelde werk, wat ook kollektiewe betekenis het. Die Johannesbriewe beskryf die antichris as 'n aantal persone wat 'n ernstige dwaalleer voorstaan, dus uit die kerk. In Openbaring 13 is die antichris weer 'n staatsmag wat die kerk met die swaard vervolg, dus van buite die kerk. In 2 Tessalonisense 2 gaan dit weer om 'n kollektiewe persoon wat binne die kerk optree. Uiteindelik blyk die enigste Bybelse verklaring dat die antichris 'n kollektiewe persoon is wat op verskillende tye in verskillende vorme optree. Soms is dit 'n vyandige owerheid wat die kerk probeer vernietig, dan weer 'n dwaalleer wat die kerk wil verskeur en sy lidmate wil afrokkel, en dan weer 'n valse kerk wat die kerk van binne uit wil tot niet maak.

In die lig van voorgenoemde lyk dit na 'n futiele oefening om na allerlei tekens van die antichris te soek of na voortekens van sy koms, en dan daaruit enige afleidings te maak oor die aanbreek van 'n sogenaamde duisendjarige vrederyk en die weerkoms van Jesus Christus. Dit is dalk ook niks anders as ongehoorsame nuuskierigheid om dinge te wil weet of te wil bereken wat verbode is nie. Dit beteken nie dat die kerk nie gedurig die geeste moet beproef en daarteen waarsku nie. Terselfdertyd moet die kerk onthou die antichris kom nie net van buite die kerk nie.

9 Weergeboorte – Geloof – Bekering

Dr J M G Storm

As daar twee begrippe is waaroor baie lidmate nadink, is dit seker oor *bekering* en *weergeboorte*. Elkeen van ons is ook seker al gekonfronteer met die vrae: Is u bekeer of is u weergebore of is u 'n weergebore Christen? Dalk was dit op straat deur 'n lid van een of ander sekte. Dalk was dit van die preekstoel af gedoen. Miskien wat dit in gesprek tussen gelowiges onder mekaar. Almal van ons het seker ook al in ons gedagtes vir onsself duidelik gemaak hoe dit gebeur. En elkeen van ons het seker 'n eie siening hoe dit plaasvind. Wat wel waar is, volgens die gedeelte waar Jesus met Nikodemus in gesprek is, is dat geen mens die koninkryk van God kan binnegaan sonder dat hy weergebore is nie. Alleen deur die weergeboorte, kan ons dus gered word en die ewige lewe beërwe. Maar wat dan van geloof en bekering...?

Voordat ons hierdie begrippe kan bespreek of verstaan, is dit nodig dat ons eers 'n ander saak moet bespreek, naamlik die begrip *sonde*. Die hele probleem rondom weergeboorte en bekering ontstaan dikwels omdat ons mense nie besef wat sonde of 'n sondaar is nie. Hier moet ons waak teen die gedagte om te dink dat 'n mens by geboorte soos 'n skoon bladsy is, maar hoe verder jou lewe vorder, vul en bevuil die sondes wat jy doen nou hierdie bladsy. Die weergeboorte en bekering is nou 'n stadium in jou lewe waar jy dit besef en gelowig word. As bekeerde gelowige doen jy nou al minder en minder sonde en só kan jy as mens dan verseker weet dat as gevolg van jou mooi lewe jy in die hemel gaan kom.

Dit verkondig die Bybel nie. Inteendeel, die Bybel leer ons en die kerk glo dit dat ons in sonde ontvang en gebore word. Van die oomblik van geboorte is die mens sondaar en strafwaardig voor God. Sonde is dus meer 'n toestand van sonde; 'n toestand wat die mens teen God laat kant kies. Daarvan getuig Paulus as hy sê voordat hy die goeie wil, is die kwaad reeds teenwoordig. Menswees is

as 't ware sondaar wees. Daarom kan die mens nooit uit homself die kwaad vermy en die goeie en die regte dinge doen nie. Ons kan niks aan ons eie posisie van sondaarwees doen nie. Die mens in sy eie krag en met sy eie vermoë, het geen hoop op redding en verlossing nie. 'n Daad van God is nodig om ons uit hierdie toestand van sonde te verlos!

Hierdie daad vind in Christus plaas. Christus, wat aan die kruis van Golgota vir ons sonde ly en sterf, sodat ons deur sy optrede gered kan word. Christus wat in ons plek voor God gaan staan het en in ons plek die toorn van God gedra het sodat ons, armsalige sondaars, vrygespreek kan word deur God.

Tog beteken hierdie wonderlike en barmhartige optrede van Christus vir ons niks as ons dit nie van harte *glo* nie. Dit het vir my geen waarde as ek Christus nie aanvaar as my verlosser nie. En hier by die grootste en belangrikste besluit en gebeurtenis in my lewe, is die plek en die tyd waar die weergeboorte ter sprake kom.

Weergeboorte, of om dit soos die nuwe vertaling te stel: om opnuut gebore te word, wil vir ons 'n werking van God aandui. 'n Werking waar God iets gee en die mens dit ontvang. 'n Gawe wat ons betrek, wat ons laat deel kry in die verlossing van ons sondes. 'n Gawe wat van God se kant af gesien, aan ons die verlossingsdaad van Christus aan ons toereken en van ons kant af gesien, ons die verlossing van Christus laat aanvaar en glo. Dit is wanneer die Heilige Gees in ons harte die *ware geloof* werk. Die werking is goddelik. Hoe dit presies gebeur of wanneer dit plaasvind, weet ons nie en kan ons nie begryp nie. Jesus sê in sy gesprek aan Nikodemus dat dit is soos die wind wat waai. Ons hoor dit, maar waar dit vandaan kom of waarheen dit gaan, weet ons nie. So is dit as die Heilige Gees die hergeboorte laat plaasvind. Waar, wanneer, hoe lank en hoe dit gebeur kan ons nie verklaar nie. Dit gebeur net. Op 'n wonderlike manier kan 'n mens, groot of klein, op 'n dag net sê: Ek glo in Jesus Christus.

Weergeboorte of die nuwe geboorte, beteken dus in eenvoudige taal dat God my die geloof gee om te glo in Jesus Christus. En as ek glo word ek gered, ja word alles wat Christus gedoen het my toegereken – so volkome asof ek self in alles voor God gehoorsaam was. Maar al hierdie dinge – hierdie volkome verlossing, die weergeboorte en die geloof – is 'n *gawe* van God, sodat niemand mag roem nie.

Hier wil ek graag die volgende opmerking maak: 'n Mens hoor deesdae dikwels dat sekere lidmate in 'n gemeente uitgesonder word as weergebore Christene, terwyl die ander lidmate blykbaar "gewone" Christene is. Dit kan natuurlik nie! 'n Christen is iemand wat glo en om te kan glo het die Gees jou opnuut gebore, van bo-af gebore, jou weergebore. Daar kán nie twee soorte gelowiges wees nie: òf jy glo òf jy glo nie, en elkeen wat in Jesus glo, is weergebore.

Maar wat is nou die konsekwensie of die gevolg van ons weergeboorte? Hy of sy wat die geloof ontvang het, kan nie anders as om hulle hele lewe aan God te wy nie. As jy weet dat jy gered is, sal jy uit dankbaarheid leef. Jy sal 'n bepaalde en doelgerigte lewe gaan voer – 'n lewe wat gekenmerk sal word as toegewy-aan-Christus.

Hierdie nuwe lewe, die dankbare gelowige lewe kan ons die *bekering* noem. En hierdie bekeerde lewe is ook die lewe wat ons as gelowige moet leef. Daarom gaan ons nou in fyner besonderhede kyk na wat so 'n lewe behels. Voordat ons dit doen, moet ons egter iets baie belangriks besef. Hierdie nuwe lewe, die lewe van bekering vind nie plaas sodat ons gered kan word nie, maar omdat ons gered is. Die Bybel verseker ons aanhoudend dat ons reeds gered is: verlos is deur Christus Jesus onse Here. En nou, omdat ons dankbaar is dat ons deur God se genade en barmhartigheid uit ons ellende van sonde kan kom, bekeer ons ons en leef ons 'n dankbare gelowige lewe. Dit is iets wat ons baie goed moet besef. *'n Ware gelowige se lewe sal deur ware dankbaarheid gekenmerk word.* Ons kan nie anders nie – want wie besef dat ons arme sondaars werklik en waarlik klaar en volledig verlos is, sal mos alles in sy vermoë doen om nie die Here te bedroef met vuil en bose dade, gedagtes en woorde nie.

Die bekeringsweg is 'n weg wat egter maklik vervals kan word en waar ons veel huigelary aantref. Daarom is dit nodig dat ons moet onderskei tussen 'n ware en valse bekering. Ons almal ken mense wat 'n goeie en nuttige lewe lei, en tog weinig of niks met godsdiens of kerk te doen wil hê nie. Dit is ook moontlik dat 'n mens wat roekeloos leef, homself kan verbeter en van 'n slegte lewenswandel kan oorskakel na 'n beter lewe. Hierdie ordelike lewe en sedelike verbetering is wel nuttig vir ons samelewing, maar dit is geen bekering soos wat die Bybel eis nie. Voor God het dit geen waarde nie, want dit is mensewerk en alleen gerig tot die mens. Die ware bekering het sy bron nie in die mens nie, maar in God. Dit het ten doel

nie alleen 'n beter lewe nie, maar die eer van God. Dit bring 'n verandering in ons hele gedragslyn, ons hele gedagtewêreld en in die ganse gesindheid van die mens.

Hierdie lewensverandering bestaan hoofsaaklik uit drie sake: 'n Sondedroefheid, 'n sondehaat en 'n wegvlug van sonde.

Die feit van ons sondes teen God bly altyd die bron van die bitterste droefheid van die hart. Elke keer wanneer die gelowige oortree of oortree het, is vir ons 'n gedagte van selfverwyt en smart. Hierdie berou oor ons sonde is nie net 'n tydelike emosie of gevoel wat by ons mense opkom nie, wat die oog net 'n oomblik met trane vul nie. Nee dit is 'n droefheid wat bly, 'n droefheid en berou wat ons met weersin en afsku teenoor die sonde vervul. Ons begin die sonde te haat en te vermy – ons stry om die sonde na te laat en nie weer aan te raak nie.

Ons uiterlike houding teenoor die sonde sal vir 'n groot deel afhang van ons innerlike gesindheid. En nou is die mens nog van nature geneig om God te haat en 'n lus vir die sonde te hê. Daarom skryf Paulus dat ons tog nie ons lede sal stel tot beskikking van sonde nie (Rom 6:11–13). Ons moet dit haat, ons moet wegvlug van sonde af. Ons mense wil maar altyd graag 'n verdrag met die duiwel sluit. Daar is maar altyd sonde wat ons nie wil loslaat nie – wat ons stilletjies in die hart wil hou. Daarom moet ons wegvlug van die sonde af. So is dit byvoorbeeld beter om te vlug, as wat ons ons begewe na plekke toe waar ons 'n maklike prooi vir die duiwel kan wees.

En leser, hoe groter ons haat teen die sonde is, en hoe meer ons wegvlug van die sonde, hoe meer verlang ons na die suiwere weg van God. Hoe groter ons afsku teen die sonde is, hoe meer verlang ons na die gemeenskap van God en sy Woord en sy gelowiges. So raak ons dood vir die sonde, so raak ons lewend vir God in Christus. Want tegelyk met ons stryd om van die sonde weg te kom is daar 'n begeerte in ons hart om nader aan God te kom. En namate die ou mens met sy gehegtheid aan die sonde verdwyn, tree 'n nuwe mens met welbehae in die weg van die Here te voorskyn.

Dus, hierdie volkome bekering gebeur nie soos 'n towerslag opeens nie. Die bekeringsweg is 'n lang weg en die nuwe lewe groei langsaam deur die geloof, gelouter deur vele worsteling en teenslae, gesterk deur baie gebede en die krag van die Gees. Baie kere eis

mense van ons 'n dag of 'n datum waarop ons bekeer is. Dit is gewoonlik onmoontlik. Bekering is 'n lewenstryd, want elke dag in ons stryd teen die sonde is ons besig met bekering: elke dag in ons gebed om hulp en berou is ons besig met bekering. Bekering eindig eers met die dag van ons dood. Paulus kon wel na 'n spesifieke gebeurtenis as 'n beginpunt van sy bekering verwys. Johannes, bygenaamd deur Jesus, seun van die donder, het stilweg die apostel van liefde geword. Petrus het maar hortend met vele val, verloëning en weerstand eindelik driemaal positief geantwoord op die liefdesvraag van Jesus.

Groot is die vreugde in die lewe van die nuwe mens. Hierdie vreugde ontbrand omdat die rede van ons droefheid, die sonde, deur Jesus Christus weggeneem is. Ons weet dat ons gered is deur ons geloof in Jesus Christus. Nou word ons lewe gekenmerk deur geloof, liefde en blydskap. Uit geloof tree ons op, omdat ons bewus is van ons afhanklikheid van God en omdat ons gehoorsaam wil wees aan sy goddelike wil.

Volgens die wet leef ons en handel ons, omdat ons as mense sondig is en nie self kan bepaal wat goed en reg is nie.

Tot eer van God werk ons en handel ons en lewe ons, omdat ons graag uit dankbaarheid die lof van God wil bekendmaak.

Ons is deur die liefde van God vir die sondaar gered uit 'n ewige verdoemenis, ons ontvang die ewige saligheid sonder dat ons enigiets hoef by te dra. Kan ons dan anders as om ons hele lewe lank te leef tot eer van ons Heer?

Gedeeltes om te lees:

Johannes 3
Romeine 6
Efesiërs 2:1–8
Efesiërs 4:17 vv
Kolossense 3
Jakobus 2:14–26

10 "Campus Crusade for Christ" – histories

Prof dr S J Botha

Die beweging "Campus Crusade for Christ" is in 1951 in Amerika gebore en die vader was dr W R (Bill) Bright. As energieke jongman het Bright ander dinamiese jong studente aan die Princeton Universiteit en die Fuller Teologiese Seminarium rondom hom versamel en hulle geïnspireer tot dieselfde ideaal waarmee hy besiel was, naamlik om die ganse wêreld te evangeliseer. Bright self het getuig dat die ideaal in hom geplant is deur die Here self, wat in 'n middernagtelike ervaring aan hom die opdrag gegee het om die studente van die wêreld vir Christus te wen. Een van sy dosente, dr Wilbur Smith, het hom sterk aangemoedig om sy ideaal in die daad om te sit. Die eerste kampus waar Bright en sy vrou Vonette begin werk het, was dié van die Universiteit van California in Los Angeles. Vanweë die geweldige entoesiasme en aansteeklike idealisme het hierdie beweging vinnig uitgekring en inderdaad reeds 'n indrukwekkende beweging geword. Met die vyf-en-twintigste bestaansjaar van die beweging in 1976, kon reeds geroem word op 'n voltydse personeel van 5000, wat in tagtig lande aktief bedrywig was. Wat geweldig bygedra het en steeds bydra tot 'n effektiewe werkswyse, is die feit dat die lede deeglik geskool is in die gebruik van hulle literatuur en dat hulle die werkswyse wat hulle volg, op die punte van hulle vingers ken en deeglik beheers.

Van die begin af het die beweging dit gestel dat hulle nie die bedoeling het om kerke te stig nie, maar om mense aktiewe lidmate van hulle onderskeie kerke en gemeentes te maak. By nadere ondersoek blyk dit duidelik 'n tipiese moderne Amerikaanse herlewingsbeweging te wees, wat uiters goed georganiseer is en die beste kommunikasiemiddele en -prosesse implementeer. Die naam "Campus Crusade" is te verstane as bedink word dat die beweging hom aanvanklik doelbewus slegs toegespits het op universiteitstudente. Veral gedurende die eerste vyftien jaar is feitlik net op universiteits-

kampusse gekonsentreer. Op alle belangrike kampusse in die VSA is voltydse werkers besig. Persoonlike gesprekke word met studente gevoer en by groepsbyeenkomste word veral gebruik gemaak van persoonlike getuienisse. Sedert 1966 het die beweging in die VSA hom ook op die hoërskooljeug begin toespits. Hier het 'n sekere Carl Wilson die leiding geneem. Jongmense is opgelei om ander jongmense te kom bearbei. Mettertyd is die werk ook uitgebrei na militêre kampe in die VSA.

Die Republiek van Suid-Afrika het ook onder die visier van die beweging gekom en in 1972 het die eerste kursus op hierdie bodem plaasgevind. By sy terugkeer het 'n Suid-Afrikaner, John Tempelhoff, wat in Kanada teologie studeer en 'n ruk lank in die VSA predikant was, die beweging in die Republiek van Suid-Afrika gevestig. Die leiding is later oorgeneem deur 'n voormalige predikant uit die Nederduitse Gereformeerde geledere, J Grey. Spoedig egter was die meer as honderd voltydse werkers uit alle rasse en ook uit verskeie kerke en sektes afkomstig. Hoewel Grey nie meer predikant van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is nie, is dit opmerklik hoedat hy, sowel as 'n ander voormalige Nederduitse Gereformeerde predikant, P R Kruger, steeds as predikante aangedui word. Op kassette word hulle steeds as "ds" aangedui. Dit word gedoen met die klaarblyklike bedoeling om steeds vertroue by lidmate van veral die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die besonder, maar ook van die ander twee Afrikaanse kerke in die algemeen in te boesem. Dit is immers so dat by die Afrikaner steeds hoë agting en vertroue bestaan teenoor enigiemand wat nog as "dominee" deurgaan. Dit is ook so dat die oorgrote meerderheid van die beweging se werkkragte in die Republiek van Suid-Afrika lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk is. Tog is dit aan die ander kant weer opmerklik dat die beweging groot affiniteite toon vir onder andere die Baptise en AGS. So het die byeenkomste byvoorbeeld in Pretoria aanvanklik op Dinsdagaande in die kerkkompleks van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente Lynnwoodrif plaasgevind, maar is daarna verskuif na die groot tent van die Hatfield Baptiste en daarna na 'n gebou van die AGS gemeente waar Frits Kemp (ook vroeër N G predikant) as pastoor dien. Dit dui op 'n beweging in die rigting van dopergroepe.

In die Republiek van Suid-Afrika het die beweging ook 'n ander benaming gekry toe in 1981 besluit is om voortaan as "Lewebedie-

ning" bekend te staan. Die hoofkwartier is in Aucklandpark, Johannesburg. Ook in Suid-Afrika was die toespitsing aanvanklik op die universiteitskampusse. Dit is egter lank reeds nie meer die geval nie. Die veranderde benaming gee uitdrukking aan die veranderde en nou breër visie oor die beweging se arbeidsveld.

Die beweging self verklaar dat hy nie 'n kerk wil wees nie en ook nie 'n vereniging, waarby mense sonder meer kan aansluit nie. Hulle stel dat hulle wel 'n diensaksie in die koninkryk van God wil wees. Die beweging lê hom veral toe op die bearbeiding van die buitekerklikes en om dan in suksesvolle gevalle die buitekerklikes na 'n kerk van eie keuse te lei. Verder het hulle die oogmerk om werkprogramme te ontwikkel met die oog op groter trefkrag van die gemeentelike arbeid in die verskillende kerke. Hulle is van oortuiging dat hulle nuwe lewe kan blaas in bestaande kerke.

Hoewel hierdie beweging volgens eie verklaring nie kerk wil wees nie, maar 'n diensaksie, lê in hulle twee oogmerke, soos hier genoem, 'n geweldige kritiek teen die kerk opgesluit. Die kerk se arbeid onder die buitekerklikes word onder verdenking geplaas en die ampsdraers van die kerk se arbeid word in wese striemend gekritiseer en die doeltreffendheid daarvan selfs feitlik afgeskryf. Die gemeente moet nie meer opgebou word deur prediking, sakramentsbediening, pastoraat en so meer nie, maar 'n nuwe gestalte van skolingskursusse deur lidmate van selfs sektes, moet die plek daarvan inneem om nuwe lewe in 'n gemeente in te blaas. Ten spyte van versekeringe van die teendeel, kan die indruk nie vermy word dat die beweging met die genoemde intensie beoog om die kerk se funksies om sy lidmate toe te rus, die buitekerklikes te bearbei en sending te verrig, oor te neem nie. Op die lang duur sal die beweging dit nie kan ontkom om kerk te wil wees nie. Daarom voorspel dit gevaar vir die kerk – gevaar van skeuring en twis. Die kerk kan immers nie sy roeping aan enige buitekerklike organisasie afstaan nie.

Die vraag is waarom nou juis 'n sogenaamde "interkerklike" liggaam of diensaksie tot stand gebring moet word? Sou dit dalk te roemloos wees om binne die kerk, langs reeds bestaande kanale, die buitekerklikes te bearbei of by te dra om elke gemeente 'n aktiewe dankbare gemeente te laat wees? Of is dit dalk 'n geval dat die kerk(e) nie die gedagtes van die leidinggewende figure kan en wil

aanvaar nie en nou word deur 'n sogenaamde interkerklike beweging, gepoog om kerke tot aanvaarding van sekere gedagtes te probeer dwing?

Om interkerklik te kan wees en dan by hierdie interkerklikheid ook groepe in te sluit met totaal botsende en uitsluitende belydenisse beteken dat geen kerklike opsig en kontrole verdra sal kan word nie en dat van belydenisbinding ook geen sprake sal kan wees nie. Hoewel die beweging aanspraak maak op 'n belydenisstandpunt wat in hooftrekke met die *Twaalf Artikels* of *Apostolicum* ooreenkom, is dit egter so wyd en so vaag dat prakties enige lid van enige denominasie met gemak gehuisves kan word. Van 'n kontroleerbare belydenisstandpunt kan daarom geen sprake wees nie. Die interkerklikheid beteken hoegenaamd nie dat die beweging tot stand gekom het op grond van samesprekings, besluite, opdragte of samewerking van verskillende kerke nie. Inteendeel, geen kerk was by die totstandkoming van die beweging amptelik betrokke nie. Die gebruik van die term interkerklik, mag gemeentelede daarom nie mislei tot die gedagte dat minstens enigeen van die drie Afrikaanse kerke ooit amptelik enige goedkeuring aan die beweging en sy bedrywighede gegee het nie. Trouens daar bestaan tans 'n uiters gespanne verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die beweging, ten spyte daarvan dat die meeste lede van die beweging steeds lidmate en ampsdraers van dié Kerk is. Die spanning het veral sedert 1978 skerp toegeneem, vanweë kritiese besluite oor die beweging se teologiese uitgangspunte, twyfelagtige leerstelling, suiwerheid en onkerkse metodes. Ook vanuit sowel die Gereformeerde as die Nederduitsch Hervormde Kerke is skerp afwysende stemme gehoor.

Deur die term interkerklik te gebruik en te verklaar dat die bedoeling nie is om kerk te wees nie, en dus nie 'n bedreiging vir die kerk nie, word op 'n bedenklike wyse gepoog om 'n liggaam daar te stel wat in elke kerk 'n teenwoordigheid het om sy gedagtes daar in te dra. Die verskillende kerke word gepaai met die versekering dat dit slegs 'n diensaksie ter wille van die kerke wil wees. Die liggaam moet egter bly leef en om te bly leef moet hy lewensap trek uit die verskillende kerke. Dit laat 'n mens dink aan die tentakels van 'n seekat wat in elke gemeente 'n vassuigplek soek. Uiteindelik mag die gemeente via hierdie vassuigplek uitgesuig en opgesuig word in

die beweging, wat aanvanklik met groot stelligheid beweer dat die bedoeling nie is om kerk te wees nie.

Kyk 'n mens na die seminare wat aangebied word, dan is dit opvallend dat sekere belangrike sake skerp uitstaan deur voortdurende beklemtoning, terwyl ander belangrike of belangriker sake byna onsigbaar is of totaal ontbreek. Geweldig klem word gelê op meersoortige bekerings en emosionele geloofsbelewenisse. Daarom kry onderwerpe soos geestelike asemhaling, vervul word met die Heilige Gees, geloofsekerheid, hoe om te getuig, en hoe om iemand na Jesus Christus te lei, geweldig baie aandag. Daarteenoor word onderwerpe soos erfsonde, verbond, uitverkiesing, die sakramente en die kruisdood van Christus onderbeklemtoon of dit ontbreek. Dit is natuurlik so dat veral in verband met die laasgenoemde onderwerpe ernstige meningsverskille kan ontstaan. Daarom kan 'n beweging van die aard van *Lewebediening* nie anders as om dit sorgvuldig te vermy of dit in baie vae terme te behandel nie. By nadere ondersoek is dit duidelik dat hier 'n klemverskuiwing aan die werk is. Die klem het reeds ver verskuif vanaf dit wat God doen (verbond, uitverkiesing, ens) na die wat die mens *moet* doen (bekering, getuie wees, mense na Jesus lei, ens). Die gedagte word sterk benadruk dat die mens gered word wanneer hy sy hart aan die Here gee, terwyl die boodskap van die kerk dat die mens se redding geleë is in die feit dat God op Golgota sy hart aan die mens gegee het, byna nooit aan die beurt kom nie.

Let 'n mens vir 'n oomblik op resultate van die beweging se bearbeiding en invloed wat al sigbaar geword het in gemeentes van verskeie kerke, is dit baie opvallend dat daar feitlik sonder uitsondering algou by baie kerke van die kursusgangers 'n stryd ontstaan oor die doop- (grootdoop of kinderdoop). So 'n ontwikkeling is egter nie bevreemdend as die beweging se siening van die doop van nader bekyk word nie. Daaruit blyk dat die beweging ongetwyfeld die baptistiese siening van die doop huldig. Dit kom neer op 'n keuse vir die grootdoop en 'n verwerping van die kinderdoop. Die indruk bestaan wel dat die voorkeur vir die baptistiese doopopvatting nie algemeen bekend gemaak word nie. Die werkers word wel duidelik in die rigting geskool, sonder om die kinderdoop in hulle opleidingsprogramme in te sluit.

Baie opmerklik is ook hoe gou daar spanning en probleme ontstaan in gemeentes rondom lidmate wat ook lede van die beweging

is. Dit kan verstaan word in die lig van die feit dat uit die beskikbare bronne dit onteenseglik blyk dat 'n negatiewe gesindheid teenoor die kerk gekweek word. Op sy beurt kan dit weer toegeskryf word aan die feit dat die beweging die funksies van die kerk wil oorneem en daarom ten diepste in kompetisie met die kerk is. Lede, kursusgangers en "bekeerdes" van die beweging toon meesal groter lojaliteit teenoor die beweging as teenoor die kerk. Hulle word oorkrities teenoor die kerk, wil in gemeentes voorskryf en op 'n subtiele wyse hulle gedagtes afdwing. Baie van hulle leef met die gedagte dat hulle eintlik die "ware" gemeente uitmaak. In praktyk kom dit uiteindelik daarop neer dat *Lewebediening* die plaasvervanger vir die gemeente wil word.

Hoewel die beweging se doeltreffendheid om sy oogmerke te bereik bewonderenswaardig mag wees, moet oor die diepsinnigheid van die kursusse ernstige vrae gestel word. Bowendien moet baie ernstige besware ingebring word teen die onmiskenbare tekens van pentakostalisme wat in die beweging te bespeur is. Sektariese gedagtes oor die Heilige Gees kry via die "bekeerdes" van die beweging, 'n vastrapplek in die kerk.

Alles bymekaar geneem, is die volgende duidelik:

1. Dit is 'n beweging wat volgens eie verklaring nie teenoor die kerk wil stelling inneem, soos byvoorbeeld sektes nie. Tog wil die beweging 'n voet in elke kerk hê, waar sy invloed versprei kan word.
2. Dit is 'n beweging wat uit 'n vreemde bodem opgekom het en vir minstens die Nederduitsch Hervormde Kerk uit 'n vreemde teologiese en kulturele wêreld staan.
3. Dit is 'n beweging wat deur sy bestaan en werkswyse die kerk en sy werk kritiseer en selfs verwerp.
4. Die losheid van enige kerklike of belydenisbinding sluit enige betroubare kontrole oor leer en uiteindelik ook lewe uit.
5. Oorbeklemtoning en ook moontlik verkeerde interpretasies en uitleg van sekere Bybelse en teologiese waarhede en onderbeklemtoning van ander, moet lei tot skeeftrekking van die Bybelse boodskap en groot verwarring en vertwyfeling in die harte van baie lidmate.
6. Die kursusgangers wat as "bekeerdes" na gemeentes terugkeer en groepies vorm, wat by en teenoor die res van die gemeentelede

moet "getuig", moet lei tot kerkies binne die kerk of gemeentetjies binne die gemeente. Hierdie kerkies binne die kerk word uiteindelik gesien as die eintlike ware gelowiges – die eintlike kerk. Die gevolg kan alleen skeuring wees.

7. Die Nederduitsch Hervormde Kerk het nog altyd alle teologieë en rigtings verwerp waarin die mens op een of ander wyse in die middelpunt te staan kom. Selfs nie die gelowige, bekeerde, wedergebore of geredde mens mag Jesus Christus uit die sentrum verdring nie. By *Lewebediening* is dié gevaar wesenlik teenwoordig.

11 "Campus Crusade for Christ" – teologies

Prof dr D J Booysen

Die liewe Heer het volgens Matteus 12:33 gesê 'n boom word aan sy vrugte geken. Hoe meer 'n mens van die vrugte van Campus Crusade sien, hoe meer bekommerd raak 'n mens! Christene is verward, hulle leef in geloofstwyfel, mense wat met hulle deurmekaar was, het die kerk verlaat en opgegaan in sektariese groepe. Dit is duidelik dat die kerk sterk standpunt oor die organisasie moet inneem.

Een van die algemene kenmerke van organisasies wat soos Campus Crusade te werk gaan, is die feit dat hulle sogenaamd interkerklik is. Dit beteken dat hulle so wil werk dat hulle veronderstel is om by elke godsdienstige denominasie aanvaarbaar te kan wees. Juis hier begin die eerste probleem vir die kerk. Die sogenaamde interkerklikheid waarop hulle aanspraak maak, behoort dadelik vir die kerk 'n rooi lig te laat flikker. Die kerk het bepaalde leerstellings en die kerk bely soos wat die kerk glo reg is. Dit beteken dat die kerk 'n uiters eksklusiewe karakter het! Dit spreek vanself dat die kerk duidelik afwysend en afkeurend standpunt moet inneem teenoor diegene wat nie glo en bely, soos die kerk glo en bely nie. Vir die kerk gaan dit nie daarom dat iemand net glo en bely nie. Die kerk sal altyd moet vra na die inhoud van daardie belydenis. As dit verskil van dié van die kerk, het die kerk nie 'n keuse nie, dan kan die kerk dit nie aanvaar nie. In die huidige teologiese klimaat mag dit vreemd klink, juis omdat die ekumenistiese winde deur die kerke waai. Die kerk is en bly eksklusief.

In Campus Crusade het ons met 'n organisasie te make wat op sy eie wyse volgens sy eie opvattings die werk van die kerk wil doen. Die organisasie het nie kerklik met ons kerk probeer skakel om saam met die kerk soos die kerk te werk nie. Dit moet die kerk onrustig stem, want die verkondigingstaak is aan die kerk opgedra. "De Heer is Gods verkondiging, en de Kerk neemt die verkondiging over: dat is haar navolging van Christus."[1] Hierdie aanhaling onderstreep die

waarde wat die verkondiging vir die kerk het – dit is die navolging van Christus. Derhalwe kan die kerk nie onverskillig staan teenoor die verkondiging in al sy fasette nie. Dit beteken ook dat wie ook al hierdie terrein betree, deeglik geweeg sal moet word, want dit gaan die kerk in sy wese raak. Campus Crusade kan ook nie hieraan ontsnap nie, want Campus Crusade betree die terrein van die kerk.

Campus Crusade het die terrein van evangelisasie betree. In die verband moet sekere opmerkings gemaak word. Ek wil verwys na enkele opmerkings van Drummond. Hy het geskryf: "If the Church would effectively evangelise today it must do so from a strong theological base" en "There can be no effective and permanent evangelism without theology ..." en: "If evangelism loses sight of theology, it does so at its own peril ..." en: "A second reason for the wedding of theology and mission is that without sound theological content, evangelism soon degenerates into sentimentalism, emotionalism and gimmicks", en 'n laaste opmerking: "Scriptural evangelism demands that the evangelist fills his presentation of the gospel with solid theological content. It is a price that must be paid if God's approval on the work is expected, for people are rarely genuinely converted to faith in Christ by psychological manoeuvring, persuasive oratory or emotional stories. For the sake of those whom we would reach for Christ, authentic theology and evangelism must not be severed."[2]

Geloof en kennis gaan hand aan hand. Dit is wat hier deur Drummond beklemtoon word, want teologie is die wetenskaplike ordening van kennis van God en sy Woord. Nou het prof Engelbrecht dieselfde aspek ook beklemtoon. Hy het aangedui dat die geloof vanuit verskillende perspektiewe benader kan word en een daarvan is geloof as kennis. Hy skryf: "Die Bybel doen dit telkemale om die ware geloof en godsdiens onder hierdie gesigspunt van die kennis van God en sy gebod, en van die suiwere, regte *leer* te besien: Bekend is die feit dat God sy oordele deur die profete bekend maak omdat "Israel geen *kennis* het nie (Jes 1:3). (Die nuwe vertaling lui: ... maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie".) Verder word 'n beroep gedoen op Hosea 4:6; 6:6; Jesaja 11:9; 1 Korintiërs 15:34; 2 Korintiërs 2:14; Filippense 3:8. In sommige van die tekste word die uitenemendheid van die kennis van Jesus Christus geprys en "die gemeente van Jesus Christus opgewek om toe te

neem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus" (2 Pet 3:18).[3] Prof Engelbrecht gaan voort: "Die Woord van God gee daarom aan ons die opdrag om hierdie kennis aan ander te leer en by te bring – aan hulle wat hierdie kennis nog nie het nie, of nog nie so uitgebreid en helder besit nie."[4]

Wanneer Drummond nou wys op die onskeibaarheid van die teologie en die evangelisasie en Engelbrecht benadruk die kennisaspek van die geloof, dan behoort ons te verstaan dat dit hier gaan om die heilsplan van God in sy volle omvang (Hand 20:27). Anders gesê: In die evangelisasiewerk van die kerk gaan dit om die volle omvang van die kennis, want halwe kennis is gebrekkige kennis. Die kerk het dus bepaal wat die omvang van hierdie kennis is. Dit is neergelê as die minimum vereiste vir diegene wat belydenis van hulle geloof wil doen. Sonder dat die kerk die bybring van hierdie kennis gaan koppel het aan 'n bepaalde tydsduur, is dit algemene kennis dat dit soms jare duur, soos trouens die geval met die jong dooplidmate van die kerk is.

Wat meer is, die kerk het hierdie kennis dan ook georden en gesê so glo die kerk en so bely die kerk. Dit het gestalte gevind in die drie belydenisskrifte, naamlik *Die Heidelbergse Kategismus, Die Dordtse Leerreëls* en die *Nederlandse Geloofsbelydenis.*

Nou kom die vraag na vore: Hoe pas Campus Crusade in hierdie prentjie? Nou is dit reeds gestel dat as interkerklike organisasie Campus Crusade baie moeilik bereid sal wees om aan die eise te voldoen. As 'n mens dan ook nog die Wet en Bepalings, waarsonder die kerk nie georganiseerd en ordelik kan funksioneer nie, bybring, is dit duidelik dat Campus Crusade nie saam met die kerk en soos die kerk kan bely en werk nie. Die bewering word gemaak, want dit is 'n kenmerk van hierdie interkerklike organisasies "om al die konfessionele en dogmatiese beskouinge waaroor daar verskil van gevoel bestaan, te vermy".[5]

Campus Crusade kom met 'n verskraalde aanbieding van die Woord na vore. Die aanhaling van Drummond het dit reeds gestel dat evangelisasie nie met so 'n aanbieding kan slaag nie. 'n Studiegroep uit die geledere van die N G Kerk het ook tot die gevolgtrekking gekom dat die organisasie met 'n verskraalde teologie na vore kom. Hulle het bevind: "Enersyds streef Campus Crusade na die wydste moontlike trefkrag en bind hulle gevolglik nie aan afgren-

sende dogmatiese leerstellings nie. Andersyds wil hulle hulle tog laat bind deur stellings waaroor daar "algemene ooreenstemming tussen alle ware Christene was." Afgesien van die vraag wat met "ware Christene" bedoel word, kom so 'n standpunt daarop neer dat alle sake waaroor daar verskil van mening bestaan het, soos die verbond, die sakramente, die kerk, die aard van die werk van die Heilige Gees, vermy moet word. Wat oorbly is 'n verskraalde "evangelieverkondiging".[6] Ek sal later weer aandag gee aan die werk van die Heilige Gees. Oor die verbond word elders in die bundel gehandel. Laat ek hier volstaan met een opmerking en dit is, as ons die verbondsteologie ignoreer, het ons nie begryp waarom dit in die Heilige Skrif gaan nie. Ander leerstukke wat deur die kommissie uit die N G Kerke aangedui is, wat ook in die gedrang kom, is nog die erfsonde en die uitverkiesing.[7]

Tereg kom die betrokke kommissie tot die gevolgtrekking dat die besluit om sekere sake uit die Woord te vermy omdat daaroor verskille bestaan, moet lei tot 'n selektiewe gebruik van die Woord en dit lei tot skewe interpretasie en aanbieding van die inhoud daarvan.

In die verslag van die kommissie word mnr Grey, 'n leiersfiguur in Campus Crusade se woorde aangehaal, soos dit beskikbaar is op 'n kassetopname.[8] "Vandag as hy dieselfde soort *krag* wil verkondig (soos Andrew Murray) sê sommige van ons mense: 'Hy is piëtisties.' Piëtisties val in dieselfde klas as dweep. Piëtisties beteken: moet nou nie te ernstig raak nie – moet nou nie 'overboard' gaan nie. Maak of jy in die Here glo en Hom dien – maar gaan aan met dinge wat jy doen ... Die manne wat so teen die piëtiste praat *se ou werkies is maar power.* Dit lyk vir my so al of hulle 'n *gedaante van godsaligheid het maar niks krag het nie.* Ek wys gelukkig na niemand vingers nie en ek praat van niemand nie – so, skoene wat pas – ek gooi vir hulle skoene sodat hulle dit kan aantrek."

"'n Volgende aanhaling uit dieselfde voordrag wat pentekostalistiese beklemtoning van die kragwerking van die Gees aantoon:

"Hy praat van pastoor Reinhard Bonnke, 'n pentekostalistiese prediker met sy eie kerk, en sê van hom:

"Hy 'stick' by die Bybel en *hy het krag.* 'n Mens kan dit ook sommer sien, jy weet hy maak net sommer so met sy hande en sê: 'Ontvang die Heilige Gees' *en dan val 'n klomp ouens om. Ek dink dis krag."*

"'n Bietjie verder in dieselfde voordrag praat hy steeds oor die doping met die Heilige Gees met *krag* en met vuur en gaan dan verder: "Dis vir my vreeslik lekker om te praat as die Heilige Gees sê: "Sê dit en kry klaar! Ek wil dit nou maar weer herhaal vanaand hier ... die kasset word ook opgeneem ... enige iemand wat met my wil kom stry oor hierdie sake nooi ek hartlik uit en as hy enigsins *minder gelaai is met die Heilige Gees* sal ek oor hom loop soos 'n kruiptrekker oor 'n wurm ... in alle nederigheid."

Klaarblyklik is mnr Grey gemotiveer deur die opvattings van R Bright, stigter van Campus Crusade. Uit sy pen het 'n evangelisasie pamflet verskyn wat in Afrikaans vertaal is en waarin ons die volgende opmerking kry:

"Hoe ontsettend tragies is dit dat daar massas Christene is wat nie eers weet wie die Heilige Gees is nie, of, indien hulle dit tog weet, dan weet hulle nie hoe om sy krag vir hulleself toe te eien en te gebruik nie."[9] Ek moet eerlik erken dit is 'n totaal vreemde soort teologie! Ons glo anders. Ons glo ons kan nie die Heilige Gees manipuleer nie, nee, die Christen kan alleen in nederigheid biddend diensbaar aan die Heilige Gees wees; anders gesê, bid om deur die Heilige Gees gebruik te word in sy diens! Ons beskik nie oor God nie. God beskik oor ons.

Natuurlik kan ons nie anders nie as om groot vraagtekens te plaas agter sulke uitsprake. Natuurlik word hier geneig na die pentakostalisme, en daarmee saam is dit selfverheffende uitsprake. Hoe kan 'n mens 'n Christen wees sonder om te weet wie die Heilige Gees is? Die wese van die probleem moet ook na my mening daarin gesien word dat dit vir die Campus Crusade veel eerder gaan om die Heilige Gees as 'n krag, eerder as om die Heilige Gees te sien as die derde Persoon van die Drie-eenheid. Hierdie een enkele uitspraak van Bright is voldoende vir die kerk se lidmate om te weet dat hulle nie kan saamwerk met die organisasie nie.

Dieselfde outeur skryf in 'n ander pamflet, wat ook in Afrikaans vertaal is:

"... sommige mense vra die Here Jesus nie in geloof om in hulle lewe in te kom nie. Hulle *beledig Hom* deur Hom oor en oor te vra om in te kom. Vra Hom net een keer om u Verlosser te word, en dank Hom dan daarna as 'n geloofsdaad elke dag."[10] Beledig ons die Here as ons dit doen? Hier lê 'n wêreldse verskil tussen die kerk se

teologie en dié van Campus Crusade! Die stelling adem 'n metodistiese gees wat vir ons vreemd is! Trouens ten grondslag lê die hele beskouing oor wat bekering is. Bekering moet voortdurend plaasvind en is nooit volkome afgehandel nie, omdat die mens van nature geneig is om God en sy naaste te haat. Die mens moet telkens terugkeer na God toe. Maar afgesien daarvan, wat van die geduld van God? Die Skrif getuig herhaaldelik daarvan, ek noem net willekeurig enkele uitsprake: Psalm 86:15; 1 Korintiërs 13:4; 2 Petrus 3:9. Hoe kan die mens dan die Here beledig as jy jou juis na Hom toe wend? Is dit nie korrek wat in die formulier om die doop aan die kinders van gelowiges te bedien, staan nie? Daar staan duidelik: "As ons soms uit swakheid in sondes val, moet ons nie aan die genade van God twyfel of in sondes bly lê nie..."

Bright verkondig ook 'n ander siening van die mens as wat ons glo die Bybel aan ons voorhou. Hy skryf: "One of the greatest lies of the century is that men do not want God. Men are hungry for God."[11] Dit is nuut! As dit waar is dan het ons vadere die Bybel maar sleg verstaan, want in Sondag 2 van die *Heidelbergse Kategismus* word op die vyfde vraag geantwoord "ek is van nature geneig om God en my naaste te haat." Vir hierdie stelling word 'n beroep gedoen op onder andere Genesis 6:5; 8:21; Jeremia 17:9; Romeine 3:10–18; 7:23–25; 8:7; Efesiërs 2:3; Titus 3:3; 1 Johannes 1:8, 10.

Dieselfde gees straal uit 'n ander stelling van die Campus Crusade. In 'n pamfletjie: Het u al die wonderlike ontdekking van die geesvervulde lewe gemaak? word op bl 6 die onderskeiding gemaak dat daar vleeslike Christene is en hulle kan nie 'n oorvloedige en vrugbare Christelike lewe smaak nie en hulle geestelike ervaring is een van val en opstaan. Campus Crusade kan gevolglik ook nie dink dat Dawid 'n geestelike mens is nie! Nou moet ek sê dat ek ietwat probleme het met die onderskeiding vleeslik-geestelik. Ek verstaan dit nog altyd so dat die mens in sy totaliteit ter sprake kom, as dit gaan om die redding van die mens! Maar dit terloops. Dawid, die digter van soveel mooi Psalms, was maar erg vleeslik! 2 Samuel 11 vertel daarvan en as Dawid nou in Psalm 51 sy hart voor die Here uitstort – beledig hy die Here? En die arme Petrus! Campus Crusade het ook seker nie 'n hoë dunk van hom nie. Hy verloën die Here, tot drie keer toe! Hy het die Here beledig toe hy later driemaal verklaar dat hy die Here liefhet? (Joh 21:15vv). Die vleeslike Christen, so word

ook op bl 6 gesê, kan homself nie begryp nie ... Hy wil graag doen wat reg is, maar is nie daartoe in staat nie. Paulus het ook maar dieselfde stryd gestry! Hy skryf in Romeine 7:15: "Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek."[12]

Hieroor het die kommisie uit die N G Kerk ook kommentaar gelewer en verklaar hulle:

"Die indruk wat die diagramme skep, word uitdruklik bevestig deur die begeleidende kommentaar. Op bl 6 word as eienskap van die vleeslike Christen genoem dat sy lewe een is van val en opstaan. Die implikasie is duidelik: die geestelike Christen se lewe is *nie* een van val en opstaan nie! Daarmee word wesenlik 'n perfeksionistiese heiligingsleer gepropageer. Dit is in stryd met die Skrif dat die Christen ooit kan wegkom van 'n lewe van 'val en opstaan'. 'n In-die-oog-lopende voorbeeld is dié van Petrus. Selfs na pinksterdag moet hy op 'n keer nog deur Paulus (vgl Gal 2:11–14) berispe word omdat hy gehuigel het.

"'n Tweede opmerking stel dit ondubbelsinnig dat, in die onderskeid vleeslike Christen teenoor geestelike Christen, daar nie aan twee ordes van dieselfde Christenmens se bestaan gedink word nie, maar aan opeenvolgende, wedersyds uitsluitende fases. Op bl 8 kom die volgende formulering voor: 'Alhoewel die Heilige Gees in alle Christene woon, is alle Christene nie met die Heilige Gees vervul (beheers en toegerus) nie.' Die tweedeling van CCC berus op 'n wanbegrip van die NT, spesifiek Paulus, se spreke oor die vleeslike en die geestelike mens. Paulus het nl nie in sy beskrywing van die geestelike mens 'n sekere kategorie Christen op die oog wat uit die vleeslike toestand gegradueer het nie. Hy beskryf twee ordes waaraan die lewe van elke Christen onderworpe is, sodat elke Christen steeds opgeroep moet word om volgens die orde van die Gees te leef.

"Indien CCC maar wou aantoon dat die individuele Christen dikwels tussen die twee lewensbeginsels, vleeslik en geestelik migreer, sou die besware ondervang kon word. Intussen word 'n suksesgodsdiens in feite gepropageer wat in skrille kontras is met antwoord 114 (so 44) van die HK:

"... want selfs die allerheiligstes het, solank hulle in hierdie lewe is, nog maar 'n geringe begin van hierdie gehoorsaamheid, maar tog

so dat hulle met 'n ernstige voorneme begin om nie alleen volgens sommige nie, maar volgens al die gebooie van God te lewe."[13]

En ten laaste. Waar staan Campus Crusade in sy verhouding tot die kerk? As 'n mens hulle geskrifte lees, wil jy soms dink dat hulle mense wil aanmoedig om in 'n kerk tuis te kom. Hulle sê dit in sommige plekke. Ander kere moedig hulle hul volgelinge aan om hul eie groepies te stig. Telkens egter word die kerk op subtiele wyse afgekraak deur opmerkings van sogenaamde buitestaanders wat sê: "Moet my nie langer verpes om saam met jou kerk toe te gaan nie. Dit is duidelik dat dit jou niks goed gedoen het nie," of "Baie jongmense draai hulle rug op die kerk omdat hulle voel dat hulle ouers en ander volwassenes huigelaars is ..."[14] Ek kan ook nog ander voorbeelde noem, maar dit daar gelaat.

Die kommissie se bevinding is nog meer negatief as myne. Feit is dat dit vreemd is dat 'n organisasie wat voorgee dat hy wil evangeliseer, sulke uitsprake maak.

'n Mens sou kon voortgaan, daar is nog soveel verskillende aspekte wat uitgelig kan word, maar met die voorgaande inligting tot jou beskikking, is daar net een moontlike gevolgtrekking: In Campus Crusade het ons 'n organisasie wat totaal buite ons kerk staan waarteenoor die kerk ferm en beslis nee moet sê!

1. Dr C W Mönnich en F J Pop (Redaksie), *Wegen der Prediking*, Amsterdam, Uitgeversmaatschappij Holland, 1959, p v.
2. Lewis A Drummond, *Evangelism – the counter-revolution*, London, Marshall Morgan & Scott, 1972, pp 41, 42.
3. Prof dr B J Engelbrecht, *Die Wet van God*, Pretoria, HAUM sj p 1.
4. Ibid.
5. *Die Ned Geref Kerk en Campus Crusade for Christ*, p 4.
6. *Ibid* p 12.
7. *Ibid* p 13.
8. *Ibid* pp 15, 16.
9. R Bright, *Hoe om met die Heilige Gees vervul te word*, p 18.
10. R Bright, *Hoe om seker te wees dat u 'n Christen is*, p 39.
11. R Bright, *How to Witness in the Spirit*, p 59.
12. R Bright, (Afr vertaalde pamflet) *Het u al die wonderlike ontdekking van die geesvervulde.lewe gemaak?*, p 6.

12 Geloof en genesing

Ds G J J Labuschagne

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

In die afgelope tyd het die saak van geloofsgenesing sterk op die voorgrond getree, deur die optrede en beskouings van geloofsgenesers uit die kringe van die charismatiese beweging en die pinkstergroep. Genesingsveldtogte met "professionele" geloofsgenesers is in die jongste tyd weer aan die orde van die dag. In talle koerante en veral Sondagkoerante word genesingsdienste geadverteer en mense word uitgenooi om siekes te bring, sodat daar vir hulle gebid kan word. Die belofte van genesing, die sogenaamde "wondergenesing" word as hefboom gebruik om mense te beweeg om die dienste by te woon. Dit is daarom noodsaakik dat die kerk ook hierdie verskynsel sal bekyk en opnuut weer na die Bybelse boodskap in verband met hierdie saak sal luister.

2. SOORTE GENESINGS

In die algemeen kan gesê word dat daar geen enkelvoudige wyse is waarop genesing geskied nie. Inteendeel is daar 'n ryke diversiteit (verskeidenheid) waarop genesings kan geskied. Dit is sonder meer duidelik uit alledaagse waarneming, maar ook uit die Bybelse boodskap, dat die wyse waarop genesing van siekte geskied, soms totaal uiteenlopend is. Ter wille van duidelikheid en verstaanbaarheid, kan genesings in drie hooftipes onderskei word:

2.1 Natuurlike of spontane genesing

In hierdie geval geskied genesing op 'n spontane, natuurlike wyse sonder dat enige geneesmiddel gebruik word of sonder dat daar om genesing gebid word. Vanweë die inherente genesende kragte in die

menslike of dierlike liggaam, geskied genesing van siekte sonder die tussenkoms van enige buite-instansie of eksterne faktor. Dit is 'n alledaagse verskynsel dat 'n mens of dier siek word en na 'n periode weer geleidelik herstel en volkome gesond word. In die organisme self is daar ingeskape of ingeboude genesende kragte wat 'n siekte kan oorwin.

2.2 Middellike genesings

In hierdie geval geskied genesing as gevolg van die tussenkoms van 'n buite-instansie of -faktor. 'n Persoon of dier word siek en daar word na 'n geneesheer of veearts gegaan. Daar vind 'n deeglike ondersoek plaas en 'n diagnose word gemaak. Die geneesheer of veearts besluit om 'n bepaalde behandelingsmetode te volg, byvoorbeeld 'n middel (medisyne) word voorgeskryf, of daar word besluit om 'n chirurgiese ingryp in die organisme te doen ('n operasie), of om 'n bepaalde psigoterapeutiese tegniek aan te wend, ensovoorts. Die moontlikhede is legio. Genesing vind dus hier op 'n middellike wyse plaas, dit wil sê, een of ander middel of metode word aangewend om 'n bepaalde siekte te bestry. Genesings vind gewoonlik geleidelik plaas met verloop van 'n bepaalde periode, en kan volkome herstel te weeg bring.

2.3 Onmiddellike genesings

Gewoonlik word hieronder verstaan dat genesing onmiddellik, dit wil sê na 'n baie kort tydsverloop van enkele sekondes of minute plaasvind, as antwoord op die geloof of gebed van 'n sieke of ander gelowige. Hierdie wyse van genesing het 'n dramatiese en skouspelagtige karakter en kan as 'n "wonder" getipeer word.

Moderne geloofsgenesers werk gewoonlik met hierdie laaste kategorie. Siekes word uitgenooi na 'n genesingsdiens en ná Skriflesing en 'n kort boodskap word siekes uitgenooi om na vore te kom, die hande word gewoonlik op hulle gelê, daar word vir hulle gebid en "genesings" met 'n skouspelagtige en dramatiese karakter volg dan. Die sieke word gevra om te getuig van sy wonderbaarlike genesing en dikwels word in die openbare media van hierdie wonderwerke melding gemaak. Weens die aard van hierdie "genesings" kan dit as

sensasioneel en buitengewoon beskryf word. Van die talle mislukkings word gewoonlik geen melding gemaak nie. Dit word dikwels afgemaak as 'n teken van ongeloof. Die geloofskrisisse waarin hierdie ongelukkiges beland, word eenvoudig verswyg en min daarvan word in die openbare media vermeld.

3. GODDELIKE GENESING

Dit moet dadelik gesê word dat alle tipes en vorme van genesing goddelike genesing is. Hiermee word bedoel dat dit altyd en oral God is wat in onbegryplike groot genade genesing bewerk. Dit is Hy wat in die organisme (plant, mens of dier) genesende krag ingeskape of ingebou het, sodat spontane of natuurlike genesing kan plaasvind. Dit is Hy wat aan die mens 'n kultuuropdrag gegee het, om die aarde te bewerk, te onderwerp en te beheers. Die ontwikkeling van die tegniek en die wetenskap, ook die mediese wetenskap is nooit los van God se almag en soewereine werking nie. Ook die medici, sielkundiges en geneesmiddels kan deur Hom gebruik word as instrumente om die mens van lyding te verlos en genesing te bewerkstellig. Dit is God wat in sy soewereine handele en genade die gebed van die gelowige beantwoord en genesing bewerk, ook wondergenesings, soos en waar en wanneer Hy wil. God het *alles* te make met alle vorme of tipes van genesing.

4. GENESINGS IN DIE HEILIGE SKRIF

Wanneer genesings in die Heilige Skrif bestudeer word, is dit sonder meer duidelik dat God Hom nooit en nêrens aan *slegs een bepaalde* tipe of vorm van genesing verbind het nie. Daarom vind ons in die Bybel 'n ryke verskeidenheid van wyses waarop genesings plaasgevind het. In die een geval geskied genesing as antwoord op die gebed, in die ander geval as antwoord op die geloof van die sieke, soms as vrye genadedaad van God sonder gebed, dan weer as gawe van God, selfs sonder dat daar sprake is van geloof, ensovoorts. Ter illustrasie word enkele voorbeelde van die ryke diversiteit van genesings beskrywe.

4.1 Genesings op grond van die geloof van die sieke

Daar is gevalle waar genesing deur Jesus geskenk word op grond van die feit dat die sieke in Hom geglo het. So is daar die vrou wat aan bloedvloeiing gely het: "Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees" (Mark 5:34). (In alle gevalle word van die Nuwe Afrikaanse Vertaling gebruik gemaak.) Dan was daar die twee blindes wat deur Jesus genees is. Aan hulle het Hy gevra: "'Glo julle dat Ek dit kan doen?' 'Ja Here,' antwoord hulle Hom. Toe raak Hy aan hulle oë en sê: 'Wat julle glo, sal gebeur.' Hulle kon toe sien ..." (Matt 9:28–30).

4.2 Genesing van siekes op grond van die geloof van iemand anders

Somtyds het Jesus siekes genees op grond van die geloof van iemand anders. In hierdie gevalle word niks vermeld van die geloof of gebed van die sieke nie. Hiervan is die opwekking van die dogtertjie van Jaïrus 'n sprekende voorbeeld. Jaïrus was bewus daarvan dat sy dogtertjie reeds dood is (Mark 5:35). Nogtans pleit hy by Jesus om na sy huis te kom (Matt 9:18). Daarop het Jesus vir hom gesê: "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo" (Mark 5:36). Daarna het Jesus na sy huis gegaan en sy dogtertjie uit die dood opgewek. 'n Ander dergelike voorbeeld is die genesing van die slaaf van die offisier van Kapernaum. Vir hom het Jesus gesê: "Gaan terug, en wat jy geglo het, sal gebeur" (Matt 8:13). En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.

4.3 Genesing sonder geloof van die sieke

Die genesing van die besetene van Gadara het geskied sonder dat die besetene daarom gevra het – selfs ten spyte van sy vyandigheid omdat hy in die mag van duiwels was (Matt 8:28–34). Uit vrye genade kom Jesus en Hy gryp in in die lewe van hierdie ongelukkige man. So vra byvoorbeeld ook die verlamde man by die tempelpoort aan Petrus 'n aalmoes. Toe het Petrus vir die man gesê: "Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop!" (Hand 3:6). Vergelyk verder ook Johannes 5:6–8; Johannes 9:3–7; Matteus 4:24; 15:30, 31; Markus

1:32–34. Dit is duidelik dat in al hierdie gevalle daar van geloof by die sieke geen melding gemaak word nie. In liefde en genade gryp Jesus in die lewens van hierdie mense in en genees hulle.

4.4. Genesings na die aanwending van middels

Meermale is daar in die Heilige Skrif sprake van geneesmiddels wat aangewend word met die oog op herstel. Nêrens word die gebruik van geneesmiddels as sodanig veroordeel nie. Dit spreek vanself dat God ook middele kan gebruik om genesings te bewerk. En tog sou dit verkeerd wees om jou vertroue net in geneesmiddels te stel en nie ook in God nie. Ook geneesmiddels en geneeshere is instrumente in die hand van die almagtige God om genesings te bewerk. Lukas, die evangelis, was byvoorbeeld self 'n geneesheer en volgeling van Jesus (Kol 4:14).

In die Bybel is daar talle voorbeelde van middels wat aangewend word tot genesing, byvoorbeeld 2 Konings 20:5–7. Maar hieroor word later weer gehandel.

4.5 Geen genesing ondanks gebed

Daar is ook voorbeelde in die Bybel waar genesings nie plaasgevind het nie, ondanks geloof en gebed. Ook hieroor word later weer gehandel (bv 2 Kor 12). Hierdie enkele voorbeelde uit die Heilige Skrif is aangehaal om aan te toon dat daar geen enkelvoudige wyse is waarop God genees nie. In soewereiniteit handel Hy in vrye genade soos Hy wil, met wie Hy wil en wanneer Hy wil. Voor hierdie soewereiniteit van God moet ons as kleine en nietige mensies buig en aan Hom die eer gee wat Hom toekom.

5. DIE WIL VAN GOD

Hiermee het ons nou gekom by die vraag na die wil van God. In die kringe van hedendaagse geloofsgenesers word groot klem daarop gelê dat God altyd WIL genees en dat gesondheid die volmaakte wil van God vir sy kinders is. In hierdie kringe word geen rekening gehou met die soewereine wil van God en dat sy wil soms anders

kan wees as ons wense en begeertes nie. Is dit werklik *altyd* God se wil dat die gelowige *altyd* net gesond sal wees? Kan God nie ook soms 'n besondere doel met siekte en lyding hê nie?

Die Bybel leer uitdruklik dat God nie altyd wil genees nie en dat Hy met siekte ook soms 'n besondere doel kan hê. Daar is baie dinge wat met ons gebeur, wat ons nie kan begryp nie en wat vir ons raaisels in hierdie gebroke wêreld sal bly, maar wat tog in sy Raad opgeneem is en deur Hom toegelaat word. So sal siekte ook in 'n sekere sin altyd 'n raaisel van die aardse werklikheid bly, terwyl ons glo dat ons lewens en lotgevalle in sy hand is.

Die Skrif toon dat genesing nie altyd God se wil is nie. So was Paulus, wat so dikwels aan andere Jesus se mag tot genesing bewys het, self siek. "Julle onthou mos hoe dit gekom het dat ek die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het. Dit was deurdat ek siek geword het. En al was my toestand vir julle 'n versoeking om my te verag of selfs te verfoei, het julle dit nie gedoen nie ..." (Gal 4:13, 14). In sy tweede brief aan Timoteus skryf Paulus dat hy Trofimus in Milete siek agtergelaat het (2 Tim 4:20). Sonder twyfel sou hy tog of kon hy tog vir sy vriend gebid het. Ook Timoteus self sukkel met ongesteldheid en Paulus raai hom aan om 'n bietjie wyn (destyds ook beskou as geneesmiddel) vir sy maag te gebruik (1 Tim 5:23). Paulus self worstel met die doring in die vlees. Sommige geleerdes meen dat dit waarskynlik een of ander vorm van 'n kwaal of siekte kon gewees het. Tot driemaal toe het hy God gebid om hom hiervan te verlos. Maar die Here het met die doring in die vlees 'n bepaalde doel gehad: "sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie". Daarom het die Here sy gebed soos volg beantwoord: "My genade is vir jou genoeg ..." (2 Kor 14:7–9).

Ons moet dus aanvaar dat daar ook 'n positiewe sy aan siekte kan wees en dat God soms 'n besondere doel met 'n siekbed kan hê. Hieroor word later meer gesê.

6. DIE GEBED OM GENESING

Dit is 'n heerlike waarheid dat die gelowige sy nood en kommer, ook sy siekte, in die gebed aan die Here mag opdra. Die gebed van die gelowige het groot krag. Die beloftes wat aan die gebed gekoppel

word, is ruim en wonderlik. Dink maar aan die uitsprake van Jesus: "Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het en dit sal vir julle so wees" (Mark 11:24). Ook in die geval van ernstige siekte het die Bybel vir ons 'n duidelike riglyn gegee. "As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom en hulle moet vir hom bid en hom met olie salf onder aanroeping van die Naam van die Here. En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak" (Jak 5:14, 15). Dit is dan ook die voorreg van ampsdraers om siekes in die gebed aan die Here op te dra. Daagliks doen groot getalle ampsdraers siekebesoek en doen voorbidding vir siekes. Ons kan nie anders as om te glo dat God in antwoord op die gelowige gebed, siekes sal genees nie. Dit is 'n belofte van die Here.

En tog het dieselfde Jesus wat al hierdie heerlike belofte, ten opsigte van die gebed gemaak het, ook duidelike *grense* aan die gebed gestel. Die gebed mag nooit 'n *dwingende karakter* hê, sodat dit 'n soort instrument word waarmee ons God probeer dwing om te doen wat ons graag wil hê en wat ons dalk in selfsug begeer nie. So het Hy ons in die Onse Vader geleer om te bid: "Laat U wil óók op die aarde geskied net soos in die hemel" (Matt 6:10). Self het Hy ook gebid net soos Hy ons geleer het: "... moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil" (Matt 14:36). Volgens hierdie voorbeeld het Johannes dan ook duidelik gesê: "En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets *volgens sy wil vra*" (1 Joh 5:14). En die Skrif leer ons dat genesing van elke sieke nie altyd volgens God se wil is nie.

Natuurlik beteken dit nie dat ons nou skepties of ongelowig moet wees, wanneer ons bid nie. Dit beteken slegs dat ons moet buig voor die wil van God. Aan die een kant moet ons met hoë verwagting en volharding bid, maar aan die ander kant moet ons lyding aanvaar wanneer dit sy wil is. Hierin is daar vir die gelowige iets ondeurgrondeliks, waarvoor ons in aanbidding moet buig.

Teenoor hierdie korrekte en Bybelse houding van die gelowige, staan so dikwels die vreemde en dwingende houding van baie geloofsgenesers. Jesus se optrede en Petrus wat die sieke beveel, is vir hulle voorbeelde wat ons moet naboots. Van 'n werklike gebed is hier byna geen sprake meer nie. Lydingsaanvaarding is 'n begrip

wat buite hulle gebedsopvatting lê. Die gebed word 'n formule, byna 'n towerformule, om genesing af te dwing. Teen hierdie dwingende karakter van die gebed, het ons ernstige beswaar!

7. DIE VERBAND TUSSEN SONDE EN SIEKTE

Daar was tye in die geskiedenis toe die idee van die vergeldingsleer sterk gefunksioneer het. So het byvoorbeeld Job se drie vriende aan die vergeldingsleer vasgehou, dat Job gestraf word vir een of ander verborge persoonlike sonde wat gepleeg is. Job self het dit egter sterk afgewys.

Dat daar wel 'n algemene verband tussen sonde en siekte is, kan nie betwyfel word nie. Deur die sonde het siekte, lyding en dood in die wêreld gekom. Dat daar wel *soms* 'n direkte oorsaaklike verband tussen sonde en siekte bestaan, staan eweneens vas, byvoorbeeld veneriese geslagsiektes. Dat daar egter altyd 'n direkte verband tussen 'n bepaalde siekte en 'n bepaalde sonde bestaan, is nie waar nie en kan nie bewys word nie. Müller formuleer die Bybelse visie oor hierdie saak baie goed: "Siekte is 'n sigbare teken van die sondige staat waarin die mens en mensheid hul bevind" (Geloofsgenesing, bl 23, 1963).

Die Heilige Skrif leer ons dat siekte wel deeglik *soms* die gevolg is van 'n persoonlike sonde wat begaan is. Dink maar aan die geskiedenis van Mirjam (Num 12:1–10), Gehasi (2 Kon 5:27), koning Joram (2 Kron 21) en ander. In hierdie gevalle is dit duidelik dat God die sonde met siekte in een of ander vorm straf.

Aan die ander kant is dit ook waar dat siekte nie noodwendig altyd die gevolg is van een of ander bepaalde sonde wat die mens begaan het nie. Waarskynlik het hierdie verkeerde opvatting ook in die dae van Jesus by sy dissipels geleef.

In die geskiedenis van die blindgeborene sê Jesus onomwonde en baie duidelik: "Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word" (Joh 9:3). Byna dieselfde gedagte vind ons in die geskiedenis van die opwekking van Lasarus: "Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie maar op die openbaring van die mag van God sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word" (Joh 11:4).

Opsommend kan ons dus sê dat die sonde die breë agtergrond vorm van siekte, lyding en dood, maar dat dit beslis nie altyd waar en korrek is om agter elke siekte 'n direkte verband met 'n bepaalde sonde te soek nie.

8. GENEESHERE EN GENEESMIDDELS

In sekere sektariese kringe en by sommige geloofsgenesers is daar 'n besliste vyandige en afwysende houding teenoor geneeshere en geneesmiddels. Die gebruik van geneesmiddels en die inroep van geneeshere is by hulle 'n duidelike teken van ongeloof. 'n Mens kry soms die indruk dat hulle meen geneeshere en geneesmiddels is instrumente van die Satan!

Hierdie houding moet ten sterkste afgewys word. Die mediese wetenskap is nie 'n uitvindsel van die Satan nie. Die keuse wat gemaak moet word tussen God en die geneesheer is om die minste te sê, belaglik. Wel sou dit verkeerd wees om met *uitsluiting* van God 'n geneesheer te raadpleeg en jou vertroue enkel en alleen op geneesmiddels en medisyne te stel. Nee, geneeshere en geneesmiddels is wel deeglik instrumente in die hand van God om lyding en leed te versag en te bestry.

Die Bybel wil die goeie reg van geneeshere handhaaf (Gen 50:2; Jer 8:22; Matt 9:12; Mark 2:17). Lukas, die evangelis, self 'n geneesheer, was 'n volgeling van Jesus en metgesel van Paulus.

Die Heilige Skrif ken ook wel deeglik die gebruik van geneesmiddels, al was hierdie middele van destyds nog eenvoudig en nie naastenby van die hoë standaard van vandag nie. So het Jesaja opdrag gegee "dat hulle 'n vyekoek moet bring en op die sweer moet sit en die koning (Hiskia) het beter geword" (2 Kon 20:7). Ook is blare van bome gebruik om te genees (Eseg 47:12). Jesus self het soms middele gebruik. Die Jode het aan spuug 'n sekere geneeskragtigheid toegeken. By een sieke smeer Jesus spuug aan die tong (Mark 7:33), by 'n ander maak Hy klei van die spuug en smeer dit aan die oë (Joh 9:6). Laodisea was bekend om die oogsalf wat daar vervaardig is. Hierop word gesinspeel in Openbaring 3:18. So is daar talle en talle voorbeelde in die Bybel waar van geneeskunde en geneesmiddels melding gemaak word.

Geneeshere mag geraadpleeg en geneesmiddels mag gebruik word, ook deur die gelowige, en wel in biddende opsien tot die Here.

9. DIE SEËN VAN BEPROEWINGS

Daar is ook 'n keersy aan lyding en siekte. Ons mag nie vergeet dat in die swaarste en diepste lyding, ook die element van seën verskuil mag wees nie. "Die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem" (Heb 12:8). Lyding kan ook ten doel hê om die mens te beproef, soos in die geval van Job. Dan wil siekte die mens weer op sy knieë bring en hom sy kleinheid en nietigheid, sy totale afhanklikheid van God, laat besef (Joh 42:1–6). Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet (Rom 8:28).

Om gelowig siek te wees, beteken ook dat ons soms lyding in ootmoed moet aanvaar as 'n middel in God se hand om ons weer opnuut aan Hom te bind, om ons te leer om van oomblik tot oomblik uit sy hand te lewe. Die Christen ken ook iets soos positiewe lydingsaanvaarding. Die Christen kan ook werklik sin en betekenis in lyding ontdek: die loutering van die geloof en die wyse waarop hy sy lyding tot voorbeeld van andere kan dra. So kan gelowig siekwees tot verheerliking van God dien.

Kital